

**Die samehang tussen hoop, selfkonsep en copinggedrag by 'n groep kinders  
in die middelkinderjare**

**Ronél Pretorius**

**Honneurs B.A.**

Verhandeling ingedien ter nakoming van die vereistes vir die Graad

**Magister Artium in Psigologie**

aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. C. van Eeden

Mede studieleier: Prof. M.P. Wissing

Vanderbijlpark 2003

## **DANKBETUIGINGS**

- My Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie studie te voltooi.
- Baie spesiale dankie aan Mamma, Pappa en Peetma vir julle geduld en hulp.
- Charl en Cindy vir julle hulp met die afneem van die vraelyste.
- Dr C van Eeden vir al die insette, leiding en verwerking van die data.
- Prof. M Wissing vir al haar insette en raad.
- Dr A Strydom van die GDO Sedibeng-Oos vir haar reëlings om toestemming te verkry vir die studie.
- Die skoolhoofde van Laerskole Suikerbos, Vryheidsmonument, Milton en Sonlandpark sonder wie se toestemming die studie nie moontlik sou wees nie.
- Die leerlinge van hierdie skole wat hul hoop, selfsiening en copinggedrag met my gedeel het en die ondersoek moontlik gemaak het.
- Dr A Lombard vir die skooltyd wat ek kon gebruik om my studie te voltooi.
- Mev Linda Beukes vir die taalversorging.

## OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek was om die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by kinders in die middelkinderjare te bepaal.

Hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag, soos wat dit voorkom by kinders in hul middelkinderjare, is vanuit die literatuur gekonseptualiseer en daar is aangedui in watter mate hierdie drie konsepte met mekaar verband hou.

Om die kinders se hoopvlakke, selfkonsep/-esteem en copinggedrag te bepaal, is drie vraelyste gebruik, naamlik die **Children's Hope Scale (CHS)**, die **Piers-Harris Children's Self-Concept Scale (PHCSCS)** en die **Life Events and Coping Inventory (LECI)**. Die ondersoekgroep het uit seuns en dogters en wit en swart respondentie bestaan en almal het die drie vraelyste beantwoord. Die etiese vereistes, selfs in ondersoeke soos hierdie, is nagekom.

Beskrywende statistiek, psigometriese analise van die meetinstrumente, beduidende verskille tussen subgroepe (seuns/dogters en wit/swart) en korrelasie-ontledings is bepaal met behulp van die STATISTICA-rekenaarprogram. Dit blyk dat die gemiddelde tellings van die CHS en die PHCSCS goed vergelyk met resultate wat in die literatuur gerapporteer is, maar die LECI se gemiddelde tellings is baie laer as dié wat vermeld is. Die Cronbach-alfabetroubaarheidsindeks toon dat die hoopskaal (CHS) 'n matig tot goeie betrouwbaarheidsindeks het, die selfkonsepskaal (PHCSCS) 'n bevredigend tot uitstekende betrouwbaarheidsindeks en die copinggedragskaal (LECI) se betrouwbaarheidsindeks is swak tot bevredigend. Die konstrukgeldigheid van die skale wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag meet, is met 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding bepaal en die resultate ondersteun die konstrukgeldigheid van die betrokke skale vir gebruik by die huidige ondersoekgroep.

Daar is geen beduidende geslagsverskille ten opsigte van die hoopskaal gevind nie, maar wel ten opsigte van copinggedrag en selfkonsep/-esteem. Beduidende kultuurverskille ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag het voorgekom.

Uit die resultate blyk dit dat daar beduidende korrelasies bestaan tussen die hoopskaal en aspekte van die selfkonsepskaal. Geen verband tussen hoop en copinggedrag kon in die huidige ondersoek gevind word nie. Daar is wel beduidende verbande tussen die selfkonsepskaal en die copinggedragskaal. Hierdie verbande is ook prakties betekenisvol.

Om te bepaal of copinggedrag wel deur hoop en selfesteem voorspel kan word, is daar gebruik gemaak van `n meervoudige regressie-ontledingsmodel wat op die huidige data toegepas is. Copinggedrag (LECI) is beskou as die afhanklike veranderlike en hoop (CHS) en selfkonsep/-esteem (PHCSCS) as die onafhanklike veranderlikes of voorspellers. Die bevinding is dat hoop en sekere aspekte van selfesteem, goeie voorspellers van copinggedrag is. Aanbevelings vir verdere navorsing is ten slotte gemaak.

## SUMMARY

The purpose of this study was to determine the concomitance between hope, self-concept/-esteem and coping behaviour in children in the middle childhood years.

Hope, self-concept/-esteem and coping behaviour, as it occurs in children in their middle childhood years, have been conceptualised from literature and an indication has been given to the extent these three concepts are related.

In order to determine the hope levels of children, self-concept/-esteem and coping behaviour, three questionnaires were used, namely the **Children's Hope Scale (CHS)**, the **Piers-Harris Children's Self-Concept Scale (PHCSCS)** and the **Life Events and Coping Inventory (LECI)**. The study group comprised boys and girls and white and black respondents and all of them answered all three questionnaires. The ethic requirements applicable to studies like these, were met.

Descriptive statistics, psychometric analysis of the measuring instruments, significant differences between subgroups (boys/girls and white/black) and correlation analysis were determined by means of the STATISTICA computer program. It seems that the average scores of the CHS and the PHCSCS compares well with the results reported in literature, but the average scores of the LECI are much lower than those recorded. The Cronbach alpha reliability index indicates that the hope scale (CHS) has a moderate to good reliability index, the self-concept scale (PHCSCS) has a satisfactory to excellent reliability index and the reliability index of the coping behaviour scale (LECI) is poor to satisfactory. The construct validity of the scales that measure hope, self-concept/-esteem and coping behaviour, has been determined with a confirmative main component factor analysis and the results support the construct validity of the specific scales for use in the current study group. No significant gender differences were found in terms of the hope scale, but there were differences in terms of self-concept/-esteem and coping behaviour. Significant cultural differences occurred in terms of hope, self-concept/-esteem and coping behaviour.

Based on these results it seems that significant correlations exist between the hope scale and aspects of the self-concept scale. No correlation could be established between hope and coping behaviour in the current study. A significant correlation does however exist between the self-concept scale and the coping behaviour scale. The correlations are practically significant.

To determine whether coping behaviour could be predicted by hope and self-esteem, a multiple regression analysis model was used and applied to the current data. Coping behaviour (LECI) was used as the dependant variable and hope (CHS) and self-concept/-esteem (PHCSCS) as the independant variables or predictors. It was found that hope and certain aspects of self-esteem are good predictors of coping behaviour. Recommendations were finally made for further research.

## **FIGURE EN TABELLE**

Figuur 1:	Model van die hoopteorie .....	18
Figuur 2:	Die multidimensionele selfkonsep.....	26
Figuur 3:	Diagrammatiese voorstelling van coping .....	32
Figuur 4:	Die emosionele copinghiërargie .....	36
Tabel 1:	Areas waarin kinders hul eiewaarde evalueer.....	25
Tabel 2:	Gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings op al die meetinstrumente vir die Totale Groep: (N = 461).....	57
Tabel 3:	Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse vir al die meetinstrumente (N = 461) .....	62
Tabel 4:	Gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille op al die meetinstrumente vir die geslagte: Seuns (N = 214) Dogters (N = 247).....	67
Tabel 5:	Gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille op al die meetinstrumente vir die kultuurgroepe: Wit (N = 350) Swart (N = 111) .....	71
Tabel 6:	Korrelasiekoeffisiënte soos verkry by die totale groep tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag: (N = 461) .....	75

## INHOUDSOPGawe

DANKBETUIGING .....	i
OPSOMMING .....	ii
SUMMARY .....	iv
FIGURE EN TABELLE .....	vi

### **HOOFSTUK 1**

<b>KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING.....</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Kontekstualisering .....	1
1.3 Probleemstelling .....	3
1.4 Doelstelling.....	7
1.5 Hipoteses.....	8
1.6 Begripsomskrywing.....	8
1.7 Samevatting en vooruitskouing .....	9

### **HOOFSTUK 2**

<b>HOOP, SELFKONSEP EN COPINGGEDRAG IN DIE MIDDELKINDERJARE .....</b>	<b>10</b>
2.1 Inleiding.....	10
2.2 Die ontwikkeling van die middelkinderjarige kind .....	10
2.2.1 Fisiiese ontwikkeling .....	10
2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling.....	11
2.2.3 Sosiale ontwikkeling.....	12
2.2.4 Emosionele ontwikkeling .....	13
2.2.5 Persoonlikheidsontwikkeling.....	13
2.2.6 Morele ontwikkeling.....	14
2.2.7 Evaluerende samevatting .....	14
2.3 Hoop in die middelkinderjare.....	15
2.3.1 Inleiding .....	15
2.3.2 Die hoopteorie .....	15
2.3.3 Drie vlakke van hoop .....	19
2.3.4 Hoop, prestasie en probleemoplossing .....	20
2.3.5 Hoop en sosiale interaksie .....	20
2.3.6 Hoop en geslag .....	21

2.3.7 Hoop, kultuur en verwante aspekte .....	21
2.3.8 Operasionalisering van die hoopkonstruk .....	22
2.3.9 Evaluerende samevatting .....	23
<b>2.4 Selfesteem in die middelkinderjare .....</b>	<b>23</b>
2.4.1 Inleiding .....	23
2.4.2 Ontwikkeling van selfesteem of eiewaarde .....	24
2.4.3 Multidimensionele selfkonsep .....	26
2.4.4 Vriendskap, groepsidentiteit en selfesteem .....	27
2.4.5 Selfesteem en geslag .....	28
2.4.6 Selfesteem en kultuur .....	29
2.4.7 Operasionalisering van die selfesteemkonstruk .....	29
2.4.8 Evaluerende samevatting .....	29
<b>2.5 Copinggedrag in die middelkinderjare .....</b>	<b>30</b>
2.5.1 Definisie .....	30
2.5.2 Die copingproses .....	30
2.5.3 Kinders se copinggedrag .....	33
2.5.3.1 Die kognitiewe gedragsdomein .....	33
2.5.3.2 Die kognitief-intrapsigiese domein .....	34
2.5.3.3 Die interpersoonlike copinggedragsdomein .....	34
2.5.4 Vriendskap as copingstrategie .....	35
2.5.5 Emosionele intelligensie as copingstrategie .....	35
2.5.5.1 Definisie .....	35
2.5.5.2 'n Model/hiërargie van emosionele intelligensie .....	36
2.5.5.3 Emosionele intelligensie by kinders .....	37
2.5.6 Copinggedrag en geslag .....	38
2.5.7 Copinggedrag en kultuur .....	39
2.5.8 Operasionalisering van die copingkonstruk .....	39
2.5.9 Evaluerende samevatting .....	40
<b>2.6 Die verband tussen hoop, selfesteem en copinggedrag in die middelkinderjare .....</b>	<b>40</b>
2.6.1 Inleiding .....	40
2.6.2 Hoop en copinggedrag .....	41
2.6.3 Hoop en selfesteem .....	42
2.6.4 Copinggedrag en selfesteem .....	43
<b>2.7 Evaluerende samevatting .....</b>	<b>44</b>

## **HOOFTUK 3**

<b>EMPIRIESE ONDERSOEK .....</b>	<b>46</b>
3.1 Inleiding .....	46
3.2 Metode van ondersoek .....	46
3.2.1 Doelstellings .....	46
3.2.2 Navorsingsontwerp .....	47
3.2.3 Studiepopulasie .....	47
3.2.4 Navorsingsprosedure .....	47
3.2.5 Meetinstrumente .....	48
3.2.5.1 Children's Hope Scale (CHS) .....	48
3.2.5.2 Piers-Harris Children's Self-Concept Scale (PHCSCS) .....	50
3.2.5.3 Coping Inventory (CI) .....	53
3.2.6 Dataverwerking .....	55
3.3 Evaluerende Samevatting .....	55

## **HOOFTUK 4**

<b>RESLTATE EN INTERPRETASIE VAN RESULTATE .....</b>	<b>56</b>
4.1 Inleiding .....	56
4.2 Beskrywende statistiek, betroubaarheid en geldigheid .....	56
4.2.1 Evaluasie van gemiddelde tellings .....	56
4.2.2 Evaluasie van die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrumente .....	61
4.3 Beduidende verskille tussen subgroepe .....	66
4.3.1 Beduidende verskille tussen seuns en dogters .....	66
4.3.2 Beduidende verskille tussen wit en swart deelnemers .....	70
4.4 Verbande tussen Hoop, Selfkonsep/-esteem en Copinggedrag in hierdie studie .....	74
4.5 Die voorspelling van Copinggedrag deur Hoop en Selfkonsep/-esteem .....	77
4.6 Evaluerende samevatting .....	78

## **HOOFTUK 5**

<b>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....</b>	<b>80</b>
5.1 Inleiding .....	80
5.2 Samevatting en gevolgtrekkings .....	80
5.2.1 Samevatting en gevolgtrekkings op grond van die literatuurstudie .....	80
5.2.2 Samevatting en gevolgtrekkings op grond van die empiriese studie .....	84

5.2.3	Bydrae van hierdie studie .....	89
5.2.4	Leemtes van hierdie studie .....	90
5.2.5	Aanbevelings .....	90
5.2.5.1	Aanbevelings vir verdere navorsing.....	90
5.2.5.2	Aanbevelings vir praktiese implementering van bevindinge .....	91
5.3	Slot.....	91
	<b>BIBLIOGRAFIE.....</b>	<b>92</b>

# HOOFSTUK 1

## KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Hierdie studie handel oor die samehang tussen hoop, selfbeeld en copinggedrag by kinders in die middelkinderjare. In hierdie hoofstuk word inleidend gekyk na die kontekstualisering en probleemstelling en doelwitte en hipoteses word geformuleer.

### 1.2 KONTEKSTUALISERING

Die tradisionele neiging in die geesteswetenskappe om slegs te fokus op negatiewe aspekte van menswees en hoe om dit te verbeter/verander is besig om tot 'n einde te kom. Daar word al meer klem gelê op positiewe aspekte en die bevordering daarvan.

Myers (2001) spreek homself sterk uit oor die noodsaaklikheid van fokusverskuiwing wanneer hy sê: *During its first century, psychology understandably focused much of its attention on understanding and alleviating negative states. We have studied abuse and anxiety, depression and disease, prejudice and poverty. ...articles on selected negative emotions since 1887 have outnumbered those on positive emotions by 14 to 1. Similarly, the 14 964 articles on 'crime' dwarf the 1 155 articles on 'virtue'. 'Anger' (8 166 articles) has outstripped 'forgiveness' (416). And 'fear' (18 602 articles) has triumphed over 'courage' (671).*

Diener (1984), in Strack, Argyle en Schwarz (1991, p. 1) stem hiermee saam: *Most interestingly, psychology has been preoccupied less with the conditions of well-being, than with the opposite: the determinants of human unhappiness.*

Seligman glo, volgens Myers (2001), dat soos wat ons die nuwe millennium binnegaan, groeiende Westerse kulture 'n goeie geleentheid het om 'n meer positiewe sielkunde te skep – 'n sielkunde wat nie net werk met swakheid en skade nie, maar ook met sterkte en deugsaamheid/doeltreffendheid. Vir Seligman (1999) is sielkunde baie groter as die genesing van geestesprobleme of siektes: *I think it's about bringing out the best in people; it's about positive institutions; it's about strength of character.*

'n Nuwe paradigma is dus besig om te ontwikkel en word beskryf deur die konstrukte salutogenese en fortigenese. Hierdie paradigma veronderstel dat dit op 'n metateoretiese vlak belangrik is om te fokus op

mense se gesondheid, sterktes, kapasiteit en welsyn (Wissing, 2000). Volgens Antonovsky (1979) is **salutogenese** die oorsprong van gesondheid en word gesondheid in plaas van siekte in die salutogene perspektief bestudeer. Strümpfer (1995) het 'n stap verder gegaan en 'n meer omvattende konstruk as Antonovsky voorgestel, nl. **fortigenese** wat die oorsprong van menslike sterktes, fisies, psigologies, sosiaal en ander, beteken.

Wissing en van Eeden (1997) identifiseer 'n nuwe domein of subdissipline in die sielkunde. Hierdie nuwe ontwikkelende subdissipline word psigofortologie genoem (dit is die studie van psigologiese sterktes), analoog aan psigopatologie, positiewe sielkunde van Seligman en Csikszentmihalyi (2000) en hedoniese sielkunde van Kahneman, Diener en Schwarz (1999). Volgens Wissing (2000) kan die psigofortologie as subdissipline dien om die aard, manifestasies, patronen en oorsprong van psigologiese welsyn/gesondheid/algemene welstand te bestudeer, asook wyses waarop psigologiese welsyn verhoog en bevorder kan word en menslike kapasiteite ontwikkel kan word.

Seligman (1999) en Myers (2001) onderskei drie pilare van positiewe sielkunde. Die eerste is positiewe subjektiewe ervarings wat uit drie dele bestaan, nl. verlede, hede en toekoms. Die verlede word gekenmerk deur welstand, voldaanheid en tevredenheid. Hede verteenwoordig geluk/blydskap, ekstase en sensuele genot. Die toekoms behels optimisme en hoop.

Die tweede is positiewe individuele karakterienskappe wat fokus op die ontdekking en bevordering van deugde soos kreatiwiteit, dapperheid, deernis, integriteit, selfbeheersing, leierskap, wysheid, geestelikheid en estetiese waardes.

Positiewe groepe, gemeenskappe en kulture wat streef na 'n positiewe sosiale ekologie – insluitend gesonde gesinne, betrokke gemeenskappe, effektiewe skole, sosiaal verantwoordelike media en beskaafde dialoog - vorm die laaste pilaar. Volgens Seligman en Csikszentmihalyi (2000, p. 5) is die ontstaan van positiewe sielkunde 'n hoogtepunt vir die sielkunde: *A science of positive subjective experience, positive individual traits, and positive institutions promises to improve quality of life and prevent the pathologies that arise when life is barren and meaningless.*

Vanuit die ontwikkelende perspektiewe van positiewe sielkunde en psigofortologie gaan daar in hierdie studie gekyk word na die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by 'n groep kinders in die middelkinderjare.

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Die tydperk tussen ongeveer die 6de en 12de lewensjare staan algemeen bekend as die middelkinderjare. Volgens Louw, Schoeman, van Ede en Wait (1996) is hierdie tydperk van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling. Ontwikkeling op hierdie terreine stel die kind in staat om 'n steeds beter greep op sy/haar leefwêreld te kry, 'n leefwêreld wat gestimuleer word deur die dramatiese uitbreiding van die omgewing, wat op sy beurt sosialisering en leerervarings aanbied.

Erikson het, volgens Meyer (1997), agt ontwikkelingstadia geïdentifiseer, waarvan elke stadium 'n ontwikkelingskrisis as kern het. Die menslike ontwikkeling strek oor die totale lewensloop en elke ontwikkelingskrisis moet tydens elke stadium deurgewerk word in die lig van die individu se totale ontwikkelingsvermoëns op daardie stadium. Volgens Meyer verteenwoordig die middelkinderjare die lewenskrisisse *arbeidsaamheid* en *minderwaardigheid* en die suksesvolle oplossing hiervan lei tot 'n gevoel van *bekwaamheid*. Meyer sê dat kinders vanself 'n sin vir arbeidsaamheid ontwikkel. Hulle leer om die werktuie van hul kultuur te hanteer en word ywerige medewerkers aan enige produktiewe proses. Santrock (1996) sluit hierby aan deur te noem dat kinders se inisiatief hul in kontak bring met 'n magdom nuwe ondervindings. Hy wys daarop dat kinders in die middel en laat kinderjare se energie gerig is op die bemeesterung van kennis en intellektuele vaardighede. Dit is belangrik dat die samelewung hierdie neigings van die kinders tegemoetkom deur geleenthede vir leer en samewerking te skep. Indien kinders onsuksesvol is in die aanleer van die vaardighede van hulle kultuur, kan dit tot die ontwikkeling van 'n gevoel van minderwaardigheid lei. Meyer sê dat 'n gesonde balans bereik word in die egokwaliteit bekwaamheid, dit wil sê die ontwikkeling van 'n gevoel van bekwaamheid of vaardigheid, wat een van die voorwaardes is vir suksesvolle deelname aan die kulturele prosesse van produktiwiteit en die latere materiële versorging van hulself en/of 'n gesin. Hoe kinders oor hulself voel of hulself ervaar gaan daarom 'n belangrike rol speel in hul daaglikse funksionering (Meyer, 1997).

Volgens Van der Westhuizen (1989) is die laerskoolkind in staat om 'n situasie vanuit verskillende perspektiewe te beskou en om verskeie aspekte van dieselfde saak gelyktydig te oorweeg. Hy/sy kan ook in sy/haar denke perspektiewe uit een situasie op 'n ander oorplaas. Hy/sy kan 'n verskeidenheid denkhandelinge uitvoer, sodat hy/sy kan deurdring tot dit wat tot die oplossing van die probleem lei. Die omvangryke kognitiewe ontwikkeling van die kind stel hom in staat om sy wêreld beter te beheers, daarom verstaan hy ook ander persone se beskouinge.

Morele wording sluit hierby aan, want die wyse waarop 'n kind gaan optree word bepaal deur die manier waarop die kind die situasie beskou. Morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders

beginsels aanleer wat hulle in staat stel om bepaalde gedrag as ‘reg’ en ander as ‘verkeerd’ te beoordeel, en om hulle eie gedrag in terme van hierdie beginsels te rig (Vander Zanden, 1989 in Louw, 1996). Volgens Van der Westhuizen (1989) raak die kind gedurende die laerskooljare gedurig gekonfronteer met gedragsnorme en -voorskrifte. Die kind luister nie net na wat gesê word nie, maar hy/sy kyk en volg na. Die navolgingswaardige identifikasiefiguur is onontbeerlik vir die toeëiening van sedelike norme, sodat ‘n waardeskaal en gewete gevorm kan word. Die kind wysig dan sy/haar gedrag om met sy/haar waardestelsel in ooreenstemming te kom sodat hy/sy deur die gemeenskap aanvaar kan word.

Die sosiale omgewing vorm ‘n kind se leefwêreld, daarom is dit belangrik dat die kind se gedrag tot voordeel van homself en die omgewing sal wees. Craig (1996, p. 382) gee ‘n goeie beskrywing van sosiale ontwikkeling as hy sê: *In middle childhood, children must come to terms with the subtleties of friendship and authority, with expanding or conflicting sex roles, and with a host of social rules and regulations. One way they do this is through the process of direct socialization: receiving rewards for desirable behaviour and punishments for undesirable behaviour, and observing and imitating models. Social learning helps children acquire appropriate behaviours and attitudes.*

Emosionele ontwikkeling is nog ‘n belangrike kenmerk van die middelkinderjare. Kinders moet leer om hul emosies op ‘n gepaste manier in die sosiale omgewing uit te druk. Volgens Louw et al. (1996) raak die kinders meer onafhanklik en selfgenoegsaam. Hulle bereik groter emosionele buigbaarheid en emosionele differensiasie. Hul emosies word meer spesifieker, divers en gesofistikeerder. Namate die kinders ouer word, raak hulle in staat om emosionele etikette soos ‘woede’, ‘vrees’, ‘treurigheid’, ‘geluk’ en ‘hoop’ te identifiseer en aan hulle innerlike gevoelens toe te dig. Hulle begin beter verstaan hoe ander mense voel en waarom hulle wel so voel. Hulle raak beter in staat om hulle emosies in bedwang te hou en om hulle gevoelens weg te steek.

Die selfkonsep ontwikkel volgens Kaplan (2000, p. 421) uit ‘n kombinasie van terugvoer wat kinders van maats, ouers en onderwysers ontvang, asook hulle evaluering van hul eie subjektiewe ervarings. Kinders is egter nie net passiewe ontvangers van terugvoer nie, maar evaluateer hul eie ervarings: *They experience themselves as being good, bad, aggressive, calm, or honest, and compare their experience against a standard set by society, parents, peers, and finally themselves. Even in the absence of direct feedback, they evaluate these experiences.* Kaplan (2000, p. 421) noem ook dat die selfkonsep ‘n invloed het op hoe inligting verwerk word en gee dan die volgende voorbeeld: *If children think they are bad, they will believe such feedback from other people. In this way, the self-concept can set a self-fulfilling prophecy in motion. Believing that someone will say something negative causes children to interpret neutral feedback as negative.*

Papalia en Olds (1989), aangehaal deur Louw et al. (1996), noem dat kinders ‘n konsep ontwikkel van

hoe hulle is (die ware self) en ook van hoe hulle graag wil wees (die ideale self). Die ideale self omsluit baie van die norme wat hulle geleer het en dit help hulle ook om hul impulse te beheer ten einde as 'n "goeie" persoon beskou te word. Louw et al. sê verder dat die selfkonsep beïnvloed word deur die mate waarin die kind sy eie gedrag kan reguleer. Dit is dus belangrik dat die kind die vertroue ontwikkel dat hy aan persoonlike en sosiale verwagtings kan voldoen. 'n Gesonde selfkonsep/-esteem in kinders word in die literatuur geassosieer met psigologiese gesonde kenmerke soos hoop, gevoelens van bekwaamheid en probleemoplossende copinggedrag (Snyder et al., 1997).

Hoop word beskou as 'n dispositionele kenmerk by die kind in die middelkinderjare. Snyder (2000, p. 8) beskryf hoop as ...*the sum of perceived capabilities to produce routes to desired goals, along with the perceived motivation to use those routes*. Hoop verwys dus na doelwitte en die persoonlike oortuiging dat doelbereikingsdenke (pathways) bedink kan word, wat sal lei tot doelgerigte denke (*agency*) waardeur doelwitte suksesvol bereik kan word. Dit blyk dat die doelbereikingsdenke (*pathways*) 'n kognitiewe komponent van hoop is en *agency* (doelgerigte denke) die gedragskomponent.

Snyder (2000) veronderstel dat hoop alreeds in die kinderjare ontwikkel en dat die manier waarop kinders hul doelwitte beskou en nastreef 'n verskil kan maak in die manier waarop hulle stressors hanteer. Volgens Snyder et al. (1997, p. 400) word kinders se hoop gekonseptualiseer in terme van positiewe verwagtinge.

Die outeurs definieer die kind se hoop as volg: *Children's hope is defined as a cognitive set involving the beliefs in one's capabilities to produce workable routes to goals (the pathways component), as well as the self-related beliefs about initiating and sustaining movement toward those goals (the agency component)*. Hoop word geassosieer met psigologiese aanpassing en gesondheid by beide volwassenes en kinders. Snyder et al. (1997) het bevind dat hoop in kinders verband hou met persepsies van skolastiese sukses, sosiale aanvaarding, atletiese vermoë en fisiese aantreklikheid. Hoop hou ook verband met positiewe emosionele balans, positiewe attribusiestyl, hoër eiewaarde en ervaring van hulself as bekwaam om eise te bemeester (Snyder, Cheavens en Michael, 1999).

Elke kind word gevorm deur die interaktiewe samespel van al die onderskeie ontwikkelingsvlakke asook ander aspekte en faktore wat invloede daarop het. Sodanige veranderlikes gaan 'n invloed hê op die kind se selfkonsep en dit, saam met sy vermoë tot hoop gaan bepaal hoe die kind in sy/haar omgewing gaan optree en lewensomstandighede hanteer. Plug, Meyer, Louw en Gouws (1993, p. 37) noem hierdie gedrag behartigingsgedrag of copinggedrag: *Enige gedrag wat deel vorm van 'n persoon se aanpassing by spanning, versteurings of eise van die omgewing, maar wat nie 'n verandering van sy doelstellings*

verteenwoordig nie. Snyder en Dinoff (1999, p. 5) bevestig bogenoemde stelling: ...*coping is a response aimed at diminishing the physical, emotional, and psychological burden that is linked to stressful life events and daily hassles.*

Snyder et al. (1997) het bevind dat hoop, kinders in staat stel om hulself te assosieer met positiewe gebeure in hul omgewing en te distansieer van negatiewe gebeure. Dit word gesien as 'n aanpasbare coping proses waardeur kinders hul gevoel van bemeestering verhoog en hul gevoelens van angstigheid en magteloosheid verminder.

Uit die bogaande uiteensetting blyk dit duidelik dat die kind se ontwikkeling tydens die middelkinderjare deels kulmineer in 'n bepaalde selfkonsep wat 'n groot invloed gaan hê op sy/haar toekoms. Die ontwikkeling van selfkonsep of selfbeeld konsolideer tydens die middelkinderjare. Hoop is daarnaas 'n positiewe dispositionele kenmerk met betrekking tot doelwitverwagting en -bereiking wat vermoedelik uit die kognitiewe, emosionele en selfontwikkeling van die middelkinderjare spruit. Copinggedrag van die middelkinderjare kind blyk verder die gevolg te wees van die ontwikkeling van die selfkonsep en die vestiging, of nie, van 'n dispositionele hoopkenmerk. In die lig hiervan word met die studie beoog om te bepaal of daar 'n verband is tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by kinders in die middelkinderjare.

Ander aspekte wat by hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag in enige ondersoek in ag geneem moet word is geslags- en kultuurverskille. Tydens die middelkinderjare is kinders weens die invloede van die portuurgroep baie bewus van die verskille tussen seuns en dogters. Seuns en meisies het 'n verskillende uitkyk op die lewe en hoe hulle dinge gaan benader. In hierdie studie gaan daar gepoog word om vas te stel of daar verskille bestaan tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by seuns en dogters.

Kultuur omvat alles wat 'n groep mense het, dink en doen. Ferrante (1995, p. 109) gee die volgende samevattende definisie vir kultuur: *Culture consists of tangible and intangible components... people inherit and learn a culture... and culture is a tool that people use to evaluate other societies and to adapt to problems of living.* Hieruit kan aangelei word dat kultuur sal beïnvloed hoe kinders hulself sien, doelwitte stel en nastreef en deur copinggedrag hul lewenseise hanteer. Hierdie navorsing beoog om kultuurverskille wat mag voorkom, in ag te neem.

**Die algemene navorsingsvraag in die studie is:**

**Wat is die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by 'n groep kinders in die middelkinderjare?**

**Spesifieke navorsingsvrae is:**

1. Hoe word hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag asook die verband tussen die konstrukte gekonseptualiseer vanuit die literatuur?
2. Wat is die psigometriese eienskappe van die meetinstrumente wat in hierdie ondersoek gebruik word.
3. Wat is die vlakke van hoop, selfkonsep/-esteem en van copinggedrag in 'n groep kinders in hul middelkinderjare
4. Bestaan daar beduidende verskille tussen seuns en dogters ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag?
5. Bestaan daar beduidende verskille tussen kinders uit verskillende kulture ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag?
6. Bestaan daar verbande tussen die meetinstrumente wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag verteenwoordig in hierdie ondersoek?
7. In watter mate kan die operasionalisering van die hoopkonstruksie en van selfkonsep/-esteem, copinggedrag in hierdie ondersoek voorspel?

#### **1.4 DOELSTELLINGS**

**Die doelstellings van die studie is om te bepaal:**

**Algemene doelstelling:**

**Wat die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by kinders in die middelkinderjare is.**

**Spesifieke doelstellings:**

1. Hoe hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag asook die verband tussen die konstrukte vanuit die literatuur gekonseptualiseer word.

2. Wat die psigometriese eienskappe van die meetinstrumente is wat in hierdie ondersoek gebruik is.
3. Wat die vlakke van hoop, van selfkonsep/-esteem en van copinggedrag in 'n groep kinders in hul middelkinderjare is.
4. Of daar beduidende verskille bestaan tussen seuns en dogters ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag.
5. Of daar beduidende verskille bestaan tussen kinders uit verskillende kulture ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag.
6. Of daar verbande bestaan tussen die meetinstrumente wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag in hierdie ondersoek verteenwoordig.
7. In watter mate die operasionalisering van die hoopkonstruksie en van selfkonsep/-esteem, copinggedrag in hierdie ondersoek kan voorspel.

## 1.5 HIPOTESES

1. Vanweë die beskrywende aard van doelstellings 1, 2 en 3 hierbo word geen hipoteses gestel nie.
2. Daar bestaan beduidende verskille tussen die tellings van seuns en dogters.
3. Daar bestaan beduidende verskille tussen die tellings van kinders uit verskillende kulture.
4. Daar bestaan betekenisvolle verbande (korrelasies) tussen die indekse wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag meet in hierdie ondersoek.
5. Die geoperasionaliseerde meting van die hoopkonstruksie en van selfkonsep/-esteem sal copinggedrag voorspel.

## 1.6 BEGRIPSONSKRYWING

### Kultuurbegrippe

Die onderskeid tussen wit en swart deelnemers is aanduidend van verskillende kulturele groepe en is gebaseer op die feit dat sulke groepe historiese ervarings, groepsidentiteit en sosiale norme deel van die manifestasies van hoop, selfkonsep en copinggedrag mag beïnvloed (Phinney, 1996).

### Selfkonsep

Die konsep Self, is in die menswetenskappe problematies vanweë die vele wyses waarop die woord gebruik word. Daarby word die begrip selfkonsep omring deur baie teenstrydighede en gebrek aan ooreenstemming in die literatuur oor die konseptualisering daarvan.

In hierdie studie word selfkonsep gebruik en gekonseptualiseer in die uitgebreide sin as die konsep van self, so volledig as wat dit moontlik is om te ervaar en saamgestel uit beide objektiewe (beskrywende) en subjektiewe (evaluerende) selfsienings. In die teks sal selfkonsep/-esteem dikwels verbind word en selfesteem ook afgewissel word met soortgelyke begrippe soos eiewaarde en selfwaarde/-waardering wat dieselfde impliseer (sien ook Hoofstuk 2).

## **1.7 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING**

Hierbo is daar gekyk na die kontekstualisering en probleemstelling van hierdie ondersoek. Die doelwitte en hipoteses is ook geformuleer.

In die volgende hoofstuk sal die literatuurstudie soos volg aangebied word:

- Konzeptualisering van die hoopkonstruk vanuit die literatuur,
- Konzeptualisering van selfkonsep/-esteem vanuit die literatuur,
- Konzeptualisering van copinggedrag vanuit die literatuur en
- Die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag vanuit die literatuur.

## HOOFSTUK 2

### HOOP, SELFKONSEP/-ESTEEM EN COPINGGEDRAG IN DIE MIDDELKINDERJARE

#### **2.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word kinders se algemene ontwikkeling tydens middelkinderjare kortlik bespreek, asook gekyk na die rol van geslag en kultuur. Die drie hoofkonsepte, nl. hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag sal afsonderlik bespreek word vanuit die perspektief van ontwikkeling tydens die middelkinderjare en die samehang tussen die drie konsepte sal bespreek word.

Psigoloë is eens dat die middelkinderjare van kritieke belang is vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling. Louw, Schoeman, van Ede en Wait (1996) meen dat ontwikkeling op hierdie terreine die kind in staat stel om beter begrip van sy/haar leefwêreld te vorm en hierdie leefwêreld word gestimuleer deur die uitbreiding van sy/haar sosiale omgewing. Louw et al. (1996) lê klem op 'n ewewigtige ontwikkeling gedurende die middelkinderjare, want hierdeur word 'n stiewige fondament vir latere ontwikkeling gelê.

Volgens Louw et al. (1996) moet die kind tydens die middelkinderjare die volgende take bemeester:

- Verdere verfynde motoriese ontwikkeling
- Die vaslegging van geslagsrolidentiteit
- Die ontwikkeling van konkreet-operasionele denke
- Die uitbreiding van kennis en die ontwikkeling van skolastiese vaardighede
- Die uitbreiding van sosiale deelname
- Die ontwikkeling van groter selfkennis
- Die ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit.

#### **2.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND**

##### **2.2.1 FISIESE ONTWIKKELING**

Van der Westhuizen (1989) is van mening dat die kind se fisiese ontwikkeling die volgende behels. Die kind se ledemate groei vinniger as die romp. Kinders is baie aktief en verloor gewoonlik dan hul babavet. Hulle kry permanente tande en hul gesig verander. Die spierkoördinasie word verfyn, sodat hul kan leer skryf. Kinders ontwikkel meer krag, groter koördinasie en ratsheid, sodat hul in sport tot redelike

prestasies in staat is. Newman en Newman (1987), aangehaal deur Louw et al. (1996), verklaar dat die aanleer en verfyning van n verskeidenheid van psigomotoriese vaardighede een van die uitstaande ontwikkelingskenmerke tydens hierdie tyd is. Kinders verkies daarom meestal aktiwiteite wat motoriese vaardighede vereis.

Volgens Louw et al. (1996) is die motoriese ontwikkeling van kinders tot voordeel vir verskeie fasette van hul persoonlikheidsontwikkeling. Hul ontwikkel ook op intellektuele gebied deur middel van die aanleer van vaardighede soos skryf, teken, verf en bespeling van musiekinstrumente. Kinders se sosiale ontwikkeling word bevorder deur hul deelname aan individuele en spansporte. Hierdeur leer hulle om reëls te gehoorsaam en om met spanlede saam te werk en oor die weg te kom. Kinders vorm 'n liggaamsbeeld as deel van hul selfkonsep/-esteem deurdat hulle hulself vergelyk met ander in hul portuurgroep. Die seun wat bv. die sterkste is en die meisie wat die beste netbal speel geniet gewoonlik groter aansien en openbaar gevolglik 'n positiewe selfkonsep/-esteem.

### **2.2.2 KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Louw et al. (1996) noem dat die kind op hierdie stadium 'n groot deel van die dag in die skool deurbring, daarom sal sy/haar kognitiewe vaardighede baie ontwikkel. Hulle leer om te skryf, reken en lees. Daar word van kinders verwag om die inligting wat hulle leer te onthou en dit te gebruik om probleme op te los.

Van der Westhuizen (1989) beweer dat vanweë die konkrete-operasionele denkvaardighede, die laerskoolkind in staat is om 'n situasie vanuit verskillende perspektiewe te beskou en om verskeie aspekte van dieselfde saak gelyktydig te oorweeg. Hulle kan ook in hul denke perspektiewe uit een situasie op 'n ander oorplaas en 'n verskeidenheid denkhandelinge uitvoer, sodat hulle kan deurdring tot dit wat tot die oplossing van 'n probleem lei. Kinders is ook toenemend in staat tot buigsame denke, omdat hulle verstaan dat 'n saak uit subklasse kan bestaan. *Die omvangryke kognitiewe ontwikkeling van die kind stel hom in staat om sy wêreld beter te beheers, daarom verstaan hy ook ander persone se bekouinge* (Van der Westhuizen, 1989:12).

Daar bestaan kulturele verskille ten opsigte van kognitiewe kenmerke soos waargeneem kan word in skoolprestasie. McClelland (1955) in Craig (1996) meen dat kultuur 'n rol speel in skoolprestasies. Die rede waarom sommige kinders beter presteer as ander hou verband met die waardes van die kultuur waarin hulle grootword. Nadat McClelland verskeie periodes in die geskiedenis van verskillende kulture vergelyk het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat prestasiemotivering – die ywer om sukses en uitmuntendheid te bereik – 'n kulturele waarde is. In elke gemeenskap sal sommige groepe meer waarde

aan prestasie heg as ander. Verskillende kulture/subkulture heg ook waarde aan verskillende tipes prestasie. Een groep sal bv. meer waarde aan opvoedkundige doelwitte heg, terwyl 'n ander groep klem lê op sosiale sukses. Kinders wie se ouers waardes beklemtoon wat van die skool s'n verskil sal minder gemotiveerd wees ten opsigte van akademiese take. Hulle sal eerder hul behoeftes vir prestasie na ander areas kanaliseer.

### 2.2.3 SOSIALE ONTWIKKELING

Sosiale ontwikkeling behels 'n kind se behoefte vir menslike kontak en die ontwikkeling van sy/haar sosiale vaardighede. Kinders leer sosiale vaardighede aan deur middel van direkte sosialisering en deur waarneming van ander. Sosiale leer help kinders om die gepaste gedrag en houdings aan te leer. Navorsing het bevind dat sosiale verhoudings en verwagtings die vorming en vaslegging van waardes en houdings beïnvloed. Die modellering van sosiale verhoudings deur volwassenes bring mee dat kinders hulle eie waardes, houdings en gedrag daarvolgens vorm om sosiaal in te pas en aanvaar te word.

Kinders leer ook van die sosiale wêreld deur middel van die proses van **sosiale kognisie** wat verwys na gedagtes, kennis en begrip oor die sosiale wêreld. Soos wat kinders meer volwasse raak verander hul begrip van die sosiale wêreld. Craig (1996) wys daarop dat sosiale kognisie 'n baie belangrike determinante van kinders se gedrag in die middelkinderjare word. Kinders moet tydens die fase leer hoe om die kompleksiteit van vriendskap en regverdigheid, sosiale reëls en maniere, geslagsrolgewoontes, onderdanigheid aan gesag en morele wette te verstaan en hanteer. Hulle moet die sosiale wêreld rondom hulle fyn waarneem en toenemend die begingsels en reëls daarvan verstaan en toepas.

Craig (1996) dui aan dat die ontwikkeling van sosiale kognisie op dieselfde manier as ander tipes kognitiewe ontwikkeling plaasvind. Hy noem drie komponente van sosiale kognisie in die middelkinderjare:

- **Sosiale gevolgtrekking** verwys na raairey en veronderstellings oor wat 'n ander persoon voel, dink en bedoel;
- **Die kind se begrip van verhoudings** - kinders versamel geleidelik inligting en begrip oor vriendskapsverpligtinge soos regverdigheid en lojaliteit, respek vir gesag en konsepte van reg en geregtigheid; en
- **Begrip vir sosiale reëls** soos gebruikte en metodes - baie van hierdie reëls word aangeleer deur van rolmodelle te leer. Later wyk hulle selfs in 'n mate af daarvan afhangende van die kind se vermoë om korrekte sosiale afleidings te kan maak en om sosiale verhoudings te kan verstaan en te kan internaliseer.

Kinders se natuurlike neiging tot egosentrisme neem aansienlik af in die middelkinderjare. Hulle fokus nie meer op net een aspek van 'n situasie nie en kan beter sosiale gevolgtrekkings maak. Hierdie vordering maak dit vir 'n kind moontlik om blywende en bevredigende vriendskappe met ander te vorm. Dit beïnvloed ook die kind se vermoë om oor morele kwessies te dink (Craig, 1996).

#### 2.2.4 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Ten aansien van kinders in die middelkinderjare se emosionele ontwikkeling sê Santrock (1996, p. 359) *When we think about children's emotions, a few dramatic feelings, such as rage, fear, and glorious joy, usually spring to mind. But emotions can be subtle as well – the mild irritation of boredom, the uneasiness of being in a new situation.*

Volgens Santrock (1996) is die een eienskap van 'n emosie wat uitstaan, of dit positief of negatief is.

**Positiwe affektiwiteit (PA)** verwys na 'n verskeidenheid van positiwe emosies, soos energiekheid, entoesiasme, opgewondenheid asook om kalm en stil te wees en teruggetrokkenheid. Vreugde, geluk en vrolikheid kenmerk meestal positiwe affektiwiteit. **Negatiewe affektiwiteit (NA)** verwys na emosies wat negatief ingestel is, soos angstigheid, woede, skuldgevoel en hartseer.

Bretherton et al. (1986), in Santrock (1996), wys daarop dat aanpassing en oorlewing, regulering en kommunikasie die drie hooffunksies van emosies is.

By **aanpassing en oorlewing** is verskeie vrese, soos vrees vir die donker en vir skielike veranderinge in die omgewing aanpasbaar, want daar is 'n duidelike verband tussen die gevreesde situasie en moontlike gevare.

In terme van **regulering** beïnvloed emosies die inligting wat kinders uit hul waarnemingswêreld kies asook die gedrag wat hulle openbaar. Kinders wat gelukkig voel sal bv. meer aandag gee aan hul studies as kinders wat hartseer voel.

Emosies word by **kommunikasie** gebruik om ander in te lig oor hul gevoelens en behoeftes. Kinders wat glimlag vertel vir ander dat hulle lekker/aangenaam voel terwyl kinders wat somber lyk vertel dat daar iets verkeerd/onaangenaam is.

#### 2.2.5 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Louw, Louw en Schoeman (1993) noem dat die selfkonsep die faset van persoonlikheidsontwikkeling in die middelkinderjare is wat die meeste aandag in die literatuur geniet. Die skrywers sê verder dat die selfkonsep baie vinnig gedurende hierdie fase ontwikkel. Newman en Newman (1987), aangehaal deur Louw et al. (1993), beskou hierdie tydperk as 'n kritieke periode vir die ontwikkeling van die selfkonsep. Die skrywers beweer dat kinders nou 'n selfkonsep ontwikkel van hoe hulle is (die ware self) en ook van hoe hulle graag wil wees (die ideale self). Die ideale self behels die norme wat kinders geleer het en dit

help hulle om impulse te beheer ten einde as 'n goeie mens beskou te word. Louw et al. (1996) sê dat die selfkonsep ook beïnvloed word deur die mate waarin kinders hul eie gedrag kan reguleer. Die kind moet die vertroue ontwikkel dat hy/sy aan persoonlike en sosiale verwagtings kan voldoen.

Kinders beskryf hulself toenemend nie meer in terme van aktiwiteit nie, maar in terme van hoe goed hulle dit kan doen. Hulle ontwikkel nou die vermoë om akkurate beoordelings van hulself te maak.

## **2.2.6 MORELE ONTWIKKELING**

Van der Westhuizen (1989) is van mening dat die kind gedurende die middelkinderjare gedurig gekonfronteer word met gedragsnorme en -voorskrifte. Kinders luister nie net na wat gesê word nie, hulle kyk en volg na. Van der Westhuizen (1989, p. 16) sê dat...*die navolgenswaardige identifikasiefiguur onontbeerlik is vir die toeëiening van sedelike norme, sodat 'n waardeskaal en gewete gevorm kan word.* Kinders pas hul gedrag aan, sodat dit in ooreenstemming is met hul waardestelsel en gevolglik deur die gemeenskap aanvaar sal word. Tydens hierdie stadium van prekonvensionele morele ontwikkeling is kinders baie gesteld op regverdigheid en sal ander lede van hul portuurgroep teregwys om ook die norme en waardes te eerbiedig.

## **2.2.7 EVALUERENDE SAMEVATTING**

Die middelkinderjare is dus 'n belangrike tyd vir die fisiese en motoriese, kognitiewe, sosiale, emosionele, persoonlikheids- en morele ontwikkeling van die kind. Gedagtig daaraan dat Erikson hierdie tydperk die kritiese fase vir bemeesterung versus minderwaardigheid (*industry versus inferiority*) noem, blyk dit uit die bovenoemde dat alle beskikbare energie van die kind nou aangewend word om die interne en eksterne omgewing te bemeester. Dit is vir kinders essensieel dat hulle in dié fase gedragsvaardig word en ook aanvaar word; dat hulle ontdek dat hulle self en hulle identiteit belangrik is; dat hulle dinge kan doen en suksesvol doelwitte kan bereik; in kort, dat hulle ervaar dat hulle bevoeg (*industrious*) en in staat (*competent*) is. Die ontwikkeling van die kind tydens die middelkinderjare word dus gekenmerk deur die aanleer van baie eiesoortige vaardighede wat hom/haar in staat stel om fisies, kognitief, emosioneel en sosiaal so te funksioneer dat hulle aanvaar word deur hul ouers, portuurgroep en ander kultuurgroepe en sodoende 'n selfbeeld kan ontwikkel wat hulle sal bemagtig in hul verdere ontwikkeling deur adolessensie na volwassenheid.

In die volgende afdeling sal daar gekyk word na die rol wat hoop in die middelkinderjare speel.

## **2.3 HOOP IN DIE MIDDELKINDERJARE**

### **2.3.1 INLEIDING**

Lazarus (1999, p. 653) stel dit op treffende wyse dat: *A fundamental condition of hope is that our current life circumstance is unsatisfactory – that is, it involves deprivation or is damaging or threatening. We are concerned about what is going to happen and hope that there will be a change for the better. But because the future is uncertain, we cannot know what is going to happen with any confidence. And if what we want or need is foreclosed, hopelessness would be an alternative state of mind. Yet we need to hope, sometimes desperately, and usually manage to do so under even the bleakest of circumstances. Therefore, hope must be a vital psychological resource in our lives; without it, there would be little to sustain us.*

Volgens Roberts, Brown, Johnson en Reinke (2002, p. 666) word hoop gedefinieer as...*a cognitive set involving an individual's beliefs in his or her capability to produce workable routes to goals (waypower or pathways) and beliefs in his or her own ability to initiate and sustain movement toward those goals.* Die skrywers beweer dat hoop 'n belangrike begrip is om te verstaan hoe kinders die stressors in hul lewe hanteer, dit vermy om in probleemgedrag "gedompel" te word en vorige ervarings gebruik om strategieë vir die nastrewing van doelwitte op 'n aanpassende en effektiewe manier, te ontwikkel.

Snyder et al. (1997) noem dat kinders geneig is om positief bevoorioordeeld te wees in terme van hul persepsies van die toekoms en Roberts et al. (2002, p. 666) voeg by deur te sê: *This bias may be appropriate to help children develop and sustain positive outcome thoughts even if they are realistically untenable, because it appears that high-hope children do this as they successfully deal with stressful events in childhood.* Volgens die auteurs is die meeste kinders vanself hoopvol en selfs kinders met min hoop sal nie sommer aandui dat hulle geen hoop het nie – hulle het ten minste in sommige opsigte hoop. Snyder et al. (1999) is van mening dat die hoopteorie voorstel dat die neiging tot hoopvolheid gedurende die kinderjare ontwikkel en dat sodanige hoopvlakke tot in volwassenheid behou word. Volgens Roberts et al. (2002) korreleer metings van kinders se hoopvolheid positief met hul bekwaamheid en kinders met hoë hoopvlakke toon dat hulle meer positief oor hulself en minder depressief voel, as kinders met laer hoopvlakke. Roberts et al. (2002) verwys na Snyder et al. (2000) wie se navorsing daarop dui dat selffesteem die resultaat is van die ontwikkeling van hoop (deur middel van die identifisering van doelwitte en maniere om dit te bereik).

### **2.3.2 DIE HOOPTEORIE**

Snyder et al. (1999, p. 207) verklaar dat: *According to this new theory, hope is the thinking process in which people have a sense of agency and pathways for goals. Together, goals, pathways, and agency*

*form the motivational concept of hope.* Die skrywers voeg by dat hoop 'n wedersydse gevoel van suksesvolle (i) *agency* (doelgerigte denke) en (ii) *pathways* (doelwitbereikingsdenke) is.

Alhoewel die komponente van hoop wederkerig is en positief verwant is aan mekaar, is hulle nie eenders nie. Om die beweging na lewensdoelwitbereiking vol te hou, moet beide *agency* en *pathways* aktief wees. Die twee konsepte is nodig om hoop te definieer, maar elkeen op sy eie is nie voldoende nie. ...*hope does not entail just one iteration of thinking, in which a person first assesses agentic and then the available pathways thoughts, thereafter initiating goal-directed behaviours, nor is it the case that one pathways thought unleashes the agency thinking that leads to goal-directed behaviour* (Snyder et al., 1999, p. 207). Op alle stadiums van doelgerigte gedrag hou die interaktiewe herhaling van *agency/pathways* en *pathways/agency* aan en versterk mekaar. Daar blyk ook wedersydse beïnvloeding te wees waarin 'n verandering in die een 'n verandering in die ander een tot gevolg sal hê.

### **Doelwitgedagtes (-denke)**

Die teiken van hoopvolle gedagtes is die doelwit. Persone met baie hoop konseptualiseer hulle doelwitte duidelik en persone met minder hoop is meer onseker oor hul doelwitte. (Snyder et al., 1999, p. 207). Snyder, Feldman, Shorey en Rand (2002a) sien doelwitte as *hoped-for ends*. 'n Doelwit is enigets wat 'n individu begeer om te hê, te doen, te wil wees, te ervaar of te skep. Doelwitte kan kort- of langtermyn wees en verskeie ander subdoelwitte hê, maar die doelwitte moet voldoende waarde hê om bewuste gedagtes besig te hou. Doelwitte moet ook bereikbaar wees, maar 'n sekere graad van onsekerheid is dikwels aanwesig. Snyder et al. (1997) noem dat die meeste kinders die intellektuele vermoë het om hoopvolle, doelgerigte denke te gebruik.

### **Doelbereikingsdenke/Pathway**

*In order to reach their goals, people must view themselves as being capable of generating workable routes to those goals* (Snyder, Rand & Sigmon, 2002b, p. 258). Hierdie proses word doelbereikingsdenke of *pathways* genoem. Dit behels die persepsie dat 'n persoon in staat is om ten minste een bruikbare roete na die verlangde doelwit te produseer. Die produksie van verskeie roetes is belangrik veral wanneer hindernisse teëgekom word. Mense met hoë hoopvlakke kan alternatiewe roetes vind en hulle doen dit effektief.

### **Doelgerigte denke/Agency**

Snyder et al. (2002b) en Snyder et al. (1999) sê dat doelgerigte denke/*agency* die motiveringskomponent van die hoopteorie is. Dit reflekter die waargenome vermoë om roetes te gebruik en sodoende die doelwitte te bereik. *Agentic thinking reflects the*


*self-referential thoughts about both starting to move along a pathway and continuing to progress along the pathway* (Snyder et al., 2002b, p. 258). Hierdie denke is baie belangrik vir alle doelwitbereiking, maar

veral wanneer hindernisse teëgekom word. Gedurende sulke omstandighede help doelgerigte denke/*agency* die persoon om die nodige motivering toe te pas sodat die beste alternatiewe roete gebruik kan word.

### **Hindernisse**

Farina, Hearth en Popovich (1995 in Snyder et al. 2002b), sê dat hoop deur ander skrywers gehipotetiseer is as 'n emosie, maar hulle beklemtoon die denkprosesse in die hoopteorie. Hulle neem aan dat positiewe emosies die gevolg is van suksesvolle doelwitnastrewing, wat weer die resultaat kan wees van ongehinderde vordering na gewenste doelwitte, of die oorkoming van probleme of hindernisse in doelwitbereiking.

Negatiewe emosies is daarenteen die produk van onsuksesvolle doelwitnastrewing. Die persepsie van onsuksesvolle doelwitnastrewing kan ontstaan as gevolg van onvoldoende doelbereikingsdenke/*pathway* en/of doelgerigte/*agentic* denke, of die onvermoë om 'n hindernis te oorkom. Volgens Snyder et al. (1999) kan hindernisse negatiewe emosionele reaksies ontlok, maar mense met hoë hoop ervaar nie dieselfde graad van negatiwiteit as lae-hoop mense wanneer hulle teengehou word nie. Hierdie positiewe emosionele reaksie vind waarskynlik plaas omdat mense met hoop alternatiewe roetes kan bedink wanneer die oorspronklike roete geblokkeer word. Indien hoopvolle mense dus gekonfronteer word met hindernisse het hulle die motivering om alternatiewe roetes te gebruik. Snyder et al. (1999, p. 208) vat dit saam deur te sê: *Therefore, hopeful thought not only operates to facilitate success during unimpeded goal pursuits, but it is also especially helpful when encountering barriers. Accordingly, higher hope helps people to deal more successfully with the stressful events in their lives.*



Figuur 1: Model van die hoopteorie van Snyder et al. (2002b, p. 259)

Snyder et al. (2002b) se voorgestelde hoopmodel (figuur 1) verteenwoordig die konseptuele opeenvolging van doelgeoriënteerde gedagtes in die hoopteorie.

Die etiologie van die doelbereikingsdenke/*pathways* en doelgerigte denke/*agency* verskyn aan die linkerkant van die model. Dit is die proses waardeur kinders leer dat sekere gebeurtenisse met mekaar verband hou en later dat gebeurtenisse mekaar ontlok. Kinders besef dat hulle los staan van ander entiteite. Snyder et al. (2002b) noem hierdie proses *sielkundige geboorte* en impliseer nog 'n belangrike insig vir die jong kind, nl. dat hulle die oorsaak kan wees vir gebeure wat op mekaar volg. ...*the self is perceived as a causal instigator. These psychological birth and instigator "lessons" contribute to a sense of personal agency* (Snyder et al., 2002b, p. 259).

Die verwerwing van doelgeoriënteerde hoopvolle gedagtes is essensieel vir kinders se oorlewing en groei. Ouers, versorgers, onderwysers en lede van die gemeenskap moet daarin belê om hierdie hoopvolle denke in kinders te bevorder.

Die 'uitkomswaarde' is vervolgens belangrik in die voorgebeure-analisefase. Vandaar verloop die proses waarin die doelbereikingsdenke/*pathways* en doelgerigte/*agency* gedagtes herhaal word. Somtyds gebeur dit dat die herhalingsproses van die doelbereikings-/*pathways* en doelgerigte/*agency* denke terugkeer om seker te maak dat die uitkoms steeds belangrik genoeg is om vol te hou met doelgerigte prosessering. Die doelbereikings-/*pathway* en doelgerigte/*agentic* gedagtes hou aan om gedurende die verloop van die proses te wissel en te versamel om sodoende die daaropvolgende vlak van sukses in enige

**DoeI-spesifieke hoop** – Al is 'n individu se globale en domein-spesifieke hoopvlakte hoog, is dit moontlik dat hy/sy lae hoop sal vertoon ten opsigte van 'n spesifieke doelwit. 'n Leerling sal bv. hoe globale hoop en hoe akademies domein-spesifieke hoop hê, maar voel dat hy/sy nie in staat is om doelbereikingsdenke en doelgerigte denke voort te bring vir die doelwit om 'n 'A' te behaal in wiskunde nie.

Snyder et al. (2002a, p. 299) wys dus daarop dat *A comprehensive approach to understanding students' goals for their education and lives requires assessment of the entire hope hierarchy. This is necessary because each level of the hierarchy interacts with and reciprocally determines each of the other levels.*

Op grond van bogenoemde is dit duidelik dat hoop 'n belangrike 'vaardigheid' is vir kinders in die skool om hulle te help met probleemoplossing en om te presteer.

#### 2.3.4 HOOP, PRESTASIE EN PROBLEEMOPLOSSING

Bykomend tot die voordele wat hoop inhoud vir psigologiese aanpassing is individue met hoop geneig om verhoogde vervulling van prestasiedoelwitte te hê (Snyder et al., 1999). Alhoewel hoop nie direk verwant is aan intelligensie nie, hou dit wel verband met prestasie.

Snyder et al. (1999) noem dat navorsing die teoretiese aanname dat hoop positief verwant is aan probleemoplossing, ondersteun. In studies wat ontwerp is om die Hoopskaal te valideer het 'n aantal bevindinge na vore gekom wat die siening dat hoop 'n belangrike faktor is in coping en probleemoplossing, ondersteun. Kinders met 'n hoe hoepvlak fokus op sukses in plaas van mislukkings, wanneer hulle doelwitte nastreef. Hulle vertrou ook op hul copingstrategieë, al is daar hindernisse. Volgens Snyder et al.(2002a) het hul navorsing positiewe verbande geïdentifiseer tussen hoop en verbeterde probleemoplossingsvermoë, die hoeveelheid aktiewe lewensdoelwitte, voorkeur vir moeilike doelwitte, persepsies van vorige sukses en die waarskynlikheid van toekomstige doelwitbereiking. Probleemoplossing hou dus verband met 'n groter hoeveelheid doelwitte, om maniere te vind om doelwitte te bereik, en die ervaring van sukses sodra doelwitte bereik word.

Aangesien mense sosiale wesens is kan daar veronderstel word dat hoop ook op hierdie gebied 'n invloed sal hê.

#### 2.3.5 HOOP EN SOSIALE INTERAKSIE

Snyder, Cheavens en Symson (1997), aangehaal deur Snyder et al. (2002b), vermoed dat hoop by kinders ingeprent word deur interaksies met hul versorgers, portuurgroepe en onderwysers. Die behoefte om met ander in kontak te wees is fundamenteel, want die nastrewing van doelwitte vind plaas binne die konteks

van sosiale gemeenskap. Snyder et al. (1997) voeg by dat individue met baie hoop moeite doen om kontak met ander mense te maak. Een rede waarom individue kontak met ander wil maak is omdat hulle besorg is oor die persepsies wat ander van hul vorm. Taylor (1989),

in Snyder et al. (2002b), meen dat die neiging om jouself in 'n positiewe lig voor te stel, 'n aanpassende copingstrategie is. *Hope scale scores have correlated slightly and positively with measures of social desirability and positive self-presentation (Snyder, Harris et al., 1991; Snyder, Hoza et al., 1997), suggesting an adaptive concern by high-hope people about impressions they make* (Snyder et al., 2002b, p. 266).

Snyder et al. (2002b) verwys na ander navorsing wat bevind het dat hoër hoopvlakke verband hou met waarneembare sosiale ondersteuning, sosiale bekwaamheid en minder eensaamheid. Individue met hoë hoopvlakke het 'n beter vermoë om ander mense se perspektief raak te sien. Hulle geniet interaksie met ander mense en is geïnteresseer in hulle eie doelwitte, maar ook in die doelwitte van die mense rondom hulle.

### 2.3.6 HOOP EN GESLAG

Is daar 'n geslagsverskil ten opsigte van hoop? Die aktiewe, doelgeoriënteerde denke wat hoop kenmerk sal 'n waarskynlike geslagsverskil veronderstel: *Males, with their supposed agentic approach to things, should have higher hope than women. Indeed, the gender stereotype literature traditionally has described men in terms of instrumental characteristics, and women as being aligned toward expressive and communal matters* (Snyder et al., 1999, p. 218). Die skrywers sê egter dat hulle in hul navorsing met beide kinders en volwassenes nog geen geslagsverskille gevind het nie. Hul onlangse navorsing toon dat beide geslagte geneig is tot taak-/werks- of instrumentele aktiwiteite. *In the interactions of men and women in groups therefore, we may expect that when it comes to goal-directed thinking, more similarities than differences between the genders should emerge* (Snyder et al., 1999, p. 218). Roberts et al. (2002) stem hiermee saam en sê dat by seuns en dogters dieselfde hoopvlakke bevind is.

### 2.3.7 HOOP, KULTUUR EN VERWANTE ASPEKTE

Snyder et al. (1999) verwys na twee steekproewe van kinders wat gebruik is om te toets of daar rasseyerskille in vlakke van hoop voorkom. Hulle meld dat daar geen rasseyerskille by een van die twee steekproewe bevind is nie. Verdere navorsing is egter nodig om te verseker of daar enige konstante verskille by hoop voorkom.

Snyder et al. (1999, p. 218) vermoed dat lede van minderheidsgroepe wat geweldige doelwitblokkasies in hulle lewe teëgekom het, waarskynlik minder hoop sal hê en rapporteer dan ook: *We examined the level of hope in a sample of minority adolescents who were exposed to violence. The teenagers...who had*

*witnessed violence, but who had less personal experience with violence to their loved ones, reported the highest levels of hope. When the violence had personally impacted on these minority adolescents, however, their hope was lower. By implication, therefore, if members of minority groups are more likely to be in environments of violence, then the predicted lower levels of hope may appear.* Op grond hiervan blyk dit dat die kwessie van sosio-ekonomiese status belangriker is as ras. Snyder et al. (1999) beweer dat dit dalk die geweld en ander moontlike hindernisse is wat met die laer sosio-ekonomiese omstandighede geassosieer word, wat hoop verminder.

Dit is egter nie net meer die minderheidsgroepe wat aan geweld blootgestel is nie. In die Suid-Afrikaanse konteks word almal hierdeur geraak. Kinders raak deur middel van televisie en koerante bewus van al die geweld en misdaad wat voorkom en wie die teikens daarvan is. Baie kinders beleef ook direk van hierdie misdade, bv. ouers wat gekaap word terwyl kinders in die motor is, moord en inbrake terwyl die gesin in die huis is, ens. Hierdie gebeure veroorsaak dat alle kinders, ongeag kultuur, geraak word en dit mag gevvolglik 'n invloed op hulle huidige en toekomstige doelwitte en hoopvlakke hê. Dit sou ook interessant wees om te weet of 'n sosio-politiese veranderlike soos regstellende aksie in die huidige konteks of werkreservering in die vorige bedeling 'n rol kan speel in mense se hoopvolheid al dan nie. Bogenoemde sosio-politiese faktore mag aanleiding gee tot sosio-ekonomiese uitsigloosheid en dit mag doelwitstelling beïnvloed. In die geval van kinders sou hulle beïnvloed kon word deur die negatiewe gesindhede en verwagtinge van hul ouers en die gekommunikeerde persepsie van toekomsloosheid.

Daar is nog baie navorsing nodig oor hierdie onderwerp.

### **2.3.8 OPERASIONALISERING VAN DIE HOOPKONSTRUK**

Snyder (2002a) wys daarop dat die ontwikkeling van individuele verskille- meetinstrumente wat op 'n betroubare en geldige wyse die struktuur van 'n konstruk weerspieël, 'n belangrike stap in die evolusie van 'n nuwe teorie in die psigologie is. Sulke meetinstrumente toets die teorie en fasiliteer die toepassing van die konstruk in navorsing en praktyk. Die hoopkonstruk word geoperasionaliseer deur drie meetinstrumente. Volwasse hoopvlakke word gemeet deur die *Trait Hope Scale* (Snyder et al., 1991) en die *State Hope Scale* (Snyder et al., 1997). Vir kinders word die *Children's Hope Scale (CHS)* (Snyder et al., 1997) gebruik.

Snyder et al. (1997) konseptualiseer hoop by kinders in terme van positiewe verwagtinge dat doelwitte bereik kan word. Die hoopkonstruk is gegrond op die aanname dat kinders doelgerig is en dat hul doelgeoriënteerde gedagtes verklaar kan word aan die hand van twee verwante komponente: doelgerigte denke (*agency*) en doelbereikingsdenke (*pathways*). Hierdie doelwitbenadering tot hoopvolle denke in kinders word geoperasionaliseer deur 'n dispositionele individuele verskille-selfrapportieringskaal wat die

hoopmodel weerspieël. Die CHS is dus 'n indeks vir die meting van kognitiewe aspekte van die hoopkonsep in kinders van agt- tot sestienjarige ouderdom.

### **2.3.9 EVALUERENDE SAMEVATTING**

Uit die bogaande is dit duidelik dat hoop die belangrikste deel uitmaak van 'n individu se vermoë om 'n doelwit te kan stel, 'n plan te maak om die doelwit te bereik en aan te hou ten spyte van hindernisse, totdat die doelwit voltooi is. Die hoopteorie wys dan ook op die komponente van hoop wat nodig is om met lewensdoelwitte vol te hou, nl. die doelgerigte en doelbereikingsdenke.

Die verskillende vlakke van hoop en reaksies teenoor hindernisse kan gesien word aan die hand van positiewe en negatiewe denkpatrone wat weerspieël word. Die drie vlakke van hoop, nl. globale, domein-spesifieke en doelspesifieke hoop vorm 'n hiërargiese sisteem en het dus gesamentlik 'n invloed op die kind se skoolprestasie en algemene lewensdoelwitbereiking.

Hoopvolle denke speel 'n groot rol in coping en probleemoplossing. Kinders met hoop fokus op sukses en hulle sien kans om lewensdoelwitte na te streef.

Sosiale aspekte en kultuurverskille mag 'n invloed hê op die hoopvlakke. Hoop speel 'n groot rol by kinders se beoordeling van hul toekomsmoontlikhede.

## **2.4 SELFESTEEM IN DIE MIDDELKINDERJARE**

### **2.4.1 INLEIDING**

In die literatuur en navorsing oor selfkonsep is daar vir 'n lang tyd klem gelê op die oorhoofse evaluasie wat persone van hulself maak, ook bekend as selfesteem. Dit het geleid tot 'n verkeerde beskouing dat selfkonsep eendimensioneel is. Verskeie ondersoeke duis egter daarop dat selfkonsep 'n multidimensionele aard het (Marsh & Yeung, 1998 en McGuire, Manke, Saudino, Reiss, Hetherington & Plomin, 1999). Dit is dus belangrik om in enige ondersoek wat handel oor selfkonsep in ag te neem dat daar 'n diversiteit van selfkonstrukte bestaan, bv. selfkonsep, selfbeeld, selfesteem en selfbegrip. Gerdes (1988) vat dit saam met 'n siening dat die selfkonsep uit verskillende aspekte bestaan en sy definieer selfkonsep as 'n saamgevoegde beeld wat bestaan uit 'n persoon se persepsie oor wie hy/sy is, wat die persoon kan bereik, wat ander persone dink oor die persoon, en wie die persoon graag wil wees. Volgens Jordaan en Jordaan (1989) word selfkonsep gesien as 'n omvattende begrip wat dimensies van die self soos die volgende insluit: 'n persoon se siening van die self of selfbeeld; 'n persoon se evaluering van verskeie aspekte van hom-/haarsel; die beskrywing van die persoon se kenmerke of eienskappe en die sentrum van persoonlikheid. Selfs meer resente skrywers soos Bracken, Bunch, Keith en Keith (2000) wys op die omvattende aard van die selfkonsep of selfbegrip.

Daarenteen is daar outeurs soos Santrock (1996) en Kaplan (2000) wat onderskei tussen selfkonsep as die beskrywende, relatief objektiewe kenniskomponent van die self en selffesteem/selfwaardering/eiewaarde as die beoordelende, evaluerende, goed-/afkeurende komponent van die self. Santrock (1996, p. 384) verduidelik die verskil tussen selffesteem en selfkonsep as volg:

*Self-esteem is the global evaluative dimension of the self. Self-esteem is also referred to as self-worth or self-image. Self-concept refers to domain-specific evaluations of the self.* Kaplan (2000, p. 422) sluit hierby aan met *Generally, self-esteem refers to judgements that one places on the self-concept or various aspects of the self. While the self-concept is usually viewed in descriptive and non-judgemental terms, self-esteem is self-evaluative.*

Die Piers-Harris Children's Self-Concept Scale (Piers, 1984) word in hierdie ondersoek gebruik vir die assesserung van selfkonsep by kinders. Piers (1984) definieer selfkonsep as relatief konstante houdings oor die self wat 'n individu se eie gedrag en eienskappe/kenmerke weerspieël. Die definiëring van die selfkonsep volgens hierdie meetinstrument sal as geldige omskrywing van selfkonsep aanvaar word. In die meetinstrument se handleiding word selfkonsep afwisselend met terme soos selfbeeld en selfagting gebruik.

Uit die bogaande is dit duidelik dat selfkonsep gebruik word as 'n sambreelterm vir verskeie selfkonstrukte. Selfbeeld, selfkonsep, selfpersepsie, selfvertroue, selffesteem, selfagting, selfrespek en selfaanvaarding is terme wat verband hou met 'n persoon se siening van hom-/haarself, die denke wat personeoor hulself het en die waarde wat persone aan hulself as individue heg. Bogenoemde terme sal afwisselend in hierdie ondersoek gebruik word.

#### **2.4.2 ONTWIKKELING VAN SELFFESTEEM OF EIEWAARDE**

Gordon Allport na wie Meyer en van Ede (1996) verwys, het 'n belangrike bydrae tot die ontwikkelingspsigologie gemaak met sy beskrywing van propriaal ontwikkeling. Die term **propriaal** beteken vir die self en dit dui op sake wat die persoon as sentraal, waardevol en intiem belewe. Allport is van mening dat die gevoel van eiewaarde reeds begin ontwikkel sodra die kind van sy/haar eie identiteit begin bewus raak, maar dit tree eers op omstreng drie- of vierjarige ouderdom duidelik na vore. Hy sê dat die gevoel van eiewaarde dwarsdeur die lewe ontwikkel en verander, namate die individu ervarings opdoen en sy/haar waardestelsel verander. Die skoolkind se eiewaarde word moontlik aanvanklik bepaal deur sy/haar prestasies op sportgebied. Namate kinders ander belangstellings en waardes ontwikkel, is hul gevoel van eiewaarde al hoe minder afhanklik van hul sportprestasies. Hul trots en gevoel van eiewaarde is nou moontlik afhanklik van hul sukses met akademiese en sosiale aktiwiteite, of wat ook al vir hulle belangrik is op hierdie stadium.

Harter (1987), aangehaal deur Lefrancois (2001), het deur middel van inligting, bekom met behulp van vraelyste, sekere afleidings in verband met kinders se selfesteem gemaak:

- Alhoewel kinders 'n algemene skatting van hul eiewaarde het, maak hulle ook individuele beoordelings van eiewaarde op ten minste vyf aparte terreine, nl. skolastiese en atletiese bekwaamheid, sosiale aanvaarding, gedrag en fisiese voorkoms (sien tabel 1).

**Tabel 1: Areas waarin kinders hul eiewaarde evalueer** (Lefrancois, 2001, p. 427)

AREA	
<b>Skolastiese bekwaamheid</b>	Hoe bekwaam en slim die kind voel oor sy/haar skoolwerk.
<b>Atletiese bekwaamheid</b>	Hoe bekwaam die kind voel oor sport en speletjies wat fisiese vaardighede en atletiese vermoëns vereis.
<b>Sosiale aanvaarding</b>	Hoe populêr en sosiaal aanvaarbaar die kind in sy/haar ouderdomsgroep voel.
<b>Gedrag</b>	Hoe tevreden die kind voel oor die manier waarop hy/sy veronderstel is om op te tree.
<b>Fisiese voorkoms</b>	Voel die kind hy/sy lyk goed t.o.v. eienskappe soos lengte, gewig, gesig en hare.

- Kinders se beoordeling van hul selfesteem/eiewaarde is gebaseer op twee dinge:
  - Wat betekenisvolle ander mense van die kind se vermoëns en waarde dink en
  - die mate waartoe die kind sy/haar persoonlike ideale en ambisies kan nakom – dit wil sê persoonlike doelwitte bereik
- Nie al vyf areas is ewe belangrik vir elke kind nie. Baie of min bekwaamheid in belangrike areas sal 'n groter invloed hê as bekwaamheid/onbekwaamheid in minder belangrike areas. As atletiek bv. belangriker is as goeie gedrag, sal swak prestasies in atletiek baie meer skadelik wees vir die selfesteem as wat immorele gedrag sal wees. Harter het gevind dat fisiese voorkoms die belangrikste area is aan die hand waarvan kinders hul eiewaarde bepaal. Kinders wat hulself as aantreklik beskou gaan meestal van hulself hou.
- Sekere bronne van sosiale agting en ondersteuning is belangriker as ander. Dit sal bv. nie saak maak as onbekende toeskouers opmerkings maak oor 'n kind se sportprestasie nie, maar dit sal baie erg vir hom/haar wees as sy/haar ouers, afrigter of vriende dieselfde opmerkings maak. Owers en vriende is van die belangrikste ondersteuningsbronne wat eiewaarde bepaal of beïnvloed. Craig (1996, p. 368) stem hiermee saam: *Depending on how their parents treat them and what their friends think of them, children who are not good in one thing can find*


*something else at which to excel...how well one is thought of by one's parents and peer group is far more important than how well one does in the eyes of the larger society.*

- Beoordeling van eiewaarde het 'n noue verbintenis met affek (emosie), wat weer baie te make het met motivering. Laerskoolkinders wat van hulself hou (hoë selfesteem het) is meestal die gelukkigste en die wat nie baie van hulself dink nie sal meer geneig wees om ongelukkig of disfories te voel. Kinders wat gelukkig is gaan gemotiveerd wees om dinge te doen, terwyl die wat hartseer voel nie so ywerig sal wees nie.

Hoe 'n kind met situasies cope sê ook baie van sy/haar selfesteem. Kinders met 'n lae selfesteem gebruik dikwels vermydingstrategieë. Hulle mag dus 'n stresvolle of sosiaal-vernederinge situasie probeer vermy in plaas daarvan om maniere te vind om daarmee te cope. Davies en Brember (1995), in Kaplan (2000, p. 423), sê: *When children with low self-esteem are faced with difficult tasks, they may quit, avoid them, cheat, clown, or make excuses to escape the challenge.*

#### 2.4.3 MULTIDIMENSIONELE SELFKONSEP

Bracken (1992, 1996), aangehaal deur Bracken et al. (2000), het voorgestel dat selfkonsep en sosiaal-emosionele aanpassing gekonseptualiseer kan word as 'n multidimensionele, konteks-afhanklike en hiërargiese eenheid. Elk van die ses dimensies in die model verteenwoordig primêre domeine van selfevaluering wat onderling mag oorvleuel en gesamentlik 'n konfigurasie van selfkonsep vorm met 'n "g" in die kern (figuur 2).



Figuur 2: Multidimensionele selfkonsep van Bracken et al. (2000, p. 484)

So 'n konseptualisering van die selfkonsep vorm 'n hiërargiese model wat die belangrikheid van kinders se aanpassing in elke konteks-afhanglike primêre domein, sowel as die globale selfbegrip, beklemtoon. Verskeie faktore soos uitgebeeld in figuur 1, kan 'n invloed hê op die kind se ontwikkelende selfkonsep. Met vaardighede/bemeesterung word bedoel dat kinders wat iets probeer doen en daarin slaag, se vertroue in hul eie vaardighede toeneem en gevvolglik sal hulle meer geredelik die volgende taak aanpak. Kinders se gesin speel 'n belangrike rol. Kinders het standvastigheid en aanvaarding in hul gesin nodig sodat hulle selfversekerd en onafhanklik die verskeie ontwikkelingstake kan voltooi. Die wyse waarop kinders deur ander kinders in hul ouderdomsgroep, onderwysers en ander volwassenes behandel word het ook 'n invloed op die ontwikkeling van die selfkonsep. Faktore soos die kind se liggaamlike voorkoms en prestasies speel 'n belangrike rol in die wyse waarop 'n kind deur ander mense aanvaar en behandel sal word. Selfmotivering (affek) het verder 'n invloed. Kinders wat positiewe gedagtes oor hulself vorm in reaksie op probleme en teleurstellings, lewer vanself 'n bydrae tot die ontwikkeling van hul selfkonsep/-esteem.

Soos hierbo genoem speel sosiale ontwikkeling 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die selfkonsep/-esteem. 'n Belangrike aspek hiervan is vriendskap.

#### 2.4.4 VRIENDSKAP, GROEPSIDENTITEIT EN DIE SELFESTEEM

Lefrancois (2001) verwys na Erwin (1998) se mening dat vriendskap baie belangrik is vir die ontwikkeling van sosiale vaardighede (soos om sensitief te wees vir ander mense se sienings, die aanleer van reëls van kommunikasie/gesprekvoering, die aanleer van geslags- en ouderdomsgepaste gedrag). Interaksie met vriende is ook betrokke by die ontwikkeling van idees oor die self en eiewaarde. Kinders wil voel dat hulle aan 'n groep behoort en hiervoor is vriendskap nodig. Hierdie gevoel dat hy/sy iewers inpas speel verder 'n kritieke rol in die ontwikkeling van kulturele identiteit.

Lefrancois (2001) noem dat navorsing bevind het dat kinders sonder vriende geneig is tot depressiewe gevoelens, gedragsprobleme toon, swak aangepas is en afgekou word deur ander. Santrock (2001, p. 515) verwys ook na die vervulling van basiese sosiale behoeftes vir die emosionele welsyn van die kind en sê in die verband ...*if the need for playful companionship goes unmet, then we become bored and depressed; if the need for social acceptance is not met, we suffer a lowered sense of self-worth.*

Volgens Gottman en Parker (1987), aangehaal deur Santrock (1996), het vriendskap ses funksies:

- (1) Kameraadskap. Vriendskap gee vir kinders 'n bekende maat, iemand wat gewillig is om tyd saam met hom/haar te spandeer en wat saam deelneem aan aktiwiteite;
- (2) Stimulering. Vriendskap verskaf interessante inligting, opwinding en vermaaklikheid;
- (3) Fisiese ondersteuning. Vriendskap verskaf tyd, bronne en bystand;

- (4) Ego-ondersteuning. Vriendskap skep die verwagting van ondersteuning, aanmoediging en terugvoer. Dit dra daar toe by dat kinders die idee kry dat hulle bekwaam, aantreklik en die "moeite-werd" is;
- (5) Sosiale vergelyking. Vriendskap verskaf inligting oor waar kinders staan in vergelyking met ander en of hulle bevredigend presteer; en
- (6) Intimititeit/affektiwiteit. Vriendskap verskaf aan kinders 'n warm, persoonlike en vertrouensverhouding met 'n ander individu – 'n verhouding wat selfonthulling behels.

Kinders se groepsidentiteit is nou verwant aan hulle selfesteem. Volgens Tjafel, soos verwys deur Santrock (1996), bestaan selfbeeld uit 'n persoonlike identiteit en baie verskillende sosiale identiteite. Tjafel redeneer dat individue hul selfbeeld kan verbeter deur hul persoonlike of sosiale identiteit te bevorder. Wanneer kinders die sosiale identiteit van hul groep vergelyk met 'n ander groep se sosiale identiteit, word die verskille gewoonlik vergroot. Kinders beskou hul eie groep as die beste en voel daarom goed oor hulself. Groepe en dus 'n selfidentiteit by groepslede kan ontstaan op grond van geslag, etniese groepe, spanne, sosiale klasse, gelowe, ens. Selfbeeld ontwikkel deur middel van die sosiale identifisering met die eie groep en die vergelyking met ander groepe.

Kinders se fisiese voorkoms beïnvloed ook hul sosiale ontwikkeling. Mendelson en White (1985), in Kaplan (2000), sê dat kinders wat oorgewig is dikwels uitgestoot word deur ander, geterg word, minder vriende het en 'n swak liggaamsbeeld het. Williams en Stith (1980), in Kaplan (2000), meen dat om fisies fiks en gesond te wees sosiale voordele inhoud. Sport waarin daar in groepe deelgeneem word is gewoonlik belangrike sosiale aktiwiteite en om hier uitgestoot te word kan inmeng met 'n kind se sosiale ontwikkeling. Kinders wat fisies fiks is, het meestal 'n beter selfkonsep as die wat nie fiks is nie.

Kaplan (2000, p. 423) som die waarde van positiewe selfesteem as volg op: *Positive self-esteem is related to better adjustment, more independence, less defensive behaviour, greater acceptance of others, sociability, motivation to learn, and better school achievement...Children with high self-esteem expect to do well and believe their successes are due to their own efforts and abilities...They have a sense of control over their lives...They take mistakes and even failures in stride and learn from them...Children with high self-esteem also cope with stressful encounters better.*

#### **2.4.5 SELFESTEEM EN GESLAG**

Frydenberg (1997) wys daarop dat geslagsverskille ten opsigte van selfkonsep/-esteem ooreenstem met tradisionele geslagsrolstereotipes. Volgens Frydenberg (1997) het seuns 'n hoër selfkonsep/-esteem ten opsigte van fisiese vermoë, fisiese voorkoms en wiskundige vermoë. Meisies het weer 'n hoër selfkonsep/selfesteem ten opsigte van verbale, lees- en algemene skoolvermoëns.

## **2.4.6 SELFESTEEM EN KULTUUR**

Luhtanen en Crocker (1992) in Lopez et al. (2002, p. 51) sê: *Self-esteem has been operationalised in the psychological literature as a construct related to how an individual values him- or herself and can be explored as a personal, individual construct, as well as a collective self-esteem, or 'aspects of the self concept relating to race, ethnic background, religion, feelings of belonging in one's community, and the like.* Dit blyk dus (soos ook in 2.4.4 hierbo aangetoon is) dat daar 'n verband is tussen kollektiewe selfesteem en persoonlike selfesteem en dat individue met positiewe gevoelens teenoor hul groep ook positiewe gevoelens teenoor hulself sal hê.

## **2.4.7 OPERASIONALISERING VAN DIE SELFESTEEMKONSTRUK**

Die teoretiese selfkonsep/selfesteemkonstruk word geoperasionaliseer met meetinstrumente bestaande uit positiewe en negatiewe selfverwysende stellings waarop die individu dan moet saamstem of verskil. Die konstruk is aanvanklik deur Rosenberg en daarna deur Coopersmith (1965 en 1967, in Hewitt, 2002) geoperasionaliseer en hierdie klassieke meetinstrumente is vir baie jare universeel beskou as die gesaghebbende metings van eiewaarde of *the personal judgement of worthiness* (Coopersmith, 1967, p. 7).

Die *Piers-Harris Children's Self Concept Scale* ("Hoe ek oor myself voel") is 'n selfrapporteringinstrument wat ontwerp is om by te dra tot die bepaling van kinders se selfkonsep. Piers (1984, p. 1) sê: *Self-concept, as assessed by this instrument, is defined as a relatively stable set of self-attitudes reflecting both a description and an evaluation of one's own behaviour and attributes.* Die PHCSCS se geldigheid as operasionalisering van die selfkonsepkonstruk is deur die navorsing van Bracken et al. (2000) bevestig. Hierdie skaal is gekies, omdat dit beide kinders se evaluerende houdings teenoor hulself (eiewaarde) asook die beskrywende aspekte wat verband hou met selfkonsep, meet.

## **2.4.8 EVALUERENDE SAMEVATTING**

Uit die bogaande literatuurverkenning blyk dit duidelik dat goeie selfesteem belangrik is vir die kind se aanvaarding van sy/haar persoonlike eienskappe. Eiewaarde is ook essensieel vir die latere ontwikkeling van 'n eie identiteit. Gedragsterreine waarin kinders hul eiewaarde beoordeel is skoolprestasie, sport, sosiale aanvaarding en fisiese voorkoms. Kinders wat goed voel en tevrede met hulself is, is gemotiveerd om nuwe dinge aan te pak. Eiewaarde word gevorm deur die kind se ervarings en vaslegging van waardestelsels. Sosiale faktore soos groepsidentiteit is ook nodig vir die emosionele welsyn van die kind en om persoonlike identiteitsverwerwing te bevorder.

Kultuur en geslag het verder 'n invloed op die selfkonsep/-esteem. Kinders wat positiewe gevoelens teenoor hul kulturele groepe het, sal in dié opsig ook positiewe gevoelens teenoor hulself hê. Seuns en meisies verskil ten opsigte van wat vir hul belangrik is. Meisies wil bv. meestal goed vaar ten opsigte van akademie (skolastiese selfkonsep), terwyl seuns meestal goed wil vaar op sportgebied (fisiële selfkonsep).

Positiewe selfesteem gee kinders die motivering om lewensuitdagings met selfvertroue aan te pak en die Piers-Harris-selfkonsepskaal vir kinders is geïdentifiseer as 'n gesikte meetinstrument om selfesteem in hierdie studie te ondersoek.

## 2.5 COPINGGEDRAG IN DIE MIDDELKINDERJARE

### 2.5.1 DEFINISIE

Frydenberg (1997, p. 25) definieer coping as volg: *Coping is made up of the responses (thoughts, feelings and actions) that an individual uses to deal with problematic situations that are encountered in everyday life and in particular circumstances.* Snyder en Dinoff (1999) voeg hierby dat copingstrategieë die reaksies is wat die ongewenste "vrag" op 'n effektiewe manier kan verminder. Die effektiwiteit van 'n copingstrategie berus op die vermoë daarvan om onmiddellike ongemak te verminder, sowel as om by te dra tot langtermyn uitkomste soos algemene aanpassing en psigologiese welstand. Folkman en Lazarus (1980), in Aldwin (2000), noem dat copingstrategieë bestaan uit kognisies en gedrag wat daarop gerig is om 'n probleem en die meegaande negatiewe emosies te hanteer.

### 2.5.2 DIE COPINGPROSES


Frydenberg (1997) sê dat volgens Lazarus se bekende teorie, daar drie veranderlikes is wat bydra tot die copingproses, naamlik persoonlikheidsdisposisies, stimulus of situasie-eise en verskeie copingresponse. Copingprosesse is ook afhanklik van die kognitiewe proses van beoordeling.

Die konsep van beoordeling of taksering is een van die basiese beginsels van Lazarus se teorie. Volgens Lazarus, aangehaal deur Frydenberg (1997), is kognitiewe beoordeling wat 'n persoon doen om te evaluateer of 'n spesifieke gebeurtenis relevant is vir sy/haar welstand. Vir elke gebeurtenis is daar twee tipes beoordeling, nl. **primêre beoordeling** – moontlike nadele of voordele en **sekondêre beoordeling** – wat aan die situasie gedoen kan word en wat die opsies of bronne is wat beskikbaar is. Hierdie beoordeling kan die begin wees van copinggedrag om die situasie te hanteer. Indien die situasie ontvanklik is vir verandering, word probleem-gefokusde strategieë meestal gebruik. As die situasie nie verander kan word nie, word emosie-gefokusde strategieë meestal gebruik.

Hoe 'n persoon cope word bepaal deur of die stressor beheerbaar is of nie. Frydenberg (1997) meld dat Compas et al. (1988) gevind het dat akademiese stressors as meer beheerbaar beskou word as interpersoonlike stressors en probleem-gefokusde strategieë word oor die algemeen eerder vir akademiese stressors as vir interpersoonlike stressors gebruik. Daar is ook gevind dat emosie-gefokusde coping gebruik word, wanneer daar 'n gevoel van min beheer oor 'n stressor is, maar waar daar hoë waargenome beheer was, is probleem-gefokusde coping gebruik.

Frydenberg (1997) verwys na Lazarus se beklemtoning van die rol van kognisie in die emosionele gevolge van stres. Indien 'n stressor as lastigheid ervaar word is dit weens die betekenis wat die persoon aan die transaksie verleen, en óf hy/sy die situasie as bedreigend, skadelik of uitdagend beoordeel, sal die gevolglike emosie en die copingreaksie bepaal. Dit word die situasie-persepsie genoem. Psigologiese stres berus dus nie by die persoon of die situasie nie, maar dit hang af van die interaksie tussen die twee, met ander woorde hoe die persoon die situasie beskou of waardeem en hoe hy/sy daarby kan aanpas.

Frydenberg (1997) gee 'n twee-dimensionele voorstelling van die teorieë oor coping wat uit navorsingsbevindings ontwikkel is. Dit verteenwoordig die verhouding tussen die hoofdeterminante van coping. Die model (sien figuur 3) toon aan dat coping die gevolg is van die determinante van die situasie (die stressor) asook die individu se eienskappe, persepsie van die situasie en copingvoornemens.



Figuur 3: Diagrammatiese voorstelling van Coping van Frydenberg (1997)

'n Stresvolle situasie begin 'n netwerk van reaksies. Die individu het sekere eienskappe wat saamgestel is uit biologiese disposisies, persoonlike eienskappe en gesinsgeskiedenis en -klimaat. Dit is belangrik hoe hierdie eienskappe individueel of gesamentlik die persepsie van die situasie beïnvloed.

Nadat die situasie beoordeel is, word die impak van die stres bepaal (primêre taksering), met ander woorde gaan die gevolge tot verlies, skade, bedreiging of uitdaging lei. Daar word ook bepaal watter bronne (persoonlik of interpersoonlik) beskikbaar is om die situasie te hanteer (sekondêre taksering). **Copingintensies** volg en dit behels die keuse om te reageer op die stressor of nie, en op watter manier. Copingintensies is verwant aan copingstrategieë en dit maak 'n wye verskeidenheid en kombinasie van copingresponse/-aksies moontlik. Die bedoeling (intensie) tesame met die aksie bepaal die uitkoms.

Na die copinggedrag word die uitkoms weer hersien (tersiêre taksering) en nog 'n gedragsaanpassing kan volg. Sodoende ontwikkel 'n individu se copingrepertoire.

Die sirkelvormige aard van die proses illustreer die feit dat strategieë waarskynlik weer in die toekoms gebruik of verworp gaan word en dui op die verworwe copingervaring en -gedragstyl van die individu.

## 2.5.3 KINDERS SE COPINGGEDRAG

Volgens Sorenson (1993) is Lazarus en Folkman se probleem-gefokusde en emosie-gefokusde copingresponse, sowel as Murphy (1974) se tweeledige interne en eksterne copingstyle, onvoldoende om copinggedrag by kinders te verklaar. Soos wat copingkategorieë meer spesifiek geïdentifiseer is, het drie algemene domeine van copinggedrag by kinders na vore getree nl. die kognitiewe gedragsdomein, die kognitief-intrapsigiese domein en die interpersoonlike copinggedragsdomein.

Vervolgens word hierdie drie domeine aan die hand van Sorenson (1993) se uiteensetting bespreek:

### 2.5.3.1 DIE KOGNITIEWE GEDRAGSDOMEIN

Hierdie domein bevat kategorieë wat 'n integrasie van beide kognitief-emosionele komponente en geassosieerde gedragsmanifestasies van coping insluit.

**Onderwerping/verduring** – Reflekteer 'n gelate emosionele aanvaarding van die stressor of situasie, bv. "hou dit net uit" of "doen wat ek moet doen."

Hierdie soort copinggedrag stem ooreen met dié in die Verduring-subskaal van die *Coping Inventory* wat in hierdie ondersoek gebruik word.

**Probleemoplossing** – Sluit benaderings in waar stressors op 'n direkte en aktiewe manier gekonfronteer word, bv. as iets gebreek het word daar gepoog om dit te herstel.

**Emosionele uitdrukking** – Sluit gedragsmanifestasies van gevoelens, soos huil of skree, in. Dit sluit ook aan by die Stres-herkenning-subskaal van die *Coping Inventory*.

**Afleiding** – Is gedrag wat daarop gerig is om die stressor te vermy of te sublimeer, bv. om met iemand te speel of 'n aktiwiteit te doen wat niks met die stressor te make het nie.

Die Afleiding-subskaal van die *Coping Inventory* word hierin weerspieël.

**Gedragsherbetekening (Behavioural Reframing)** – Reflekteer aktiwiteite waar die kind probeer om die beoordeling te verander of die persepsie van 'n stressor te verklein, soos om voor te gee dat die stressor nie 'n bedreiging is nie.

**Aggressie** – Verteenwoordig fisiese aksies teenoor ander, bv. slaan, skop of baklei met iemand. Die Aggressie-subskaal van die *Coping Inventory* sluit hierby aan.

**Vermyding** – Die stressor word vermy deur bv. weg te kruip, hardloop of in die kamer te gaan sit. Dit word ook gevind in die Afleiding-subskaal van die *Coping Inventory*.

**Rebelsheid** – Word gesien in 'n ... *refusal to submit, comply or otherwise 'put up with' the reported stressor, or to perform in the face of the perceived demands or injustices of stressor situations* (Sorenson, 1993, p. 93).

**Manipulering/misleiding** – Aktiwiteite sluit in doelbewuste manipulering of misleiding, tergery, valsheid, beskuldiging, ontkenning van natalige/strafbare gedrag.

**Selfontkenning (Self-effacing)** – Gedrag sluit regressieve of vertroostende persoonlike gewoontes in soos byt van naels of suig van vingers. Die Selfvernietiging-subskaal van die *Coping Inventory* sluit hierby aan.

**Immobilisering** – Reflekteer response waar die kind nie in staat is om te dink of op te tree nie, bv. in die stressituasie waar die kind onvoorbereid vir 'n skooltaak/-opdrag voel.

### 2.5.3.2 DIE KOGNITIEF-INTRAPSIGIESE DOMEIN

Hierdie domein word gekenmerk deur intern-gefokusde, emosioneel- en intellektueel-gefokusde copinggedrag.

**Emosioneel-sensories** – Response waar gevoelens uitgedruk word met geen duidelike geassosieerde gedragsaktiwiteite nie, bv. vrees, hartseer, geluk.

**Kognitiewe herdefiniëring** – Intellektuele of emosionele pogings om die gedagtes te stop, persepsies te verander, selfspraak om persepsies te verander/herbeteken. Die kind praat met hom-/haarself, skryf daaroor of teken.

Die Streserkennung-subskaal van die *Coping Inventory* kan hierby ingesluit word.

**Analisering/intellektualisering** – Copingresponse waar kognitiewe, probleem-gefokusde strategieë gebruik word om die probleem op te los. Om bv. daaroor te dink en te redeneer of reaksies te beplan om die stressor te hanteer. Die Streserkennung-subskaal van die *Coping Inventory* weerspieël dit.

**Neem persoonlike verantwoordelikheid** – Kognitieve gedrags- en self-gefokusde aktiwiteite, soos selfblamering, verskonings maak en aksies neem om self die situasie te verbeter.

**Emosioneel-eksterne fokus** – Emosionele reaksies wat gerig is op die self, eerder as om te konsentreer op gevoelens (intrapsigies). Ekstern-gefokusde reaksies behels om *oor* iets bekommerd te wees, of te wens *vir* iets, maar daar word nie aktief opgetree nie.

### 2.5.3.3 INTERPERSOONLIKE COPINGGEDRAGSDOMEIN

Hierdie domein verwys na copinggedrag waarin sosiale ondersteuning die primêre faktor is. Daar word spesifiek ondersteuning gesoek in die volgende kategorieë: Ma, ander – wat boeties/sussies, onderwysers en grootouers insluit, vriende, en Ma en Pa wat waargeneem word as 'n eenheid. Die Streserkennung-subskaal van die *Coping Inventory* sluit hierby aan.

## **2.5.4 VRIENDSKAP AS COPINGSTRATEGIE**

Vriendskap is 'n belangrike bron van sosiale ondersteuning. Wanneer boesemvriende wedersydse onsekerhede en vrese oor hulself onthul, ontdek hulle dat hulle nie abnormaal is nie en dat hulle niks het om oor skaam te wees nie. Vriende tree as belangrike vertrouelinge op wat kinders help om deur hul probleme te werk, deur middel van beide emosionele ondersteuning en advies. Sorenson (1993) beskou sosiale ondersteuning ook as 'n copingstrategie. Roberts et al. (2002, p. 671) sluit hierby aan met: *Social support is also viewed as a potential element of positive psychology for children facing the challenges of stressful events as well as coping and adjusting in everyday living.* Roberts et al. verwys na Quittner (1992) wat meen dat die aanvaarde definisie van sosiale ondersteuning verskeie aspekte insluit soos die voorsiening van direkte ondersteuning, inligting, emosionele besorgdheid en versekering.

'n Ander vorm van copinggedrag is **emosionele intelligensie**. Salovey, Mayer en Caruso (2002) noem dat hierdie term verwys na die vermoë om emosie-belaaiende inligting op 'n bekwame wyse te kan prosesseer. Emosionele intelligensie word ook as 'n riglyn gebruik vir kognitiewe aktiwiteite soos probleemplossing en om te fokus op nodige gedrag/optrede. Vervolgens word die belangrikheid van emosionele intelligensie ten opsigte van coping volledig bespreek.

## **2.5.5 EMOSIONELE INTELLIGENSIE AS COPINGSTRATEGIE**

### **2.5.5.1 DEFINISIE**


Salovey, Bedell, Detweiler en Mayer (1999) sê dat alhoewel daar gesê kan word dat mense met lewenservarings cope, is coping primêr 'n respons op emosies, veral negatiewe emosies wat deur gebeurtenisse ontlok word. Party mense sukkel gedurig om met negatiewe gebeure te cope. Hierdie mense kan nie oor die onaangename gebeurtenisse in hulle lewe kom nie. Aan die anderkant is daar mense wat maklik oor slechte ervarings kom. Hulle leer uit hierdie terugslae en het wysheid wat ander inspireer om meer effektief te cope.

Volgens Salovey et al. (1999) het dit te doen met emosionele bekwaamheid, dit wil sê individue se verskille ten opsigte van hoe hulle emosionele 'verskynsels' waarneem, uitdruk, verstaan en hanteer. Hierdie emosionele bekwaamhede is aspekte van 'n breër konstruk wat emosionele intelligensie genoem word. Salovey et al. (1999, p. 141) definieer emosionele intelligensie as volg: *Emotional intelligence involves the ability to monitor one's own and others' feelings and emotions, to regulate them, and to use emotion-based information to guide thinking and action. The competencies involved in emotional intelligence include (a) appraising and expressing emotions in the self and others, (b) assimilating*

*emotion and thought, (c) understanding and analysing emotions, and (d) regulating emotions to promote emotional and intellectual growth.*

### 2.5.5.2 'N MODEL/HIËRARGIE VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE

Salovey et al. (1999) het die volgende model van emosionele coping voorgestel:



Figuur 4: Die emosionele copinghiërargie van Salovey et al. (1999)

Salovey et al. glo dat die volledige hiërargie van emosionele copingvaardighede voldoende ontwikkel moet wees en toegepas moet word, sodat suksesvolle coping kan plaasvind. 'n Swakheid wat laer in die hiërargie voorkom, sal inmeng met die meer gesofistikeerde vaardighede en die copingproses sal gevvolglik vertraag word.

Salovey, Mayer en Caruso (2002) se werk sluit aan by die bogenoemde model en stel voor dat emosionele intelligensie in vier takke verdeel kan word:

- Die eerste is **emosionele persepsie en uitdrukking**. Dit behels die kapasiteit om gevoelens waar te neem en uit te druk. Emosionele intelligensie is onmoontlik sonder die bekwaamhede wat hier betrokke is. As mense bv. elke keer hulle rug draai op onaangename gevoelens wat voorkom sal hulle min kennis verkry oor gevoelens. Emosionele persepsie behels die herkenning, aandag gee aan en ontsyfering van emosionele boodskappe soos wat hulle uitgedruk word in gesigsuitdrukkings, stemtoon en kulturele artefakte. As 'n persoon 'n uitdrukking van vrees op iemand anders se gesig waarneem sal hy/sy meer begrip hê vir daardie persoon se emosies en gedagtes.
- Die tweede tak is **emosionele fasilitering van denke** (ook genoem die gebruik van emosionele intelligensie). Die emosionele fasilitering van denke fokus op hoe emosie die kognitiewe sisteem affekteer en hoe dit aangewend kan word vir meer effektiewe probleemplossing, redenering, besluitneming en kreatiewe pogings. Kognisie kan ontwrig word deur emosies soos angs en vrees,

maar emosies kan ook die kognitiewe sisteem orden (*prioritise*) sodat daar aandag gegee kan word aan dit wat belangrik is. Volgens Salovey et al. (2002) kan emosies kognisies verander, bv. kognisie word positief wanneer 'n persoon gelukkig is en negatief wanneer die persoon hartseer is. Hierdie veranderinge forseer die kognitiewe sisteem om dinge vanuit verskillende perspektiewe te beskou, bv. die wisseling van skeptisme na aanvaarding.

Salovey et al. (2002, p. 161) is van mening dat die voordeel van sulke afwisseling duidelik is: *When one's point of view shifts between sceptical and accepting, the individual can appreciate multiple vantage points and, as a consequence, think about a problem more deeply and creatively.*

- Die derde tak is **emosionele begrip**. Dit behels kognitiewe prosessering van emosies, met ander woorde insig en kennis wat verband hou met eie gevoelens of die gevoelens van ander. Salovey et al. (2002, p. 161) sê: *The most fundamental competency at this level concerns the ability to label emotions with words and to recognize the relationships among exemplars of the affective lexicon.* Die persoon wat in staat is om emosies te verstaan, met ander woorde hul betekenis, hoe hulle saamsmelt en hoe hulle met verloop van tyd ontwikkel, het die kapasiteit om belangrike aspekte van die menslike natuur en interpersoonlike verhoudings te verstaan.
- **Emosionele hantering/regulerung** is die vierde tak en behels die regulerung van emosies in jouself en in ander mense. Dit is die vermoë om oop te wees vir aangename en onaangename gevoelens, om emosies te monitor en te oordink, asook die vermoë om emosies binne jouself en ander se emosies te hanteer.

#### 2.5.5.3 EMOSIONELE INTELLIGENSIE BY KINDERS

Eisenberg, Fabes en Guthrie (1997) beweer dat individuele verskille mense se keuse van copingstrategie beïnvloed. Kinders se ontwikkelingsvlak is dan 'n faktor wat ongetwyfeld die tipes copinggedrag sal beïnvloed, sowel as die gepastheid en effektiwiteit van sommige copingstrategieë. Ouderdoms- en ontwikkelingsverwante veranderinge ten opsigte van motoriese vaardighede, geheue, kognitiewe prosessering, taal, begrip van hul eie en ander se motiewe, metakognitiewe vaardighede en beplanningsvermoë het 'n invloed op kinders se vermoëns om copingstrategieë te kies of verwerp. 'n Jong kind se kognitiewe bronre is bv. beperk en hy/sy sal dus sukkel om die bron van spanning (die probleem) te vermy of verwyder indien hy/sy nie hulp kry nie. Ouer kinders wie se motoriese, kognitiewe en materiële bronre meer uitgebrei en ontwikkel is sal die nodige kognitiewe en kommunikasievaardighede hê om met 'n stresvolle situasie te cope.

Op grond van bogenoemde blyk dit dat emosionele intelligensie en daardeur copingvaardigheid ontwikkelingsgebonde is.

Salovey et al. (2002) wys daarop dat daar intervensies ontwikkel kan word met die doel om emosionele intelligensie in verskeie kontekste te verhoog en een hiervan is die skoolkonteks. Salovey et al. (2002) verwys na 'n boek met riglyne vir die ontwikkeling van emosionele intelligensie by laerskoolkinders. Aspekte soos selfbewustheid, hantering van gevoelens, besluitneming, streshantering, persoonlike verantwoordelikheid, selfkonsep, empatie, kommunikasie, groepdinamika en konflikhantering, word hierin behandel. Emosionele intelligensie mag ontwikkelingsgebonde wees, maar kinders behoort van kleins af van emosionele intelligensie se eienskappe bewus gemaak te word. Navorsing oor die blywende waarde van sulke programme word bepleit.

## 2.5.6 COPINGGEDRAG EN GESLAG

Sorenson (1993, p. 69) is oortuig dat: *As the study of stress-coping in children evolves, it is important to recognize and clinically accommodate gender differences.* Fahs (1986), in Frydenberg (1997), sê dat seuns binne die sosiale konteks meer ontkenning gebruik as dogters. Frydenberg en Lewis (1991), in Frydenberg (1997), het gevind dat seuns meer aggressief en privaat optree. Hulle waag ook meer kans.

Na aanleiding van Sorenson (1993) se gevolgtrekking dat copinggedrag in drie domeine (sien 2.5.3) ingedeel kan word het navorsing die volgende resultate verkry: seuns gebruik onderdrukking en verduring as copinggedrag, terwyl meisies probleem-oplossende copingpogings aanwend; by die kognitiewe-intrapsigiese domein het seuns meer analisering/intellektualisering gebruik en persoonlike verantwoordelikheid geneem waar die meisies eerder emosionele uitdrukking gebruik het; die seuns het rebelsheid en fisiese aggressie as stresresponse gebruik, terwyl die meisies vermyding, afleiding en gedragsherbetekening gebruik het.

By studies wat gesinsfunksionering en coping ondersoek het, is daar bevind dat die seuns en dogters verskillend reageer op algemene gesinskwessies, met seuns wat bv. probeer om die probleem te ignoreer (Fallon et al., 1986, in Frydenberg, 1997). Frydenberg en Lewis (1991), in Frydenberg (1997), het ook duidelike verskille in copingpatrone van seuns en dogters geïdentifiseer. Hulle het gevind dat seuns dikwels fisiese tydverdryf gebruik of die probleem ignoreer.

Volgens Groér et al. (1992), aangehaal deur Frydenberg (1997), sukkel dogters met ander tipes stressors as seuns, dit kan ook verklaar waarom hulle op ander maniere cope. Oor die algemeen ervaar dogters meer stres ten opsigte van kwessies wat te make het met interpersoonlike en gesinsverhoudings.

Sorenson (1993) verwys ook na navorsing wat bevind het dat seuns copingstrategieë gebruik wat fisiese aktiwiteite behels. Seuns cope ook meestal op 'n individualistiese of selfgeoriënteerde wyse terwyl meisies copingstrategieë verkies wat emosionele response en sosiale ondersteuning behels.

Frydenberg (1997) sê die gebruik van sosiale ondersteuning deur dogters word gekoppel aan die gebruik van spanningsverminderingstrategieë. Dogters gebruik ook dikwels wensdenkery of strategieë wat fantasieë, dagdroom en hoop vir wonderwerke behels. Dogters se gebruik van sosiale ondersteuning wys dat dogters ondersteuning aanvaar, hulle gevoelens uitdruk en met ander daaroor praat. Seuns sal eerder raad vra, wat hulle dan sal aanvaar of verwerp.

Frydenberg (1997, p. 82) kom tot die volgende belangrike gevolgtrekking: *Thus gender differences in coping are generally predicated on the assumption that boys and girls may face similar, though not identical, stresses. However, boys and girls are socialised differently into expectations of what constitutes acceptable ways of coping with problems; and boys and girls are provided with rather different reward and punishments for coping and failure to cope. The consistent patterns of gender differences in coping that have been reported by researchers may reflect differences in boys' and girls' understanding and representation of stressful situations.*

### **2.5.7 COPINGGEDRAG EN KULTUUR**

Lopez et al. (2002) sê dat wanneer daar ondersoek word hoe mense cope dit belangrik is om kulturele waardes wat 'n invloed kan hê op hoe 'n persoon dink, voel en optree, in ag te neem. Shaw et al. (1997), aangehaal deur Lopez et al. (2002), het 'n studie gedoen oor die copinggedrag by verskillende kulture. Een van hul gevolgtrekkings was dat copingstrategieë eenders kan wees in verskillende kulture, maar die toepassing daarvan en die verhouding tussen coping en psigologiese welstand kan aansienlik verskil. Navorsing het ook bevind dat kultuur die interpretasie van 'n situasie kan beïnvloed en gevolglik die copingstrategieë wat gebruik word.

Verdere navorsing is nodig om die copinggedrag van multikulturele groepe te verstaan. Die rol van ontwikkeling, binne-groepverskille en die spesifieke copinggedrag wat bydra tot beter aanpassing binne die diverse groepe, moet in ag geneem word. (Lopez et al., 2002).

### **2.5.8 OPERASIONALISERING VAN DIE COPINGKONSTRUK**

Daar is min ooreenstemming in die literatuur met betrekking tot die konseptualisering en meting van copingstrategieë in kinders. Desnieteenstaande bestaan daar talte meetinstrumente vir die meting van copingresponse op algemene en spesifieke stressors. Copingindekse vir kinders kan in drie kategorieë verdeel word: (a) waarneming en gevallestudies; (b) lewensgebeure; (c) coping met ongespesifiseerde stressors en met spesifieke daaglikse stressors (Boekaerts, 1996). Die *Life Events and Coping Inventory* (LECI) se Coping Inventory (CI) wat in die huidige ondersoek gebruik is, val in die tweede kategorie wat coping met lewensgebeure meet.

Die LECI van Duse-Lewis (1988) is 'n meetinstrument vir die bepaling van lewenstres by kinders. Die doel van die instrument is om te beskryf hoe normale kinders verandering in hulle lewe ervaar en hoe hulle daarvancope. Die vraelys bestaan uit lewensgebeurtenisse en verskillende verbandhoudende copingstrategieë. Die tipes copingstrategieë wat kinders gebruik om stres te hanteer word aangedui. Die resultaat van 'n faktoranalise wat op die copingitems gedoen is, was die identifisering van vyf tipes copingstrategieë wat deur die meeste kinders gebruik is.

### **2.5.9 EVALUERENDE SAMEVATTING**

Uit die bogaande uiteensetting blyk dit dat coping uit response soos gedagtes, gevoelens en reaksies bestaan wat kinders gebruik om daaglikse probleme en situasies te hanteer.

Hoe effektief die poging gaan wees sal afhang van hoe die kind die situasie waarneem, sy/haar persoonlike eienskappe, die manier waarop die probleem benader gaan word en die copingstrategieë tot sy/haar beskikking. Sosiale ondersteuning word beskou as 'n belangrike copingstrategie deurdat vriende en ander persone help om die probleem te versag, op te los of te hanteer. Dit blyk uit die navorsing oor copinggedrag by kinders, dat copingstrategieë by kinders verskil van die van volwassenes vanweë die ontwikkelingsaard daarvan. Ook verskuif die fokus na meer en uiteenlopende gedragswyses omdat vasgelegde copingstyle nog nie by kinders bestaan nie.

Met emosionele intelligensie as copingstrategie word die persoon bewus van ander se gevoelens en het begrip daarvoor. Dit dra by tot meer effektiewe probleemoplossing en die persoon het die vermoë om emosies binne hom-/haarselv en ander te hanteer. So kan situasies op 'n rustige en effektiewe manier hanteer word.

Seuns en dogters ervaar probleme en ondervindings op verskillende maniere en gevvolglik benader en hanteer hulle dit op verskillende maniere. Seuns benut meer fisiese strategieë en meisies gebruik dikwels emosionele strategieë. Die verskeie copingstrategieë wat gebruik gaan word sal ook afhang van die kind se kulturele agtergrond.

## **2.6 DIE VERBAND TUSSEN HOOP, SELFESTEEM EN COPINGGEDRAG IN DIE MIDDELKINDERJARE**

### **2.6.1 INLEIDING**

Hoop, selfesteem en coping is teoretiese konstrukte in eie reg, maar daar is 'n teoreties verwagte samehang tussen hulle wat ondersoek moet word. Vervolgens word die verband soos teoreties en empiries in die literatuur aangedui word, bespreek.

## 2.6.2 HOOP EN COPINGGEDRAG

*We hope because without hope we must despair. As such, the capacity to hope is a vital coping resource. The coping process is, as it were, built into hope as an emotion. And we look for reasons to justify and sustain our hope, even against all odds... We all draw on hope as a coping strategy to a greater or lesser extent. It provides the grounds for our continuing engagement in life, even when there is only a slender thread of hope on which to rely (Lazarus, 1999, p. 653).*

Snyder et al. (1999, p. 221) beweer dat hoop 'n essensiële rol speel by die gebruik van copingstrategieë. Hulle noem drie hoofgedagtes:

- *First, there may be a moderating effect of hope, such that high-hope individuals may have greater success in implementing other coping strategies.* Individue met hoop het met ander woorde meer vertroue in hulle vermoë om planne (copingstrategieë) uit te voer en in die moontlikheid dat die planne 'n sukses sal wees, as individue met minder hoop. Hulle het gevvolglik meer motivering om spesifieke strategieë te gebruik en saam met weldeurdagte planne oor hoe om dit te doen, sal dit tot groter sukses by die gebruik van verskeie copingstrategieë lei.
- *Second, high-hope individuals, particularly those with elevated pathways thinking, should be more willing to try differing coping strategies.* Die strategieë verteenwoordig moontlike roetes na 'n doelwit wat beter aanpassing en verminderde spanning sal inhoud. Individue met hoop kan alternatiewe roetes gebruik om hul doelwit te bereik wanneer die aanvanklike doelwit geblokkeer word. Snyder et al. (1999) gee die voorbeeld van iemand wat spanning ervaar of in 'n stresvolle situasie is. 'n Individu met hoop kan verskeie roetes voortbring om die spanning te verlig. Die persoon kan bv. 'n terapeut gaan sien, bid, deelneem aan aktiwiteite of boek lees oor die onderwerp of probleem. Die doelwit is dus om beter te voel en verskeie roetes kan daarvoor aangewend word. Individue met minder hoop sal net een copingstrategie beskikbaar hê en as die strategie geblokkeer word sal daar geen alternatiewe roete wees nie. Snyder et al. (1999) vat dit saam deur te sê dat individue met hoop, in vergelyking met individue met minder hoop, 'n meer buigsame benadering het om hindernisse te hanteer.
- *Third, hope may play a role in the effectiveness of medical treatments for illnesses and injuries.* Individue met baie hoop, in teenstelling met individue met min hoop, het meer motivering (*agentic thought*) en sal waarskynlik die behandelingsvoorskrifte meer getrou nakom.

Snyder et al. (1999) glo dat die copingproses baie nou gekoppel is aan die hoopproses. 'n Hoë hoopvlak stel mense in staat om doelwitte na te streef, hindernisse te oorkom, goed oor hulleself te voel en negatiewe emosies af te weer. Coping behels die ervaring van 'n hindernis, gevvolg deur pogings om die hindernis te bowe te kom. *Hope provides a framework that allows us to understand why some individuals surpass the obstacles in their lives with relative ease, whereas others remain stymied by such obstacles. Further, the present model of hope allows us to comprehend how people emerge from encounters with obstacles and are better off* (Snyder et al., 1999, p.222).

Aangesien kinders gedurende die middelkinderjare grotendeels in die skool en tussen maats is, vorm kognitiewe en sosiale ontwikkeling belangrike aspekte van hul totale ontwikkeling. Op hierdie twee gebiede kom hul baie probleme en hindernisse tee. Die interaksie tussen die kind se hoopvlak en copinggedrag gaan daarom 'n belangrike rol speel.

### 2.6.3 HOOP EN SELFESTEEM

Snyder et al. (2002) verwys na Hewitt (1998) wat tot die gevolgtrekking kom dat selfesteemmodelle volkome gebou is op doelgerigte gedagtes en op die aanname dat daar waarde/betekenis geheg moet word aan 'n aktiwiteit om selfesteem te laat realiseer. Snyder et al. (2002, p. 262) sê dat bogenoemde aspekte ook op die hoopteorie van toepassing is, maar dat die klem val op die proses van doelwitnastrewing wat emosie ontlok, ...*there is research support for the theoretical assumption that goal-pursuit thoughts (i.e. hope) influence esteem and not vice versa. It also has been reported that hope enhances the prediction of several positive outcomes beyond self-esteem...*

Volgens Snyder et al. (1997) sal die mate waarin kinders waarneem dat hulle hul doelwitte suksesvol kan bereik, hul eiewaarde rig. Hulle noem dat kinders wat aanvoel dat hulle doelwitte kan bereik, positief oor hulleself sal voel terwyl kinders wat aanvoel dat hulle nie doelwitte kan bereik nie negatief oor hulleself mag voel.

Hoop en selfesteem behoort positief verbind te wees, maar daar word aangeneem dat dit hoopvolle (of nie) gedagtes is wat eiewaarde/selfesteem bepaal. Snyder et al. (1997, p. 402) meen die implikasies van hierdie siening is tweeledig van aard vir kindersielkunde: *First, because of the primacy of hopeful thinking relative to self-worth, we should focus upon measuring the underlying hope process. Second, we should spend more of our efforts helping children to attain their goals rather than trying to raise their esteem per se.*

## **2.6.4 COPINGGEDRAG EN SELFESTEEM**

Volgens Bednar, Wells en Peterson (1989), aangehaal deur Santrock (1996), word kinders se selfesteem gewoonlik verhoog wanneer hulle probeer om met 'n probleem te cope, in plaas daarvan om dit te vermy. As coping eerder as vermyding benut word, sal kinders probleme op 'n realistiese, eerlike en nie-verdedigende manier benader. Dit ontlok gunstige self-evaluuerende gedagtes wat weer lei tot selfontwikkelde goedkeuring en dit verhoog weer selfesteem.

Die teenoorgestelde is waar vir 'n lae selfesteem. Ongunstige self-evalueringe gee aanleiding tot ontkenning, misleiding en vermyding in 'n poging om dit wat die waarheid is te ontken en verwerp. Hierdie proses lei tot selfontwikkelde afkeuring as 'n vorm van terugvoering na die self oor persoonlike bekwaamheid/onbekwaamheid (Santrock, 1996).

Bogenoemde dui op die invloed wat copinggedrag op die selfkonsep/-esteem het, maar selfesteem het ook 'n invloed op copinggedrag.

Louw et al. (1996) beweer dat selfaanvaarding en selfbeeld ten nouste saamhang. Selfaanvaarding speel 'n belangrike rol in die kind se persoonlikheidsontwikkeling en beïnvloed alle aspekte van sy/haar funksionering. Die skrywer sê dat kinders met 'n negatiewe selfbeeld gewoonlik 'n hoë angsvlak het en ook later swak skoolvordering en sosiale aanpassing toon. Kinders wat min van hulself dink sal gevvolglik ook min vertroue in hul vermoë hê om moeilike situasies te hanteer en om met probleme te cope. Louw et al. (1996) noem verder dat kinders met 'n positiewe selfkonsep akademies beter presteer en sosiaal meer suksesvol inskakel. Hulle het baie selfvertroue en is nie skaam om opinies uit te spreek nie. Hierdie kinders sal hulself nie maklik laat onderkry nie. Indien hulle sou sukkel om met 'n probleem of hindernis te cope sal hulle eenvoudig 'n ander strategie probeer. Hulle het vertroue in hul vermoë om sukses te behaal.

Matthews en Wells (1996) bespreek die invloed van selfbewustheid of selffokus op copinggedrag en wys daarop dat mense met 'n lae selfesteem/eiewaarde so behep mag raak met hul vrees vir mislukking of vir onsuksesvolle coping dat hulle verval in selfgefokusde copingstrategieë. Die gevolg hiervan is dat die persoon se aandag hoofsaaklik toegespits is op die self en dus weggelei word van probleemoplossende, copinggeoriënteerde denke. Sodanige selffokus lei tot selektiewe aandag en ook selektiewe copingstrategieë wat net om die self sentreer maar nie noodwendig positiewe selfbehoud en selfesteem bevorder nie. Die teendeel blyk waar te wees daarin dat daar algemene belemmering (*impairment*) in alle tipes copinggedrag voorkom by die selfbewuste persoon en dat wanaanpassingscopingstrategieë meestal voorkom, gekenmerk deur verminderde taakfokus en vermeerderde emosiefokus en vermyding.

## 2.7 EVALUERENDE SAMEVATTING

Uit die voorafgaande literatuurstudie blyk dit samevattend dat:

- Elke faset van 'n kind se ontwikkeling gedurende die middelkinderjare is baie belangrik vir gesonde psigososiale ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling behels die bemeesterung van verskeie take, nl. verdere motoriese ontwikkeling, vaslegging van geslagsrolidentiteit, ontwikkeling van konkrete-operasionele denke, uitbreiding van kennis en skolastiese vaardighede, uitbreiding van sosiale deelname en ontwikkeling van groter selfkennis en prekonvensionele moraliteit. Die suksesvolle bemeesterung van bogaande is nodig om te verseker dat kinders deur hul ouers, portuurgroep en ander kultuurgroepe aanvaar word en gevolglik 'n selfbeeld ontwikkel wat hul sal bemagtig vir hul verdere ontwikkeling.
- Die vestiging van hoop in die middelkinderjare is noodsaklik, want die nastrewing van doelwitte is nodig vir die kind se psigiese groei. Kinders met hoop is gemotiveerd om doelwitte te stel en het planne oor hoe om dit te bereik. Doelwitte kan kort- of langtermyn wees met onderskeie subdoelwitte. Hindernisse wat hierdie kinders se doelwitte blokkeer sal oorkom/hanteer word deur verskillende moontlike roetes uit te dink om sodoende by die doelwit uit te kom. Die suksesvolle of onsuksesvolle voltooiing van doelwitte sal bepaal of die kind weer dieselfde werks- en roetedenke sal gebruik. Daar bestaan drie vlakke van hoop, naamlik globale hoop, domein-spesifieke hoop en doel-spesifieke hoop. Hierdie drie vlakke van hoop is in interaksie met mekaar en moet dus gesamentlik in ag geneem word. Kinders met hoop se probleemplossingstrategieë is beter as kinders s'n wie nie baie hoop het nie. Suksesvolle voltooiing van doelwitte bring mee dat kinders goed voel oor hulself. Die teenoorgestelde is ook waar. Indien kinders goed voel oor hulself is hul gemotiveerd om doelwitte te stel en na te streef, al kom daar hindernisse voor. Die verband tussen hoop en selfkonsep/-esteem in kinders blyk dus duidelik.
- Selfkonsep word gebruik as 'n sambrelterm vir verskeie selfkonstrukte. Selfbeeld, selfkonsep, selfpersepsie, selfvertroue, selfesteem, selfagting, selffrespek en selfaanvaarding is terme wat verband hou met 'n persoon se siening van hom-/haarsel, die denke wat persone oor hulself het en die waarde wat persone aan hulself as individue heg.  
Kinders evalueer hul eiewaarde/selfesteem op grond van hul skolastiese en atletiese bekwaamheid, sosiale aanvaarding, gedrag, fisiese voorkoms, gesinsinvloede en emosionele aspekte. Hoe die kind hom-/haarsel evalueer ten opsigte van bovenoemde kwessies sal bepaal hoe sy/haar globale selfesteem sal ontwikkel/vorm.

- Coping bestaan uit reaksies (denke, gevoelens en aksies) wat individue gebruik om daaglikse situasies en spesifieke omstandighede te hanteer. Daar word drie domeine van copinggedrag by kinders geïdentifiseer. Die kognitiewe-gedragsdomein behels 'n integrasie van beide kognitief-emosionele komponente en geassosieerde gedragsmanifestasies. Die kognitief-intrapsigiese domein word gekenmerk deur intern-gefokusde, emosionele en intellektueel-gefokusde copinggedrag. By die interpersoonlike copingdomein is sosiale ondersteuning die primêre faktor.  
Emosionele intelligensie is ook 'n copingstrategie en behels die vermoë om die eie en ander se emosies te beoordeel en uit te druk, emosie en denke te assimileer, emosies te verstaan en analyseer en emosies te reguleer om sodoende emosionele en intellektuele groei te bevorder. Met emosionele intelligensie as copingstrategie word die persoon bewus van ander se gevoelens en het die begrip daarvoor. Dit kan bydra tot meer effektiewe probleemoplossing en die persoon het dan waarskynlik die vermoë om emosies binne hom-/haarself en ander te hanteer. Dit blyk dat emosionele intelligensie ontwikkelingsgebonde is, maar kinders behoort van kleins af van emosionele intelligensie se eienskappe bewus gemaak te word.
- Kinders met hoop en 'n goeie selffesteem sal waarskynlik probleme op effektiewe maniere benader en oplos. Hulle sal dus copingstrategieë gebruik wat sal help met die suksesvolle hantering van situasies. Hoe kinders oor hulself voel en of hulle hoop vir die toekoms het sal dus bepaal hoe hulle oor die algemeen gaan cope. Hoop en selfkonsep beïnvloed mekaar en gesamentlik bepaal dit watter copinggedrag die kind gaan openbaar.

In die voorafgaande hoofstuk is gekyk na kinders se algemene ontwikkeling tydens die middelkinderjare, asook die rol van geslag en kultuur. Die drie hoofkonsepte, nl. hoop, selfkonsep/selffesteem en copinggedrag, asook die samehang tussen die drie konsepte is bespreek.

In die volgende hoofstuk word die metode van ondersoek bespreek.

## **HOOFSTUK 3**

### **EMPIRIESE ONDERSOEK**

#### **3.1 INLEIDING**

Hierdie hoofstuk behels die metode van ondersoek insluitend die doelstellings, navorsingsontwerp, studiegroep en die navorsingsprosedure asook die meetinstrumente en data-analise wat vir hierdie studie gebruik is. Met betrekking tot die meetinstrumente word die rasional, beskrywing, toepassing en interpretasie asook die psigometriese eienskappe en motivering vir insluiting daarvan, bespreek.

#### **3.2 METODE VAN ONDERSOEK**

##### **3.2.1 DOELSTELLINGS**

Die doelstellings van die studie is om te bepaal:

Algemene doelstelling:

Wat die samehang tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag by kinders in die middelkinderjare is.

Spesifieke doelstellings:

1. Hoe hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag asook die verband tussen die konstrukte vanuit die literatuur gekonseptualiseer word.
2. Wat die psigometriese eienskappe van die meetinstrumente is wat in hierdie ondersoek gebruik is.
3. Wat die vlakke van hoop, van selfkonsep/-esteem en van copinggedrag in 'n groep kinders in hul middelkinderjare is.
4. Of daar beduidende verskille bestaan tussen seuns en dogters ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag.
5. Of daar beduidende verskille bestaan tussen kinders uit verskillende kulture ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag.
6. Of daar verbande bestaan tussen die meetinstrumente wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag in hierdie ondersoek verteenwoordig.
7. In watter mate die operasionalisering van die hoopkonstrukt en van selfkonsep/-esteem, copinggedrag in hierdie ondersoek kan voorspel.

### **3.2.2 NAVORSINGSONTWERP**

‘n Eenmalige dwarsdeursnitopname-ontwerp is vir die doel van die ondersoek gebruik.

### **3.2.3 STUDIEPOPULASIE**

Die studiepopulasie is saamgestel uit kinders in hul laat-middelkinderjare (Gr 4-6; 10-12 jaar) wat uit vier skole in Vereeniging in die Vaaldrifhoek genader is om deel te neem aan die projek. Uit die vier skole wat gekies is was daar twee skole waar Afrikaans die voertaal is, een waar Engels die voertaal is en een waarin beide Afrikaanse en Engelse leerlinge is. Die spesifieke skole is ook genader, sodat leerlinge uit ander bevolkingsgroepe wat in Engels onderrig ontvang, in die populasie ingesluit kon word.

- **STEEKPROEFSAMESTELLING**

Die klasindeling van al die betrokke skole is op ‘n heterogene wyse gedoen. Op grond hiervan is een klas by elke skool op ‘n lukraak wyse uit elke graad gekies. By die Afrikaans/Engelse skool is ‘n Afrikaanse en Engelse klas uit elke graad geneem. Hierdie metode is gebruik, sodat die vraelyste per klas uitgedeel kon word en op ‘n georganiseerde manier ingevul kon word.

Volgens die indeling van die skole was daar ‘n totaal van 461 leerlinge waarvan daar 165 wit seuns en 185 wit meisies; en 49 swart seuns en 62 swart meisies, was.

### **3.2.4 NAVORSINGSPROSEDURE**

Die Gauteng Departement van Onderwys is genader vir toestemming om die navorsing by verskeie skole te mag doen (sien Bylaag A). Die betrokke vraelyste asook die doelwitte van die studie is voorgelê.

Nadat toestemming verkry is, is verskeie skole in die Vereenigingstreek genader en die wat gewillig was, is vir die navorsing gebruik. Die skoolhoofde is ook van die vraelyste en doelwitte van die studie voorsien. Daarna is toestemmingsbriewe deur die skoolhoofde aan die ouers gestuur, waarop hul moes aandui of hul kinders aan die studie mag deelneem. Geen ouers het deelname aan die studie geweier nie.

Die leerlinge is ingelig oor wat die studie behels en vraelysinstruksies is verduidelik. Die vraelyste, in die taal van hul keuse, is in die vorm van ‘n dun boekie voorgelê. ‘n Voorblad is aangeheg waarop geslag en huistaal aangedui moes word.

Die vraelyste is deur die ondersoeker self (geregistreerde psigometris) of ‘n ander psigometris afgeneem en baie moeite is gedoen om toetsomstandighede so geskik en gemaklik as moontlik vir die leerders te

maak. Vraelysinstruksies is aan die leerders verduidelik en hulle is deurlopend bygestaan indien hulle onseker was of vrae gehad het en hulle is ook soveel tyd gegun as wat hulle benodig het.

Vraelyste wat gebruik was, is die *Piers-Harris Children's Self-Concept Scale* (Piers, 1984); *Children's Hope Scale* (Snyder et al., 1997) en *Coping Inventory* (Dise-Lewis, 1988).

Die vraelyste is professioneel vertaal en gekontroleer deur twee taalkundiges volgens die voorskrifte van die RGN (sien Bylaag B). Voordat die vraelyste op die werklike steekproef toegepas is, is dit op 'n kleiner steekproef van twaalf leerlinge (vier uit Grade 4, 5 en 6) toegepas om seker te maak dat die vraelyste betroubaar is en dat al die instruksies en vrae duidelik verstaanbaar is.

Die afneem van die vraelyste het sonder probleme verloop. Daar kan egter vermeld word dat sommige konsepte moeilik was om te verstaan (veral deur swart leerlinge) en dat meer verduideliking dus nodig was. Twaalf vraelyste was nie volledig voltooi nie en kon dus nie gebruik word nie.

Die volgende etiese beginsels is gehandhaaf in die ondersoekprosedure:

- Tydens hierdie studie is alles moontlik gedoen om te verseker dat geen deelnemer benadeel is nie.
- Deelname aan hierdie studie was vrywillig en die aard en doel van die studie is duidelik gemaak.
- Instruksies vir vraelyste is duidelik weergegee.
- Alle inligting is vertroulik hanteer en geen name is genoem nie.

### 3.2.5 MEETINSTRUMENTE

#### 3.2.5.1 CHILDREN'S HOPE SCALE (CHS)

##### • RASIONAAL

Snyder et al. (1997) konseptualiseer hoop in terme van positiewe verwagtinge dat doelwitte bereik kan word. Die hoopkonstruk is gegrond op die aanname dat kinders doelgerig is en dat hul doelgeoriënteerde gedagtes verklaar kan word aan die hand van twee verwante komponente: doelgerigte denke (*agency*) en doelbereikingsdenke (*pathways*). Hierdie doelwitbenadering tot hoopvolle denke in kinders word geoperasionaliseer deur 'n dispositionele, individueel-verskillende selfrapporteringskaal wat die hoopmodel weerspieël. Die CHS is dus 'n indeks vir die meting van kognitiewe aspekte van die hoopkonsep. Snyder et al. (1997) beveel aan dat die CHS se gebruiksnaam vir kinders *Questions about your goals / Vrae oor jou doelwitte*, moet wees.

- **BESKRYWING, TOEPASSING EN INTERPRETASIE**

Die CHS is `n selfrapporteringsindeks wat uit ses items bestaan. Die doelgerigte denke (*agency*) en doelbereikingsdenke (*pathways*) komponente word elk deur drie items verteenwoordig. Kinders moet reageer op die items deur `n keuse te maak tussen ses moontlike opsies, nl. nooit, baie min, soms, baie keer, meeste van die tyd en altyd (Snyder et al., 1997). Dit is geskik vir kinders van agt tot sestien jaar. ‘n Totaaltelling vir die CHS word verkry deur die tellings vir die ses items te sumeer.

Die CHS reflekteer doelgeoriënteerde denke. Kinders wat hoë tellings behaal op die CHS koppel hulself aan positiewe uitkomste en distansieer hulself in `n mate van negatiewe uitkomste. Snyder, aangehaal deur Roberts et al. (2002), het vier verskillende patronen geïdentifiseer wat kinders se hoop beskryf. Dit is gebaseer op die kombinasie van hul *agency* en *pathways* subtellings: geringe hoop (lae *agency* en lae *pathways*), halwe hoop (een lae en een hoë telling), en hoë of baie hoop (hoë *agency* en hoë *pathways*).

- **PSIGOMETRIESE EIENSKAPPE**

Die CHS bewys aanvaarbare interne (Cronbach alfas in hoë .70's en .80's) en toets-hertoets (.70's) betrouwbaarheid. Snyder, Cheavens en Michael (1999, p. 209) meen dat *the CHS also has displayed convergent and discriminant validity in terms of yielding predicted relationships with other self-report scales for children.*

‘n Steekproef, waarby seuns en dogters ingesluit was, het getoon dat daar geen noemenswaardige verskille was nie (Snyder et al., 1997).

- **MOTIVERING VIR INSLUITING VAN CHS**

Die CHS is ingesluit, omdat hoop positief geassosieer word met selfkonsep sowel as met copinggedrag. Die literatuur wys daarop dat kinders wat aanvoel dat hulle doelwitte kan bereik, positief oor hulself sal voel in teenstelling met kinders wat nie doelwitte kan bereik nie. Die copingproses blyk ook baie nou verweef te wees met hoop. ‘n Hoë hoopvlak stel mense in staat om na doelwitte te streef, hindernisse te oorkom, goed oor hulself te voel en negatiewe emosies af te weer.

Sover vasgestel kon word is die CHS van Snyder et al. (1997) die enigste skaal wat hoop by kinders meet.

### **3.2.5.2 PIERS-HARRIS CHILDREN'S SELF-CONCEPT SCALE (PHCSCS)**

- **RASIONAAL**

Piers (1984, p. 43) omskryf die rasional van die PHCSCS as volg: *Construction and use of the Piers-Harris are based on the belief that individuals hold a relatively consistent view of themselves, which develops and stabilizes during childhood. Furthermore, it is assumed that children will reveal important aspects of this underlying self-image by stating whether or not a series of simple, declarative statements hold true for them, and that this assessment of their self-concept relates meaningfully to other aspects of their personalities and to predictions of future behaviour.*

- **BESKRYWING, TOEPASSING EN INTERPRETASIE**

Die PHCSCS is 'n selfrapportervraelys wat ontwerp is om te bepaal hoe kinders (8-18 jaar) hulself ervaar. Die skaal kan individueel of in groepe gebruik word. Tagtig stellings, wat beskryf hoe sommige mense oor hulself voel, word aan die kinders voorgelê en hulle word dan gevra om aan te dui of die stelling op hulle van toepassing is, deur gebruik te maak van 'n "ja" of "nee" respons. Die PHCSCS se handleiding

(Piers, 1984) dui die korrekte response aan vir interpretasiedoeleindes.

Die skaal reflektereer die kind se algehele persepsie van sy/haar selfkonsep, asook meer spesifieke inligting in verband met die kind se gedrag, intellektuele en skoolstatus, fisiese voorkoms en ander eienskappe, angsvlak, gewildheid en geluk en tevredenheid (Piers, 1984).

Piers (1984) beskryf die aspekte wat gemeet word as volg:

- **Totaaltelling (PH-T)**

Hierdie is die mees betroubare meting vir die PHCSCS en ook die een wat die meeste deur navorsing ondersteun word. Die PH-T word verkry deur die 36 korrekte "ja" response te sumeer en daarna die 44 korrekte "nee" response en die twee subtotale bymekaar te tel.

Die telling wissel van 0-80 en reflektereer die hoeveelheid individuele items wat op so 'n manier geantwoord is dat dit op 'n positiewe selfkonsep dui.

'n Hoë telling op hierdie skaal dui dus op 'n "gunstige" selfkonsep, wat beteken dat die kind se selfkonsep of selfagting hoog is. Laer tellings word geassosieer met 'n laer selfkonsep. Die laer selfkonsep kan spesifiek wees deurdat slegs spesifieke aspekte van die kind se selfevaluering geaffekteer word, of dit kan veralgemeen word na verskeie aspekte van die selfkonsep.

- **Gedrag (PH1 - 16 items)**

Hierdie aspek reflekteer in hoe 'n mate die kind problematiese gedrag erken of ontken. Response op hierdie items kan belangrike inligting verskaf in verband met die kind se siening van sy probleme, waar hulle voorkom en ook of hy/sy verantwoordelikheid daarvoor aanvaar of nie.

'n Lae telling veronderstel erkende gedragsprobleme. Hoë tellings is moeiliker om te interpreteer, aangesien dit kan dui op die afwesigheid van gedragsprobleme of op 'n poging om sulke probleme te vermy.

- **Intellektuele en skoolstatus (PH2 - 17 items)**

Die kind se selfevaluering van sy/haar vermoëns ten opsigte van intellektuele en skolastiese take word hier gereflekteer, asook die algemene tevredenheid met skool en sy/haar toekomsverwagtings.

'n Lae telling mag dui op spesifieke probleme met skoolverwante take. Piers (1984) sê dat *In children with a record of low academic achievement or a history of learning or behavioural problems in school, this negative self-evaluation may reflect an internalisation of the low appraisal of others or a lack of investment in doing well academically.*

- **Fisiiese voorkoms en eienskappe (PH3 - 13 items)**

Hier word die kind se houding ten opsigte van sy/haar fisiese kenmerke, sowel as eienskappe soos leierskap en die vermoë om idees uit te druk, gereflekteer. Hierdie skaal is sensitief vir die verskille tussen seuns en dogters. By die interpretering van hierdie skaal is dit belangrik om in ag te neem of die telling 'n lae selfkonsep in verhouding tot die liggaam reflekteer en of die kind eenvoudig "geheg" is aan tradisionele geslagsrolstereotipes.

- **Angs (PH4 - 14 items)**

Hierdie skaal reflekteer algemene emosionele ontsteldheid en disforiese gemoed. Spesifieke emosies soos bekommernis, gespannenheid, skaamheid, hartseer, vrees en 'n gevoel van "verwerping" word gemeet. Indien 'n kind 'n lae telling op hierdie skaal behaal is dit belangrik om die individuele itemresponse te bestudeer om die aard van die kind se besorgdhede te bepaal en indien moontlik hulp te verleen.

- **Gewildheid (PH5 - 12 items)**

Gewildheid reflekteer die kind se evaluering van sy/haar gewildheid onder klasmaats, word hy/sy gekies vir speletjies en sy/haar vermoë om vriende te maak.

'n Lae telling reflekteer skaamheid, tekort aan interpersoonlike vaardighede, of ander persoonlikheidseienskappe wat die kind mag isoleer.

- **Geluk en tevredenheid (PH6 - 10 items)**

Hieruit kan afgelei word of die kind oor die algemeen gelukkig voel, of dit maklik is om met hom/haar oor die weg te kom en of hy/sy tevrede is met die lewe en omstandighede.

Lae tellings word geassosieer met gevoelens van algemene ontevredenheid, gevoelens van negatiewe selfwaarde en 'n begeerte vir dinge om anders te wees.

- **PSIGOMETRIESE EIENSKAPPE VAN DIE PHCSCS**

Die PHCSCS word as 'n hoogs betroubare instrument beskou.

Die toets-hertoets stabiliteit is vasgestel deur gebruik te maak van beide normale en spesiale steekproewe.

Die betroubaarheidskoëffisiënte wissel van .42 tot .96.

Interne konstantheid vir die totale telling word geskat tussen .88 en .93. Interne konstantheid vir die ses subskale, gebaseer op Piers se normatiewe steekproef is: .81 vir Gedrag; .78 vir Intellektuele en skoolstatus; .76 vir Fisiese voorkoms en eienskappe; .77 vir Angs; .74 vir Gewildheid en .73 vir Geluk en tevredenheid (Piers, 1984).

Bepaling van inhouds-, kriteria-verwante- en konstrukgeldigheid van die PHCSCS is verkry deur verskeie empiriese studies. Hierdie studies het verskeie benaderings gebruik wat itemanalise en interkorrelasies tussen die skale en items insluit, asook vergelykings van die response van verskeie kriteria groepe. Die PHCSCS is ook vergelyk met ander skale wat ontwerp is om teoreties ooreenstemmende konstrukte te meet (Piers, 1984). Die korrelasies wissel tussen .32 en .85, en die hoogste korrelasie is met die *Coopersmith Self-Esteem Inventory* (Piers, 1984).

Die PHCSCS was een van vyf skale wat deur Bracken et al. (2000) in 'n studie gebruik is. Die doel van die studie was om te ondersoek tot watter mate die vyf skale Bracken se voorgestelde model van selfkonsep ondersteun. Elk van die vyf instrumente is saamgestel uit subskale wat sommige of al ses van die domeine reflekteer.

Nadat resultate van die studie ontleed is, is daar bewyse gevind van sterk globale selfkonsepfaktore by elk van die vyf selfkonsepskale. Die PHCSCS se geldigheid as operasionalisering van die selfkonsepkonstrukt word dus ook uit hierdie navorsing bevestig.

Studies het volgens Piers (1984) bevind dat daar oor die algemeen geen beduidende verskille tussen seuns en dogters se selfkonsep is nie.

- MOTIVERING VIR INSLUITING VAN DIE PHCSCS

Vanuit die literatuur blyk dit dat daar `n positiewe korrelasie tussen selfkonsep/-esteem, hoop en copinggedrag is. Die teorie veronderstel dat hoopvolle gedagtes (doelwitnastrewing) selfesteem beïnvloed en nie andersom nie. Wanneer doelwitte dus suksesvol voltooi word, verhoog die kind se selfesteem (eiewaarde).

Die literatuur meld ook dat kinders se selfesteem verhoog wanneer hulle probeer om met probleme te cope in plaas daarvan om dit te vermy. As copinggedrag eerder as vermyding die oorhand kry, sal kinders probleme op `n realistiese, eerlike en nie-verdedigende manier benader.

Hoewel verskeie selfbeeld/eiewaarde-meetinstrumente vir kinders bestaan, het PHCSCS se uitstekende psigometriese reputasie daartoe bygedra dat dit vir hierdie ondersoek verkies is.

### 3.2.5.3 COPING INVENTORY (CI)

- RASIONAAL

Die *Life Events and Coping Inventory* (LECI) is `n instrument wat bepaal hoe kinders lewenstres ervaar en watter copinggedrag hulle gebruik. Dise-Lewis (1988, p. 486) wys daarop dat: *Data generated from the inventory describe the amounts of life change experienced by children, ratings of the perceived "stressfulness" of these changes, and the types of coping strategies used by "normal" children to manage stress.*

Vir die doel van hierdie studie is die *Coping Inventory* (CI) subskaal gebruik om copinggedrag by die huidige ondersoekgroep te meet.

- BESKRYWING, TOEPASSING EN INTERPRETASIE

Die *Coping Inventory* bestaan uit vyf subskale wat copingstrategieë meet, nl.

Aggressie (7 items), Streserkenning (13 items), Afleiding (12 items), Selfvernietiging (8 items) en Verduring (9 items). Volgens Dise-Lewis (1988) dui die subskale streserkenning en afleiding op positiewe copingwyses en die subskale aggressie, selfvernietiging en verduring op meer negatiewe copingstyle. Die items is in die vorm van stellings, bv. "maak iemand seer; huil; oefen; doen iets gevaaerlik; eet." Die kind moet homself in `n moeilike situasie of verandering in sy lewe voorstel en dan besluit of hy "nooit, byna nooit, soms, meestal of altyd" so sal optree. Items van die verskeie subskale wissel mekaar in die vraelys af.

Die CI het nie 'n totaal telling nie en die subskaaltotale word verkry deur die itemtellings vir elke subskaal te sumeer.

Hierdie meetinstrument gee 'n aanduiding van die verskeie copingstrategieë, beide positief en negatief, wat kinders gebruik by die hantering van stresresponse, dus 'n beskrywing van kinders se copingrepertoires. Kinders dui aan watter strategieë hulle die meeste gebruik.

- **PSIGOMETRIESE EIENSKAPPE**

Betroubaarheid van die CI word aangedui deur die *time 1/time 2 Pearson* produk-moment korrelasies van die individuele lewenservaring-itemtellings wat gewissel het van .07 tot .56, met 'n gemiddelde van .25. Die algehele Pearson korrelasie-koëffisiënt vir die lewenservaring tellings oor 'n periode van 11 weke was .97. Soortgelyke resultate is gevind vir copingstrategie-items, waar die produk-momentkorrelasies van individuele items gewissel het van -.13 tot .61, met 'n gemiddelde van .32. Die koëffisiënt wat die stabiliteit van 'n stel copingstrategieë verteenwoordig was .98. Hierdie bevindinge stem ooreen met data wat gevind is in 'n ander studie oor kinders se lewenservaringtellings asook met betroubaarheidstatistiek wat verkry is vir die volwasse tellings van die SRE.

Die geldigheid van die CI is bepaal deur die verbande van die subskale met indekse van angs, depressie en psigosomatiese simptome te bepaal en teoreties verwagte ooreenstemming is gevind (Dise-Lewis, 1988).

Uit studies wat gedoen is, is daar volgens Dise-Lewis (1988) nie noemenswaardige verskille tussen seuns en dogters gevind nie. Die enigste aspek waar 'n duidelike verskil verkry is, was by "streserkenning" waar meisies hoër tellings behaal het.

- **MOTIVERING VIR INSLUITING VAN DIE COPING STRATEGIES**

Soos voorheen gemeld is daar teoreties 'n positiewe korrelasie tussen hoop, selfkonsep en copinggedrag. Kinders met hoop het meer motivering om spesifieke strategieë te gebruik en saam met weldeurdagte planne oor hoe om dit te doen, sal dit lei tot groter sukses by die gebruik van verskeie copingstrategieë. Die suksesvolle voltooiing van doelwitte sal weer 'n hoër selfkonsep tot gevolg hê.

Boekaerts (in Zeidner & Endler, 1996) wys daarop dat daar 'n leemte in die copingnavorsing bestaan wat blyk uit 'n tekort aan goedgevalideerde meetinstrumente vir coping by kinders. In die verkenning van die copingliteratuur ter voorbereiding vir hierdie huidige navorsing, was die LECI se CI die enigste meetinstrument wat geredelik verkry kon word.

### **3.2.6 DATAVERWERKING**

Die volgende statistiese ontledings is gedoen:

- Beskrywende statistiek en psigometriese analise van die meetinstrumente.
- Beduidende verskille tussen subgroepe.
- Korrelasie en regressie-onledings.

Die bogenoemde data-analise is gedoen met behulp van die STATISTICA- rekenaarprogram.

### **3.3 EVALUERENDE SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is metode van ondersoek insluitend die navorsingsontwerp, ondersoekgroep en prosedure bespreek. Die meetinstrumente is breedvoerig bespreek asook hul psigometriese eienskappe en hoekom elk van die spesifieke vraelyste vir die studie gekies is. Dataverwerking is kortliks aangetoon.

In die volgende hoofstuk sal bespreek word hoe die geselekteerde vraelyste die hoofkonsepte van hierdie studie meet asook die verband tussen die hoofkonsepte en beduidende verskille tussen respondentegroepe, soos gevind deur die resultate.

## **HOOFSTUK 4**

### **RESULTATE EN INTERPRETASIE VAN RESULTATE**

#### **4.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word die resultate van die ondersoek uiteengesit en geïnterpreteer. Eerstens sal die beskrywende statistiek bespreek word. Beskrywende statistiek behels die evaluering van gemiddelde tellings vir die onderskeie meetinstrumente asook die evaluering van die betrouwbaarheid en geldigheid daarvan. Die beduidende verskille tussen die subgroepe (seuns en dogters; wit en swart) met betrekking tot die onderskeie meetinstrumente sal bespreek word. Die verbande tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag sal aangedui word en laastens sal die voorspelling van copinggedrag deur hoop en selfkonsep/-esteem bespreek word.

#### **4.2 BESKRYWENDE STATISTIEK, BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID**

##### **4.2.1 EVALUASIE VAN GEMIDDELDE TELLINGS**

Beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en die omvang van tellings) vir die totale groep respondenten, word in Tabel 2 hieronder weergegee.

**Tabel 2:**

Gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings op al die meetinstrumente vir die Totale Groep: (N = 461)

Instrument	Gemiddelde	Standaardafwyking	N
CHS-T	25.95	4.80	8
CI-Agr.	11.51	4.00	7
CI-Str.	38.91	8.71	14
CI-Afl.	41.62	7.72	16
CI-Selfv.	11.12	3.48	8
CI-Verd.	26.54	5.32	9
PH-1	12.94	2.66	2
PH-2	12.37	3.22	3
PH-3	8.77	2.96	0
PH-4	9.58	3.00	1
PH-5	7.92	2.57	0
PH-6	8.24	1.89	0
PH-T	58.10	11.46	13
			79

**Sleutel:**

CHS-T = Children's Hope Scale – Totaal; CI-Agr. = Coping Inventory – Aggressie-subskaal;  
 CI-Str. = Coping Inventory – Streserkenningsubskaal; CI-Afl. = Coping Inventory – Afleiding-subskaal; CI-Selfv. = Coping Inventory – Selfvernietiging-subskaal; CI-Verd. = Coping Inventory – Verduring-subskaal; PH-1 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gedrag; PH-2 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Intellekturele en skoolstatus; PH-3 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Fisiiese voorkoms en eienskappe; PH-4 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Angs; PH-5 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gewildheid; PH-6 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Geluk en tevredenheid; PH-T = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Totaaltelling

'n Ondersoek van beskikbare literatuur met betrekking tot die meetinstrumente wat in hierdie ondersoek gebruik is, het vergelykbare informasie ten opsigte van die CHS, PHCSCS en die LECI se CI opgelewer. Vervolgens word die beskrywende statistiese resultate van die totale groep kinders in hul middelkinderjare in hierdie ondersoek op die genoemde meetinstrumente vergelyk met dié verkry op dieselfde meetinstrumente soos wat in die literatuur vermeld word.

- **Die Hoopskaal (CHS)**

Die ondersoeksgroep wat in hierdie studie gebruik is, het vir die CHS 'n totale gemiddelde telling van 25.95 behaal. Hierdie telling stem ooreen met die gemiddelde telling van 25.4 wat deur Snyder et al. (1997) vir 'n groep seuns en dogters uit Graad 4 tot Graad 6 bevind is. Suid-Afrikaanse navorsing met die CHS toegepas op vergelykbare groepe kon nie deur die huidige navorsers gevind word nie.

Doelgerigtheidsdenke is veral belangrik wanneer hindernisse in doelwitnastrewing teëgekom word. Gedurende sulke omstandighede help doelgerigte denke die persoon om die nodige motivering toe te pas sodat die beste alternatiewe wyses gebruik kan word. By die huidige ondersoeksgroep was die gemiddeld vir **doelgerigte denke** ( $x=12.6$ ) laer as vir doelbereikingsdenke, wat 'n aanduiding is dat die kinders 'n laer motivering het om doelwitte na te streef of hindernisse te oorkom. 'n Moontlike verklaring hiervoor mag gevind word in die konkreetgebonde aard van dink wat kenmerkend is van kinders in hierdie ontwikkelingsfase. Dit mag moeiliker wees om te dink aan wát die doelwit behels as aan hoé om dit te bereik. Selfs die ouerskap- of opvoedingstyle wat eie is aan die Suid-Afrikaanse opvoedingskultuur en wat tot 'n groot mate voorskriftelik van aard is, mag daartoe lei dat kinders nie tot só 'n mate doelgerigte waaghouding het soos wat in Amerikaanse kulture voorkom nie. Hieroor moet nog navorsing gedoen word.

- **Die Piers-Harris-Selfkonsepskaal vir kinders (PHCSCS)**

Die totale gemiddelde telling vir die ondersoeksgroep in hierdie studie is 58.1. Hierdie telling val binne die grense van Piers (1984) se bevindings vir Graad 4 tot Graad 6 leerders se tellings wat gewissel het tussen 52.7 en 60.4. Die huidige ondersoeksgroep se gemiddeld van 58.1 is effens hoër as die gemiddeld van 54.5 wat deur Naudé (2001) bevind is en ietwat laer as die 59.1 van Du Toit (2002). Die gemiddelde telling in Kritzinger (2002) se studie was 56.4 en Heyns (2002) se ondersoeksgroep het 'n gemiddeld van 57.7 behaal. Beide stem dus ooreen met die gemiddelde telling van 58.1 van die huidige studie. Al die bovenoemde ondersoeke was met vergelykbare groepe.

**PH 1 (gedrag)** – Die huidige studie se totale ondersoeksgroep het 'n gemiddeld van 12.9 behaal. Die studiegroep van Middei (2000) het 'n gemiddelde telling van 12.3 behaal wat ooreenstem met die gemiddeld van die huidige studie. Piers (1984) se ondersoeksgroep het 'n effens laer gemiddeld van 11.4 behaal. Heyns (2002) se ondersoeksgroep het 'n gemiddeld van 12.1 behaal, Kritzinger (2002) se

ondersoekgroep 'n gemiddeld van 11.9 en Du Toit (2002) s'n 12.7. Die hoër gemiddelde telling van die huidige studie kan aanduidend wees van die afwesigheid van probleemgedrag of die ontkenning van die probleemgedrag. Indien eersgenoemde die geval is, is dit dalk 'n aanduiding dat die kinders wat aan hierdie studie deelgeneem het oënskynlik van effektiewe copinggedrag gebruik maak.

**PH 2 (intellektuele en skoolstatus)** – Die totale ondersoekgroep in die huidige studie het 'n gemiddelde telling van 12.4 behaal wat ooreenstem met die gemiddeld van Heyns (2002) se ondersoekgroep van 12.3 asook met Middel (2000) se groep se 12.4. Kritzinger (2002) se ondersoekgroep het gemiddelde telling van 11.9 behaal en du Toit (2002) s'n 13.1. Hieruit blyk dit dat die huidige ondersoekgroep se kinders oënskynlik tevrede is met hul skoolprestasie.

**PH 3 (fisiese voorkoms)** – 'n Gemiddelde telling van 8.8 is deur die ondersoekgroep behaal. Heyns (2002), Middel (2000), Kritzinger (2002) en Piers (1984) se ondersoekgroepe het tellings behaal wat wissel tussen 8.3 en 8.7 en Du Toit (2002) s'n was 9.5. Fisiese voorkoms is een van die belangrikste areas waarin kinders hul eiewaarde evalueer. Uit bovenoemde resultate blyk dit dat die kinders in hierdie ondersoekgroep skynbaar nie heeltemal tevrede met hul liggaamsbeeld en karaktereienskappe is nie en die evaluering van hul eiewaarde kan moontlik ook negatief hierdeur beïnvloed word.

**PH 4 (angs)** – Kritzinger (2002), Naudé (2001), Heyns (2002) en Middel (2000) se ondersoekgroepe het onderskeidelik gemiddelde tellings tussen 8.8 en 9.1 behaal. Die totale ondersoekgroep in hierdie studie het 'n gemiddelde telling van 9.6 behaal. Hierdie telling stem ooreen met dié van Piers (1984) en Du Toit (2002) se ondersoekgroepe wat tellings van 9.5 behaal het. Die resultate van die huidige ondersoekgroep dui aan dat die kinders wat aan hierdie studie deelgeneem het 'n effens hoër angsvlak het as wat by ander vergelykbare groepe waargeneem is.

**PH 5 (gewildheid)** – 'n Gemiddelde telling van 7.9 is deur die totale ondersoekgroep in hierdie studie behaal. Hierdie telling stem ooreen met ander navorsers, soos Middel (2000), Naudé (2001), Heyns (2002) en Kritzinger (2002) se bevindinge met vergelykbare ondersoekgroepe. Die resultate wat deur hierdie navorsers verkry is het gewissel tussen 7.4 en 7.6. Piers (1984) en Du Toit (2002) se ondersoekgroepe het hoër gemiddeldes van onderskeidelik 8.1 en 8.2 behaal. Dit wil voorkom of die kinders in die huidige ondersoek effens negatief ingestel is ten opsigte van hul evaluering van hul gewildheid by maats, hul vermoë om vriende te maak en saam met maats aan aktiwiteite deel te neem. Dit mag wees as gevolg van skaamheid of 'n tekort aan interpersoonlike vaardighede of persoonlikheidseienskappe wat die kind nog ontbreek. Volgens die literatuur is dit egter belangrik dat kinders sal inskakel by en deel wees van 'n groep aangesien dit nodig is vir goeie sosiale ontwikkeling.

**PH 6 (geluk en tevredenheid)** – Piers (1984) en du Toit (2002) het gemiddelde tellings van 8.0 bevind wat effens laer is as die huidige totale ondersoekgroep se telling van 8.2. Naudé (2001), wie se ondersoekgroep uit ‘n vergelykbare groep kinders bestaan het, het ‘n gemiddelde telling van 7.8 bevind. Die huidige ondersoekgroep se telling op hierdie subskaal is laer as die ander subskale (behalwe die gewildheid-subskaal) in hierdie indeks se tellings, wat daarop mag dui dat sommige kinders nie heeltemal gelukkig en tevrede met hul omstandighede is nie en dalk ‘n begeerte het om dit te verander.

Uit die uiteensetting van die resultate van die huidige ondersoekgroep op die PHCSCS, wil dit voorkom asof hierdie groep ooreenstem en selfs effens beter vaar op selfbeeldindekse as Piers (1984) se normgroepe en ‘n paar vergelykbare Suid-Afrikaanse studiepopulasies.

- **Die copinggedragskaal (CI)**

Alhoewel die gemiddeldes van die huidige totale ondersoekgroep baie laer is as die gemiddeldes wat deur Dise-Lewis (1988) gevind is, stem die copingstrategieë wat die meeste en minste deur kinders gebruik word wel ooreen.

Die ondersoekgroepe van Dise-Lewis (1988) en die huidige studie het beide aangedui dat **Afleiding** as copingstrategie die meeste gebruik word om met sekere situasies te cope. Dise-Lewis (1988) se ondersoekgroep het ‘n gemiddelde telling van 62.0 behaal en die huidige totale ondersoekgroep ‘n gemiddeld van 41.6. **Streserkennung** as copingstrategie is die tweede meeste gebruik. Dise-Lewis (1988) en die huidige studie het onderskeidelik tellings van 56.0 en 38.9 verkry. Die copingstrategie wat ook baie deur die kinders gebruik word is **Verduring**. Die ondersoekgroep van Dise-Lewis (1988) het ‘n gemiddeld van 47.4 behaal en die huidige totale ondersoekgroep ‘n gemiddeld van 26.5. Die copingstrategieë wat die minste deur die kinders aangedui is was **Aggressie** en **Selfvernietiging**. Dise-Lewis (1988) se ondersoekgroep het vir hierdie twee copingstrategieë onderskeidelik gemiddeldes van 22.3 en 15.8 behaal. Die huidige studie se gemiddeldes vir Aggressie en Selfvernietiging was onderskeidelik 11.5 en 11.1.

Wat die redes vir die besonder groot verskille in gemiddelde tellings tussen die Amerikaanse ondersoekgroep van Dise-Lewis (1988) en die huidige Suid-Afrikaanse studiegroep is, is glad nie duidelik nie. Nie alleen kon geen ander Suid-Afrikaanse navorsing met die LECI se CI opgespoor word nie, ‘n rekenaarsoektog kon ook geen ander literatuur of empiriese gegewens vir die Dise-Lewis (1988) LECI se CI vind nie. Schwarzer en Schwarzer (1996) se kritiek op die LECI se CI is dat die vyffaktormodel waarop die CI gebaseer is, nie gekruisvalideer is nie en dus waarskynlik ernstig sal awyk in ander populasies. Dit is moontlik die geval met die huidige ondersoekgroep. Verder mag kultuur- en konteksspesifieke faktore nooit buite rekening gelaat word nie (sien 4.2.2). Hieroor kan verdere navorsing gedoen word.

Samevattend blyk dit dus uit die bogaande gegewens dat die gemiddelde tellings wat in Tabel 2 gerapporteer word, in die geval van die CHS en die PHCSCS goed vergelyk met resultate wat in die literatuur gerapporteer word. In die geval van die CI is die gemiddelde tellings hier behaal egter baie laer as dié wat deur Dise-Lewis (1988) vermeld is. Individuele variasie in tellings blyk uit die relatief wye omvang van tellings. Standaardafwykings stem min of meer ooreen met dié wat in die literatuur ten opsigte van hierdie skale gerapporteer word.

#### **4.2.2 EVALUASIE VAN DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE MEETINSTRUMENTE**

Cronbach-alfabetrouwbaarheidskoëffisiënte vir die meetinstrumente soos verkry met die totale groep respondenten, word in Tabel 3 weergegee.

**Tabel 3:**

Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse vir al die meetinstrumente: Totale Groep  
(N = 461)

Meetinstrument	Cronbach's alpha
CHS-T	0.65
CI-Agr.	0.63
CI-Str.	0.75
CI-Afl.	0.72
CI-Selfv.	0.53
CI-Verd.	0.37
PH-1	0.73
PH-2	0.76
PH-3	0.77
PH-4	0.75
PH-5	0.69
PH-6	0.67
PH-T	0.98

**Sleutel:**

**CHS-T** = Children's Hope Scale – Totaal; **CI-Agr.** = Coping Inventory – Aggressie-subskaal;  
**CI-Str.** = Coping Inventory – Streserkenningsubskaal; **CI-Afl.** = Coping Inventory – Afleiding-subskaal; **CI-Selfv.** = Coping Inventory – Selfvernietiging-subskaal; **CI-Verd.** = Coping Inventory – Verduring-subskaal; **PH-1** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gedrag; **PH-2** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Intellekturele en skoolstatus; **PH-3** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Fisiese voorkoms en eienskappe; **PH-4** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Angs; **PH-5** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gewildheid; **PH-6** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Geluk en tevredenheid; **PH-T** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Totaaltelling

- **Die Hoopskaal (CHS)**

Soos in Tabel 3 gesien kan word, is 'n matig tot goeie Cronbach-alfabetroubaarheidsindeks van 0.65 vir die totale groep op die CHS bevind. Hoewel dit 'n aanvaarbare aanduiding van betrouwbaarheid is, is dit heelwat laer as die 0.72 tot 0.86 wat Snyder et al. (1997) in hul ondersoek bevind het. Die rede hiervoor is onduidelik. 'n Itemontleding dui egter daarop dat item 5 by verre die laagste interne konsekwentheid (0.53) het teenoor die 0.76 tot 0.84 van die ander vyf items. Verwydering van item 5 het dan ook die algemene betrouwbaarheid van die CHS aansienlik verhoog tot 0.76. Item 5 meet die kind se vermoë om te kan weet of die dinge wat hy/sy in die verlede gedoen het, hom/haar in die toekoms sal help. Dit impliseer dus 'n vermoë tot omkeerbare (*reversible*) denke by die kind en daar kan net gespekuléer word dat kinders in hierdie ondersoekgroep nog lae ontwikkelingsvlakke van omkeringsdenke (*reversiedenke*) manifester. 'n Ander moontlike verklaring vir die laer betrouwbaarheidsindeks van die CHS in hierdie ondersoek is dat etniese/kultuurverskille oor die algemeen voorkom ten opsigte van die betrouwbaarheid al dan nie, van meetinstrumente. Dit mag dui op verskillende betekenisse en waardes wat diverse kulturele populasies in 'n ondersoekgroep heg aan die aspekte wat gemeet word (Lopez et al., 2002 en Zuckerman, 1990).

Om die konstruktgeldigheid van die CHS te bepaal is 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding met behulp van die SEPATH-opsie van STATISTICA op tellings van die totale groep gedoen, waarin twee faktore onttrek is met eiewaardes van onderskeidelik 2.5 en 1.0 en wat 58% van die totale variansie verklaar. Dit blyk dat hierdie faktorontleding die gehipotetiseerde twee komponente van die Hoopkonstruk, nl. doelbereikingsdenke (*pathways*) en doelgerigte denke (*agency*) bevredigend kon identifiseer. Aangesien die Hoopkonstruk egter as 'n eendimensionele meting van hoop gebruik word (Snyder et al., 1997), is 'n faktorontleding ook gedoen waarin een faktor gevra is en die resultaat was dat een faktor wel geïdentifiseer is met eiewaarde van 2.5 en wat 42% van die variansie verklaar. Al ses die skaalitems het statisties beduidend op die faktor gelaai. 'n Steiger-Lind RMSEA-indeks van 0.000 met 'n 90% sekerheidsvertrouensinterval van 0.000 tot 0.056 is gevind, wat dui op 'n bevredigende passing (waardes kleiner as 0.1, volgens Wissing & van Eeden, 2002).

Die bovenoemde resultate ondersteun dus die konstruktgeldigheid van die CHS vir gebruik met die huidige ondersoekgroep.

- **Die Piers-Harris-Selfkonsepskaal vir kinders (PHCSCS)**

Soos in Tabel 3 gesien kan word blyk die Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse vir die PHCSCS van bevredigend tot uitstekend te wees. Die totaal telling van die PHCSCS (PHCSCS:T) se betrouwbaarheidsindeks van 0.98 vergelyk goed met Piers (1984) se bevindings van 0.42 tot 0.96 asook met Cooley en Ayres (1988) se 0.92, Simola en Holden (1992) se 0.88 tot 0.93 en Du Toit (2002) se bevinding van 0.89 met 'n Suid-Afrikaanse ondersoekgroep. Die subskale van die PHCSCS se betrouwbaarheidsindekse wissel tussen 0.67 (PH 6) tot 0.77 (PH 3) en is dus bevredigend, hoewel laer

as die 0.73 tot 0.83 van Cooley en Ayres (1988), 0.74 tot 0.80 van Simola en Holden (1992) en ietwat hoër as die 0.60 tot 0.72 soos gerapporteer deur Du Toit (2002). Die redes vir die bovermelde verskille is onduidelik, maar kan moontlik toegeskryf word aan die verskil in die soort respondenten wat aan die onderskeie studies deelgeneem het (Du Toit, 2002).

Om die konstrukgeldigheid van die PHCSCS te bepaal is 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding met behulp van die SEPATH-opsie van STATISTICA op tellings van die totale groep gedoen, waarin ses faktore onttrek is met eiewaardes wat wissel van 1.8 tot 10.1 en wat 22% van die totale variansie verklaar. Volgens Zwick en Velicer (1986) se kriteria kan vyf hoofkomponente, waarop daar ten minste drie items betekenisvol laai en wat 'n eiewaarde groter as 1.0 het, onttrek word. Hiervolgens blyk die geldigheid van die PHCSCS vir gebruik by die huidige studiegroep bevredigend te wees. 'n Uiteensetting van die faktore dui daarop dat op faktor 1 agt items beduidend laai wat op die Gedrag-subskaal van die PHCSCS voorkom. Op faktor 2 laai tien items van die Intellekturele en skoolstatus-subskaal hoog. Op faktor 3 laai vyf items van die Angs-subskaal hoog. Op faktor 4 laai weer vyf items van die Gedrag-subskaal beduidend. Op faktor 5 laai elf items van die Geluk- en Tevredenheid-subskaal sowel as van die Fisiese voorkoms- en eienskappe-subskaal hoog, wat mag dui op die samehang tussen geluk en tevredenheid enersyds en voorkoms en eie kenmerke andersyds, as deel van die selfkonsep in hierdie huidige studiepopulasie. Op faktor 6 laai twaalf items van die Angs-subskaal asook die Gewildheid-subskaal hoog en hierdie verband mag dui op sosiale angs se invloed op selfkonsep/-esteem in hierdie ondersoekgroep.

Die faktorontleding toon verskille met die gehipotetiseerde faktormodel wat deur Piers (1984) geïdentifiseer is. Piers verwys egter self na ondersoeke met die PHCSCS waarin dieselfde ses faktore ook nie gevind of bevestig kon word nie. Daar is byvoorbeeld in een studie van Piers (1973 in Piers 1984), drie addisionele faktore gevind. In 'n studie van Michael et al. (1973 in Piers 1984), kon Geluk en Tevredenheid ook nie as 'n faktor bevestig word nie. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die ses faktore van die PHCSCS deur verskeie faktorontledingstudies bevestig is, hoewel addisionele faktore soms ook geïdentifiseer is en al ses faktore soms nie duidelik geïdentifiseer kon word nie. Laasgenoemde is dan ook die geval by die huidige ondersoekgroep.

Piers (1984) wys daarop dat die PHCSCS bruikbaar is as 'n eenheidskaal wat op globale selfkonsep dui, asook vir kliniese interpretasie met behulp van die ses subskale. Om die geldigheid van die PHCSCS as eendimensionele meting van selfkonsep te bepaal, is 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding gedoen waarin een faktor gevra is. Die resultaat was dat een faktor geïdentifiseer kon word met eiewaarde van 10.1 en wat 13% van die variansie verklaar. 'n Steiger-Lind RMSEA-indeks van 0.061 met 'n 90% sekerheidsvertrouensinterval van 0.059 tot 0.064 is gevind en vyftig van die negentig items het beduidend op hierdie faktor gelaai. 'n Bevredigende passing is dus vir die faktorontleding van die PHCSCS gekry, wat daarop dui dat die skaal as geldig aanvaar kan word vir gebruik in die huidige ondersoekgroep.

- **Die Copinggedragskaal (CI)**

Uit Tabel 3 blyk dit dat die CI oor swak tot bevredigende Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse van 0.37 tot 0.76 vir die vyf subskale beskik. Die Cronbach-alfakoëffisiënt vir die Aggressie-subskaal is 0.65 en hoewel dit bevredigend is, is dit baie laer as die 0.85 tot 0.86 wat deur Dise-Lewis (1988) met normgroepe verkry is. Die koëffisiënt vir die Streserkenningsubskaal is 0.75 en vergelyk redelik goed met die 0.79 tot 0.80 van Dise-Lewis se ondersoekgroepe. Vir die Afleiding-subskaal is 'n betroubaarheidsyfer van 0.72 bevind wat bevredigend is, maar ook veel laer is as die 0.81 tot 0.89 in Dise-Lewis se navorsing. Die Selfvernietiging-subskaal verkry 'n koëffisiënt van 0.53 en die Verduring-subskaal behaal 0.37 in hierdie huidige ondersoek wat albei baie laer is as die 0.76 tot 0.83 en 0.62 tot 0.68 wat onderskeidelik deur Dise-Lewis (1988) vir die genoemde subskale gevind is. Volgens Smit (1991) is 0.50 'n aanvaarbare betroubaarheidsindeks vir meetinstrumente wanneer van uiteenlopende groepe gebruik gemaak word in die studiepopulasie. Die Verduring-subskaal se betroubaarheidskoëffisiënt is egter so laag dat tellings op hierdie subskaal in die huidige ondersoek met versigtigheid geïnterpreteer moet word en as minder bruikbaar beskou moet word.

Die redes vir bogenoemde verskille tussen die betroubaarheidsindekse van die CI-subskaal vir hierdie ondersoekgroep en dié bevind deur Dise-Lewis (1988) se navorsing, is nie duidelik nie. Soos voorheen gespekuleer is, mag dit te doen hê met die verskille tussen die ondersoekgroepe wat aan die navorsing deelgeneem het en veral die invloed van etnies-kulturele aspekte op die begrip en beoordeling van die konsepte. Dit mag wees dat die konsepte of begrippe wat copinggedrag omskryf, dalk vreemd is vir van die respondenten (kinders), of selfs dat hulle dit moeilik gevind het om dit op hulself en hulle persoonlike situasies van toepassing te maak. Geen studies met Suid-Afrikaanse populasies kon gevind word om die betroubaarheidsyfers mee te vergelyk nie.

Om die konstruktgeldigheid van die CI te bepaal is 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding met behulp van die SEPATH-opsie van STATISTICA op tellings van die totale groep gedoen, waarin vyf faktore onttrek is met eiewaardes van 5.8 tot 1.7 en wat 15.8% van die totale variansie verklaar. 'n Steiger-Lind RMSEA indeks van 0.054 met 'n 90% sekerheidsvertrouensinterval van 0.051 tot 0.057 is gevind, wat dui op 'n bevredigende passing van die gehipotetiseerde model (waardes kleiner as 0.1, sien Wissing & van Eeden, 2002). Zwick en Velicer (1986) toon aan dat vier komponente waarop daar ten minste drie items betekenisvol laai en wat 'n eiewaarde groter as 1.0 het, ook voldoende sou wees om bevredigende geldigheid af te lei. Hiervolgens kan dan aanvaar word dat die CI die verlangde geldigheid het vir gebruik in hierdie ondersoekgroep. Die volgende uiteensetting dui daarop dat op faktor 1 nege items wat op die Afleiding-subskaal van Dise-Lewis (1988) voorkom beduidend laai. Op faktor 2 laai ses items hoog wat op die Aggressie-subskaal voorkom. Op faktor 3 laai ses items wat verwys na Verduring, Afleiding en Selfvernietiging (twee items elk) hoog. Hierdie faktor dui moontlik op selfgesentreerde copinggedrag. Op faktor 4 laai vier items wat op die Selfvernietiging-subskaal voorkom hoog. Op faktor 5 laai drie items wat op die Streserkennings-

subskaal voorkom hoog. Al die items wat positiewe of aanpassingscopinggedrag verteenwoordig, laai betekenisvol op faktore 1 en 5 en die items wat dui op negatiewe of nie-aanpassingscopinggedrag, laai betekenisvol op faktore 2 en 4. Die enigste faktor wat Dise-Lewis (1988) geïdentifiseer het wat nie in hierdie ondersoek duidelik na vore kom nie, is die Verduring-subskaal wat 'n relatief neutrale copingstrategie aandui.

Die huidige faktorontleding toon verskille met die gehipotetiseerde faktormodel wat deur Dise-Lewis (1988) geïdentifiseer is. Schwarzer en Schwarzer (1996, p. 117) maak in hul kritiese ontleding van die LECI se CI die volgende opmerking: *The factor analysis is not cross-validated and will probably fail to show up again in different samples, which is a common experience in this field of study.* 'n Bevinding van die huidige faktorontleding wat wel ooreenstem met dié van Dise-Lewis (1988) en van Groér, Thomas en Shoffner (1992) is dat faktor 1 wat die Afleiding-subskaal weerspieël as die primêre faktor geïdentifiseer word en dat dit die bevindinge dat Afleiding-copinggedrag die gewildste strategie by kinders en adolessente (oor geslags- en kultuurgrense) is, ondersteun.

### **4.3 BEDUIDENDE VERSKILLE TUSSEN SUBGROEPE**

#### **4.3.1 BEDUIDENDE VERSKILLE TUSSEN SEUNS EN DOGTERS**

Beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) soos verkry vir seuns en dogters in hierdie ondersoek, sowel as die beduidendheid van die verskille tussen die twee groepe op al die meetinstrumente word in Tabel 4 weergegee.

**Tabel 4:**

Gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille op al die meetinstrumente vir die geslagte: Seuns (N = 214) Dogters (N = 247)

	Seuns M&S	Seuns CI-Summaire	Seuns CI-Agr.	Seuns CI-Str.	Seuns CI-Afl.	Seuns CI-Selfv.	Seuns PH-T
CHS-T	25.77	26.12	4.61	4.96	-0.77	459	0.45
CI-Agr.	11.91	11.15	3.77	4.17	2.04	459	0.04
CI-Str.	36.97	40.57	8.64	8.44	-4.50	459	0.00
CI-Afl.	41.62	41.62	7.61	7.83	-0.01	459	0.99
CI-Selfv.	11.68	10.63	3.62	3.28	3.27	459	0.00
PH-1	26.66	26.44	5.40	5.25	0.44	459	0.66
PH-2	12.48	13.33	2.64	2.61	-3.49	459	0.00
PH-3	11.98	12.71	3.12	3.26	-2.44	459	0.02
PH-4	8.44	9.06	3.24	2.67	-2.25	459	0.03
PH-5	10.01	9.21	2.78	3.14	2.86	459	0.00
PH-6	7.63	8.17	2.42	2.67	-2.27	459	0.02
PH-T	8.21	8.27	1.85	1.93	-0.35	459	0.73
PH-T	57.06	59.01	10.88	11.89	-1.83	459	0.07

**Sleutel:**

CHS-T = Children's Hope Scale – Totaal; CI-Agr. = Coping Inventory – Aggressie-subskaal;  
 CI-Str. = Coping Inventory – Streserkenningsubskaal; CI-Afl. = Coping Inventory – Afleiding-subskaal; CI-Selfv. = Coping Inventory – Selfvernietiging-subskaal; CI-Verd. = Coping Inventory – Verduring-subskaal; PH-1 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gedrag; PH-2 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Intellectuele en skoolstatus; PH-3 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Fisiese voorkoms en eienskappe; PH-4 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Angs; PH-5 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gewildheid; PH-6 = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Geluk en tevredenheid; PH-T = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Totaaltelling

\* Beduidende verskille = Donker gedruk p < 0.05

- **Die Hoopskaal (CHS)**

Ten opsigte van hoopvlakte is daar in hierdie studie geen statisties noemenswaardige verskille tussen seuns en dogters gevind nie. Hoza et al. (1996) het in hul studie ook geen beduidende verskille ten opsigte van geslag bevind nie. Snyder et al. (1999) se navorsing het getoon dat beide geslagte hoofsaaklik georiënteer is ten opsigte van taak-/werks- of instrumentele hoop-aktiwiteite. Daar kan dus aanvaar word dat die seuns en dogters in hierdie studie dieselfde hoopvlakte het.

- **Die Piers-Harris-Selfkonsepskaal vir kinders (PHCSCS)**

Op die PHCSCS-T wat die globale selfbeeld weerspieël, het geen beduidende verskille tussen die seuns en dogters in hierdie studie voorgekom nie. Dit stem ooreen met die bevinding van Piers (1984) asook dié van 'n hele aantal ondersoeke (ook oor kultuurgrense heen), waarna Piers verwys. Die volgende subskale van die PHCSCS het beduidende verskille tussen seuns en dogters getoon:

**PH 1 (gedrag)** – Die dogters het op hierdie subskaal 'n gemiddelde telling van 13.3 behaal terwyl die seuns 'n gemiddeld van 12.5 behaal het wat 'n beduidende verskil is. Hierdie resultate stem ooreen met Middel (2000) se bevindings waar die dogters 'n gemiddeld van 12.7 behaal het en die seuns 'n gemiddeld van 11.7. Uit die resultate blyk dit dat dogters skynbaar groter insig toon ten opsigte van gedragsprobleme, maar dit ook makliker mag ontken. Piers (1984) verwys na vroeër navorsing deur homself (1965) waarin seuns beduidend laer selfkonseptellings met betrekking tot gedrag behaal het as dogters. Piers (1984) kom tot die gevolgtrekking dat problematiese gedrag meer dikwels 'n rol speel in selfkonsep by seuns as by dogters.

**PH 2 (intellektuele en skoolstatus)** – 'n Gemiddelde telling van 12.7 is by die dogters in hierdie ondersoek verkry, terwyl die seuns 'n gemiddelde telling van 11.9 behaal het. Middel (2000) se ondersoekgroep het soortgelyke resultate gelewer waarin die dogters ook 'n telling van 12.7 behaal het, terwyl die seuns 'n telling van 11.9 gekry het. Hierdie verskille in gemiddelde tellings dui daarop dat meisies oënskynlik groter tevredenheid met skoolverwante aspekte het as wat by seuns die geval is. Frydenberg (1997) se resultate ondersteun hierdie bevindings deur aan te dui dat dogters 'n hoër selfkonsep/-esteem het ten opsigte van skoolvermoëns, as wat seuns het.

**PH 3 (fisiese voorkoms)** – Die dogters het 'n gemiddelde telling van 9.1 behaal, terwyl die seuns 'n gemiddeld van 8.4 behaal het wat dui op 'n betekenisvolle verskil. Middel (2000) het soortgelyke resultate gevind met 'n gemiddeld van 8.9 by die dogters en 8.4 by die seuns. Piers (1984) het egter gevind dat seuns (8.5) se gemiddeldes hoër is as by die dogters (8.2). Die hoër gemiddeld by die dogters in die huidige studie stem ooreen met Frydenberg (1997) wat beweer dat selfkonsep/-esteem

ooreenstem met tradisionele geslagsrolstereotipes. Dogters is dus meer ingestel op hul fisiese voorkoms as wat seuns is.

**PH 4 (angs)** – Op hierdie subskaal behaal die seuns ‘n gemiddeld van 10.0 en die dogters ‘n gemiddeld van 9.2 wat ‘n beduidende verskil is. In Middel (2000) se studie het die seuns ‘n gemiddeld van 9.2 behaal en die dogters ‘n gemiddeld van 9.1 en dit stem dus ooreen met die huidige studie se resultate. Die huidige bevinding mag aandui dat seuns meer emosionele ontwrigting, bv. bekommernis, senuweeagtigheid en ‘n gevoel van uitsluiting ervaar wat hul selfbeeld beïnvloed, as die dogters. Piers (1984) verwys na navorsing deur Lord (1971) en Osborne en Legette (1982) wat huis dit bevind het.

**PH 5 (gewildheid)** – Die dogters in die huidige ondersoekgroep het ‘n gemiddeld van 8.2 behaal en die seuns ‘n laer gemiddeld van 7.6 wat ‘n beduidende verskil is en daarop dui dat dit belangriker vir dogters as vir seuns is om by klasmaats gewild te wees en om vriende te maak. Piers (1984) verwys na die bevinding van Kansy, Johnson en Kansy (1980) wat soortgelyke geslagsverskille in gewildheid-selfbeeld gevind het.

- **Die Copinggedragskaal (CI)**

Die copingfaktore wat beduidende verskille tussen seuns en dogters getoon het is:

**Aggressie** – Alhoewel die oorspronklike studie van Dise-Lewis (1988) geen beduidende verskille tussen seuns en dogters bevind het nie, toon die ondersoekgroep van die huidige studie wel ‘n beduidende verskil. Dit kom voor asof seuns met ‘n gemiddeld van 11.9 meer van aggressiewe copinggedrag gebruik maak as meisies (11.2). Sorenson (1993) en Frydenberg (1997) se resultate ondersteun hierdie bevindings en meld dat seuns oënskynlik meer aggressiewe en fisiese aktiwiteite as copingstrategieë gebruik as dogters.

**Streserkennung** – Dise-Lewis (1988) het gevind dat dogters (63.1) ‘n hoër gemiddeld as seuns (50.0) het. Die huidige ondersoekgroep het soortgelyke bevindings toon. Waar meisies ‘n gemiddeld van 40.6 behaal het, het die seuns ‘n gemiddeld van 37.0, wat ‘n beduidende verskil is. Dit dui daarop dat meisies makliker as seuns hul stres sal erken. Volgens Frydenberg (1997) gebruik meisies sosiale ondersteuning as ‘n spanningsverminderingstrategie. Hulle aanvaar ondersteuning, wys hulle gevoelens en praat met ander daaroor. Op dié manier soek hulle oplossings vir erkende probleme of moeilike situasies. Meisies maak dus gebruik van die interpersoonlike copinggedragsdomein, soos voorgestel deur Sorenson (1993). Seuns is geneig om onderdrukkingstrategieë te gebruik of om die probleem te verduur.

**Selfvernietiging** – Dise-Lewis (1988) het geen beduidende verskille tussen seuns en dogters opgemerk nie. Die huidige studie toon egter ‘n beduidende verskil aan met seuns (11.7) wat ‘n hoër gemiddeld as meisies (10.6) behaal het. Sorenson (1993) het gevind dat seuns vanuit die kognitiewe domein van copinggedrag onder andere rebelsheid en fisiese aggressie as stresresponse gebruik. Hierdie bevinding kan moontlik die resultate van die huidige studie verklaar.

Die voorafgaande resultate ondersteun gedeeltelik **hipotese twee** van hierdie ondersoek dat daar beduidende verskille bestaan tussen seuns en dogters se manifestasie van hoop, hul selfkonsep/-esteem en copinggedrag. Sodanige verskille het net op agt van die dertien skale/subskale voorgekom. Die hipotese word ondersteun ten opsigte van die PH-1, PH-2, PH-3, PH-4, PH-5, CI-Agr., CI-Str. en CI-Selfv. Ten opsigte van die CHS, PH-6, PH-T, CI-Afl. en CI-Verd. is egter geen beduidende verskille tussen seuns en dogters in hierdie ondersoek gevind nie en dus kan die hipotese ten aansien van hierdie veranderlikes nie ondersteun word nie.

#### **4.3.2 BEDUIDENDE VERSKILLE TUSSEN WIT EN SWART DEELNEMERS**

Beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) soos verkry vir wit en swart kinders in hierdie ondersoek, sowel as die beduidendheid van die verskille tussen die twee groepe op al die meetinstrumente word in Tabel 5 weergegee.

**Tabel 5:**

Gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille op al die meetinstrumente vir die kultuurgroep: Wit (N = 350) Swart (N = 111)

	<b>CHS-Agen</b>	<b>CHS-Path</b>	<b>CI-Agr.</b>	<b>CI-Str.</b>	<b>CI-Afl.</b>	<b>CI-Selfv.</b>	<b>CI-Verd.</b>	<b>PH-1</b>	<b>PH-2</b>	<b>PH-3</b>	<b>PH-4</b>	<b>PH-5</b>	<b>PH-6</b>	<b>PH-T</b>
	<b>12.84</b>	<b>11.95</b>	<b>2.74</b>	<b>2.74</b>	<b>3.00</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>13.59</b>	<b>12.51</b>	<b>2.69</b>	<b>3.39</b>	<b>3.46</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>26.43</b>	<b>24.45</b>	<b>4.64</b>	<b>5.01</b>	<b>3.84</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>10.91</b>	<b>13.38</b>	<b>3.40</b>	<b>5.05</b>	<b>-5.87</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>38.17</b>	<b>41.24</b>	<b>8.69</b>	<b>8.38</b>	<b>-3.28</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>41.47</b>	<b>42.11</b>	<b>7.68</b>	<b>7.84</b>	<b>-0.76</b>	<b>459</b>	<b>0.45</b>							
	<b>10.87</b>	<b>11.91</b>	<b>3.34</b>	<b>3.80</b>	<b>-2.77</b>	<b>459</b>	<b>0.01</b>							
	<b>25.86</b>	<b>28.69</b>	<b>5.02</b>	<b>5.66</b>	<b>-5.02</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>13.18</b>	<b>12.16</b>	<b>2.50</b>	<b>2.97</b>	<b>3.56</b>	<b>459</b>	<b>0.00</b>							
	<b>12.47</b>	<b>12.07</b>	<b>3.29</b>	<b>2.96</b>	<b>1.12</b>	<b>459</b>	<b>0.26</b>							
	<b>8.68</b>	<b>9.05</b>	<b>3.17</b>	<b>2.17</b>	<b>-1.16</b>	<b>459</b>	<b>0.25</b>							
	<b>9.65</b>	<b>9.37</b>	<b>3.02</b>	<b>2.95</b>	<b>0.85</b>	<b>459</b>	<b>0.40</b>							
	<b>8.04</b>	<b>7.54</b>	<b>2.60</b>	<b>2.44</b>	<b>1.80</b>	<b>459</b>	<b>0.07</b>							
	<b>8.34</b>	<b>7.92</b>	<b>1.92</b>	<b>1.76</b>	<b>2.05</b>	<b>459</b>	<b>0.04</b>							
	<b>58.68</b>	<b>56.28</b>	<b>11.70</b>	<b>10.52</b>	<b>1.93</b>	<b>459</b>	<b>0.05</b>							

**Sleutel:**

**CHS-Agen** = Children's Hope Scale – Doelgerigte denke/Agency; **CHS-Path** = Children's Hope Scale – Doelbereikingsdenke/Pathways; **CHS-T** = Children's Hope Scale – Totaal; **CI-Agr.** = Coping Inventory – Aggressie-subskaal; **CI-Str.** = Coping Inventory – Streserkennung-subskaal; **CI-Afl.** = Coping Inventory – Afleiding-subskaal; **CI-Selfv.** = Coping Inventory – Selfvernietiging-subskaal; **CI-Verd.** = Coping Inventory – Verduring-subskaal; **PH-1** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gedrag; **PH-2** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Intellekturele en skoolstatus; **PH-3** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Fisiiese voorkoms en eienskappe; **PH-4** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Angs; **PH-5** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gewildheid; **PH-6** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Geluk en tevredenheid; **PH-T** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Totaaltelling

\* Beduidende verskille = Donker gedruk p < 0.05

- **Die Hoopskaal (CHS)**

Snyder et al. (1997) het in hul navorsing oor hoopvlakke by verskeie kulture geen beduidende verskille gevind nie. Indien daar wel verskille bestaan kan dit toegeskryf word aan die verskil in individuele agtergrond.

Die huidige studie het gevind dat daar wel beduidende verskille tussen die verskillende kulture is. Ten opsigte van **doelgerigtheidsdenke** het wit kinders 'n gemiddeld van 12.8 behaal en die swart kinders 'n gemiddeld van 11.9. Doelgerigtheidsdenke is die motiveringskomponent van die hoopteorie en reflektereer die waargenome vermoë om doelwitte te bereik en is belangrik vir die hantering van hindernisse wat teëgekom word. Dit blyk dat die swart kinders in die huidige ondersoek minder gemotiveerd mag wees as die wit kinders om doelwitte na te streef. **Doelbereikingsdenke** verwys na 'n persoon se persepsie dat hy/sy in staat is om roetes na die verlangde doelwit te produseer. Ten opsigte van doelbereikingsdenke het die wit kinders 'n gemiddeld van 13.6 behaal en die swart kinders 'n gemiddeld van 12.5. Die wit kinders in hierdie studie het oënskynlik meer vertroue in hul vermoë om roetes na doelwitte te bewerkstellig.

Snyder et al. (1999) meld dat verskille in die manifestering van hoop moontlik toegeskryf kan word aan sosio-ekonomiese omstandighede, eerder as individuele verskille. Blootstelling aan geweld en 'n negatiewe of afbrekende milieu kan veroorsaak dat kinders min hoop het. 'n Negatiewe ingesteldheid ten opsigte van lewensomstandighede oor die algemeen kan tot gevolg hê dat kinders nie die nut daarin sien om enige doelwitte te stel en na te streef nie. Die huidige studie reflektereer dat die swart kinders (24.5) 'n laer hoopvlak as die wit kinders (26.4) het. Swart kinders in hierdie studie word dus oënskynlik meer negatief beïnvloed deur hul sosio-ekonomiese omstandighede.

- **Die Piers-Harris-Selfkonsepskaal vir kinders (PHCSCS)**

Die enigste beduidende verskille ten opsigte van kulturele verskille in selfkonsep was by PH 1 en PH 6.

**PH 1 (gedrag)** – Ten opsigte van hierdie subskaal het die wit kinders 'n gemiddelde telling van 13.2 behaal en die swart kinders 'n gemiddeld van 12.2. Dit kan daarop dui dat die wit kinders in hierdie studie meer duidelikheid het oor hul probleme, hoe hulle dit hanteer en of hulle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar of nie. Die kollektiewe verantwoordelikheidsin van sommige swart kulture mag 'n rol speel daarin dat kinders uit sodanige kulturele verband die items in die gedrag-subskaal anders mag vertolk of beantwoord. Piers (1984, p. 84) het egter teenstrydige resultate met betrekking tot verskille tussen wit en swart kinders verkry en op grond daarvan kom hy tot die gevolgtrekking dat ...*race per se is not a main determinant of self-concept, and that simple comparison studies with white children probably are not very profitable. Instead, it would seem more useful to look within the*

*various racial or ethnic groups for variables which influence self-concept.* Navorsing hieroor kan baie sinvol wees.

**PH 6 (geluk en tevredenheid)** – By hierdie subskaal was die wit kinders se gemiddeld van 8.3 hoër as die swart kinders se gemiddeld van 7.9. Hierdie resultaat reflekteer dat die swart kinders in hierdie studie skynbaar ‘n sekere mate van ontevredenheid ervaar, asook gevoelens van negatiewe selfwaarde en ‘n begeerte om hul omstandighede te verander. Die wit kinders se gemiddeld op hierdie subskaal is laer as die gemiddeldes op die ander subskale wat aandui dat hulle ook nie heeltemal tevrede is met hul omstandighede nie, maar die swart kinders duï groter ontevredenheid aan. ‘n Mens wonder tot watter mate ‘n persoonlike of kulturele begripsverskil van wat geluk en tevredenheid behels tot verskille soos hierdie een kan lei asook oor die rol van sosio-ekonomiese omstandighede in ‘n swak ekonomiese tyd soos die huidige in die Vaaldriehoek.

- **Die Copinggedragskaal**

Copingstrategieë wat beduidende verskille tussen verskillende kulture getoon het was die volgende:  
**Aggressie** – Op hierdie subskaal het die swart kinders ‘n hoër gemiddeld van 13.4 as die wit kinders se 10.9 behaal. Dit reflekteer dat die swart kinders in hierdie studie oënskynlik meer bekend is met geweld. Hulle ervaar/leer dalk dat hulle met moeilike omstandighede/probleme moet cope deur middel van aggressie.

Boekaerts (1996) wys daarop dat ouers en ander lede van ‘n kind se sosiale netwerk bewese katalisators vir copinggedrag is en dat dit dikwels weerspieël word in disfunksionele of nie-aanpassingscopinggedrag.

**Streserkennung** – Ten opsigte van hierdie subskaal het die swart kinders ‘n hoër gemiddeld (41.2) as die wit kinders (38.1) behaal. Dit kan beteken dat die swart kinders in hierdie ondersoekgroep hul probleme makliker sal erken as die wit kinders. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie subskaal beskou word as ‘n positiewe of aanpassingscopingstrategie. So, hoewel die swart kinders skynbaar meer gebruik maak van negatiewe copinggedragswyses soos in die res van hierdie gedeelte gerapporteer word, maak hulle ook meer gebruik van streserkennung as positiewe strategie om stres te hanteer. Die rede hiervoor is onbekend en vra vir verdere navorsing.

**Selfvernietiging** – Die resultate duï aan dat die swart kinders in hierdie studie skynbaar meer selfvernietigingstrategieë vir coping gebruik as die wit kinders. Die swart kinders het ‘n gemiddelde telling van 11.9 behaal en die wit kinders ‘n gemiddeld van 10.8. White (1984) is van mening dat baie swart kinders grootword in ‘n kulturele milieu waarin min uitdrukkingswyses vir gevoelens van

angstigheid bestaan. Sulke gevoelens word dan omvorm en kom tot uiting in psigosomatiese simptome, aggressie en selfverdelende gedrag. Navorsing kan hierop lig werp.

**Verduring** – Volgens die resultate kom dit voor asof die swart kinders (28.7) hierdie tipe copinggedrag meer gebruik as wat die wit kinders (25.9) dit gebruik. Hierdie tipe copinggedrag word volgens Sorenson (1993) geklassifiseer onder die kognitiewe gedragsdomein en reflekteer ‘n gelate emosionele aanvaarding van die stressor of situasie. Boekaerts (1996) gaan van die interessante standpunt uit dat die wyse waarop ouers hul kinders troos ten tye van pyn of ontsteltenis ‘n kragtige meganisme word wat kinders se copinggedrag sal bepaal. Sy onderskei tussen die spoedgedrewe onmiddellike hanteer-en-oplos-benadering wat dikwels deur ouers in Westerse kulture aan hul kinders voortgeleef word en ‘n meer wag-en-sien, geduldige en *non urgent* benadering in Oosterse en Afrika-kulture. Dit mag ‘n moontlike verklaring bied vir die swart kinders se gelatenheid as copingstrategie wat in hierdie studie bevind is. Navorsing hieroor blyk aangewese te wees.

Die voorafgaande resultate ondersteun gedeeltelik **hipotese drie** van hierdie ondersoek dat daar beduidende verskille bestaan tussen kinders uit verskillende kulture se manifestasie van hoop, hul selfkonsep/-esteem en copinggedrag. Sodanige verskille het net op nege van die vyftien skale/subskale voorgekom. Die hipotese word ondersteun ten opsigte van die CHS-Agen, CHS-Path, CHS-T, PH-1, PH-6, CI-Agr., CI-Str., CI-Selfv. en CI-Verd. Ten opsigte van die PH-2, PH-3, PH-4, PH-5, PH-T en CI-Afl. is egter geen beduidende kulturele verskille in hierdie ondersoek gevind nie en dus kan die hipotese ten aansien van hierdie veranderlikes nie ondersteun word nie.

#### **4.4 VERBANDE TUSSEN HOOP, SELFKONSEP/-ESTEEM EN COPINGGEDRAG IN HIERDIE ONDERSOEK**

Korrelasiekoeffisiënte, soos verkry met tellings van die totale groep, tussen die Hoopskaal (CHS), die Selfkonsepskaal (PHCSCS) en die Copinggedragskaal (LECI), word in Tabel 6 weergegee. Slegs korrelasies hoër as 0.30 word aangedui en is almal matig tot hoog en statisties beduidend ( $p < 0.05$ ). Praktiese beduidendheid word volgens die maatstawwe van Cohen (1977) beoordeel, waar ‘n klein effek vanaf  $r = 0.1$  is, ‘n medium effek vanaf  $r = 0.3$  en ‘n groot effek vanaf  $r = 0.5$ .

**Tabel 6:**

Korrelasiekoëfisiënte soos verkry by die Totale Groep tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag:  
(N = 461)

## **Sleutel:**

**CHS-T** = Children's Hope Scale – Totaal; **CI-Agr.** = Coping Inventory – Aggressie-subskaal;

**CI-Str.** = Coping Inventory – Streserkenning-subskaal; **CI-Afl.** = Coping Inventory – Afleiding-subskaal; **CI-Selfv.** = Coping Inventory – Selfvernietiging-subskaal; **CI-Verd.** = Coping Inventory – Verduring-subskaal; **PH-1** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gedrag; **PH-2** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Intellekturele en skoolstatus; **PH-3** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Fisiese voorkoms en eienskappe; **PH-4** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Angs; **PH-5** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Gewildheid; **PH-6** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Geluk en tevredenheid; **PH-T** = Piers-Harris Children's Self-Concept Scale – Totaaltelling

\* Korrelasies is beduidend waar  $p < 0.05$

Uit Tabel 6 blyk dit dat beduidende positiewe korrelasies verkry is tussen die hoopskaal (CHS-T) en aspekte van die selfkonsepskaal (PHCSCS), spesifiek die PH-T, PH-2, PH-3, PH-4, PH-5 en PH-6. Hierdie bevindinge vergelyk goed met die korrelasie van 0.45 wat Snyder et al. (1991) tussen hoop en selffesteem rapporteer. Dit ondersteun ook Snyder et al. (1997) se siening dat die hoopkonstruk saamgestel word deur kognitiewe oortuigings in die doelbereikingskomponent en selfoortuigings in die doelgerigte komponent. Dit is Snyder et al. (1997, p. 402) se mening dat hoopvolle gedagtes eiewaarde onderlê en selfs voorspel ...*in other words, the degree to which children perceive that they can successfully attain their desired goals serves to guide their felt self-worth.* Hiervolgens blyk dit dat dit teoreties te wagte is dat hoop en selfkonsep/-esteem positief sal korreleer, maar dat dit die hoopkonstruk is wat die verband sal bepaal. In die huidige navorsing is dit nie duidelik wat die oorsaaklikheid van die positiewe korrelasie is nie, maar baie navorsing moet nog gedoen word oor die aard van die verband tussen hoop en selfkonsep.

Die afwesigheid van enige korrelasie tussen hoop en copinggedrag in die huidige ondersoek is teenstrydig met die bevindinge van verskeie outeurs in die bestaande literatuur oor die verband tussen hoop en coping (Snyder et al., 1997; Snyder et al., 1991; Suls & Fletcher, 1985; Tennen & Affleck, 1999). Die redes vir die afwesigheid van beduidende verbande tussen hoop en copinggedrag is onduidelik, maar daar kan gespekuleer word dat die CI se vyf subskale dalk nie die teoretiese onderbou van die hoopkonstruk weerspieël wat mens sou verwag nie. Die spesifieke aard van die huidige ondersoekgroep in terme van taal, kultuur en Suid-Afrikaanse konteks, mag ook 'n rol speel in hierdie bevinding. Verdere navorsing oor die verband tussen hoop en copinggedrag is nodig. Roberts et al. (2002) wys ook op die noodsaaklikheid van verdere navorsing oor die verband tussen hoop, coping en algemene aanpassing.

Vervolgens blyk dit uit Tabel 6 dat daar beduidend positiewe verbande is tussen die selfkonsepskaal (PH-2) en die copinggedragskaal (CI-Afl.). Hierdie korrelasie dui daarop dat kinders wie hulself sien as intelligent en bevoeg, moontlik die positiewe copingstrategie van afleiding sal gebruik eerder as ander meer negatiewe copinggedragstyle. Dit sluit aan by die bevindinge van Groér et al. (1992). Tabel 6 wys ook op negatiewe korrelasies tussen PH-1 en PH-T van die selfkonsepskaal (PHCSCS) en die CI-Agr.-subskala. Hierdie korrelasie dui daarop dat kinders met 'n positiewe globale selfkonsep/-esteem, wat gedragsbevoegdheid ervaar, minder gebruik sal maak van aggressiewe copinggedrag. In hierdie ondersoek is verder negatiewe korrelasies gevind tussen die Selfvernietiging-subskala (CI-Selfv.) van die copinggedragskaal en die PH-T-, PH-1-, PH-2- en PH-6-subskale van die selfkonsepskaal (PHCSCS). Hierdie korrelasies dui daarop dat kinders wie 'n sterk globale selfkonsep/-esteem het, gedragsbekwaam voel, hulself as intelligent en bevoeg en sien oor die algemeen gelukkig en tevrede is, minder sal neig tot selfvernietiging as copingstrategie. Hierdie bevindinge sluit aan by dié van Burgess en Holstrom (1986) en Jones (1986). Dit is interessant om te weet dat Peterson en Steen (2002) aggressiewe copinggedrag in

verband bring met 'n selfbeeld wat gekenmerk word deur ervarings en persepsies van hulpeloosheid en 'n algemene pessimistiese verklaringstyl.

Die resultate hierbo gerapporteer ondersteun slegs gedeeltelik **hipotese** vier van hierdie ondersoek dat daar betekenisvolle verbande bestaan tussen indekse wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag meet. Die hipotese dat die CHS sal korreleer met die PHCSCS word ondersteun ten opsigte van PH-2, PH-3, PH-4, PH-5, PH-6 en PH-T, maar nie ten opsigte van PH-1 nie. Die hipotese dat die CHS sal korreleer met die CI se vyf subskale te wete aggressie, streserkennig, afleiding, selfvernietiging en verduring word nie ondersteun nie. Die hipotese dat die PHCSCS sal korreleer met CI-subskale word ondersteun ten opsigte van CI-Agr., CI-Afl. en CI-Selfv. maar nie ten opsigte van CI-Str. en CI-Verd. nie.

#### **4.5 DIE VOORSPELLING VAN COPINGGEDRAG DEUR HOOP EN SELFKONSEP/-ESTEEM**

'n Meervoudige regressie-ontledingsmodel is op die huidige data gepas waarin copinggedrag (CI) die afhanklike veranderlike is en hoop (CHS) en selfkonsep/-esteem (PHCSCS) die onafhanklike veranderlikes of voorspellers is:

Vir die CI-Agr. is 'n  $R^2$  van 0.303 verkry. Met ander woorde die CHS-T, PH-1, PH-2, PH-3, PH-4 en PH-T verklaar beduidend ( $p < 0.05$ ) en PH-5 en PH-6 onbeduidend, 30.3% van die variansie.

Vir die CI-Str. is 'n  $R^2$  van 0.090 verkry. Dus verklaar die CHS-T en die PH-4 beduidend en die res van die PH-subskale onbeduidend, 9.0% van die variansie.

Vir die CI-Afl. is 'n  $R^2$  van 0.142 verkry. Die CHS-T en PH-5 verklaar beduidend en die ander PH-subskale onbeduidend 14.2% van die variansie.

Vir die CI-Selfv. is 'n  $R^2$  van 0.216 verkry en die PH-1, PH-3, PH-4 en PH-6 verklaar beduidend asook die CHS-T, PH-T, PH-2 en PH-5 onbeduidend, 21.6% van die variansie.

Vir die CI-Verd. is 'n  $R^2$  van 0.103 verkry. Die PH-2 verklaar beduidend en die CHS-T, PH-T en die ander vyf subskale van die PHCSCS onbeduidend, 10.3% van die variansie.

Uit die bogaande blyk dit dus dat hoop en sekere aspekte van selfkonsep/-esteem, soos in die huidige ondersoek gemeet, goeie voorspellers van copinggedrag is.

Die resultate hierbo gerapporteer ondersteun gedeeltelik **hipotese vyf** van hierdie ondersoek dat die hoopskaal en die selfkonsepskaal-/subskale copinggedrag soos gemeet op die CI sal voorspel. Die CI-subskale word beduidend voorspel deur die CHS-T, PH-1, PH-2, PH-3, PH-4, PH-6 en PH-T, maar nie deur PH-5 nie. Die hipotese word dus nie aanvaar ten opsigte van die PH-5 subskaal nie.

#### **4.6 EVALUERENDE SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en geïnterpreteer. Eerstens is die beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings) vir al die meetinstrumente met hul betrokke subskale, soos bereken vir die groep kinders in hul middelkinderjare, uiteengesit en geïnterpreteer. 'n Ondersoek van beskikbare literatuur met betrekking tot die meetinstrumente wat in hierdie ondersoek gebruik is, het vergelykbare informasie ten opsigte van die CHS, PHCSCS en die LECI se CI opgelewer. Die resultate van die empiriese studie dui daarop dat die gemiddelde tellings van die CHS en die PHCSCS goed vergelyk met resultate wat in die literatuur gerapporteer is. Die CI se gemiddelde tellings is egter heelwat laer as die wat deur Dise-Lewis (1988) vermeld is. Standaardafwykings van die skale stem min of meer ooreen met dié wat in die literatuur gerapporteer word.

Tweedens is die betrouwbaarheid en geldigheid van die meetinstrumente aangedui. Deur middel van die Cronbach-alfabetrouwbaarheidsindeks is daar matig tot goeie betrouwbaarheid vir die CHS bevind, bevredigend tot uitstekend vir die PHCSCS en swak tot bevredigend vir die CI. Die konstrukgeldigheid van die skale is bepaal deur middel van hoofkomponent-faktorontledings en op grond hiervan is bevind dat al die skale geldig was vir gebruik in die huidige ondersoek.

Derdens is die beduidende verskille tussen seuns en dogters in die huidige ondersoekgroep bespreek. Ten opsigte van hoopvlakte is daar geen statisties noemenswaardige verskille tussen seuns en dogters bevind nie en dit stem ooreen met Hoza et al. (1996) en Snyder et al. (1999) se bevindings. By die globale selfkonsep/-esteem het daar geen beduidende verskille tussen die seuns en dogters in hierdie ondersoek voorgekom nie. Daar was wel beduidende verskille ten opsigte van gedrag, intellektuele en skoolstatus, fisiese voorkoms en gewildheid waar dogters 'n hoër gemiddeld as seuns behaal het en ook 'n beduidende verskil ten opsigte van angs, waar die seuns 'n hoër gemiddeld behaal het. Beduidende verskille ten opsigte van copinggedrag het voorgekom by aggressie en selfvernietiging waar seuns hoër gemiddeldes behaal het en by streserkennung waar dogters 'n hoër gemiddeld as die seuns behaal het.

Vierdens is die beduidende verskille tussen wit en swart deelnemers bespreek. Die huidige ondersoek se resultate toon aan dat swart kinders 'n laer algemene hoopvlak as wit kinders het. Dit is in teenstelling met Snyder et al. (1997) se bevinding dat daar nie beduidende verskille tussen kulture se hoopvlakte bestaan nie. Sosio-ekonomiese omstandighede kan wel 'n invloed hê op kulture se hoopvlakte, soos gesien in die huidige ondersoek. Die enigste beduidende kulturele verskille ten opsigte selfkonsep/-esteem het voorgekom by gedrag en geluk en tevredenheid waar die wit kinders in beide gevalle hoër gemiddeldes behaal het. Beduidende verskille ten opsigte van copinggedrag het voorgekom by die

aggressie-, streserkenning-, selfvernietiging- en verduring-subskale waar die swart kinders hoër gemiddeldes as die wit kinders behaal het.

Vyfde is die verbande tussen hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag bespreek. Die resultate van die huidige ondersoek duï positiewe korrelasies aan tussen die hoopskaal en aspekte van die selfkonsepskaal, spesifiek die globale selfkonsep/-esteem, intellektuele en skoolstatus, fisiese voorkoms en eienskappe, angs, gewildheid en geluk en tevredenheid. In teenstelling met oueurs in die bestaande literatuur oor die verband tussen hoop en coping is daar in die huidige ondersoek geen korrelasie tussen hoop en copinggedrag gevind nie. Die afwesigheid van beduidende verbande tussen hoop en copinggedrag is onduidelik, maar daar kan gespekuleer word dat die CI se vyf subskale dalk nie die teoretiese onderbou met die hoopkonstruks deel wat mens sou verwag nie. Ten opsigte van selfkonsep/-esteem en copinggedrag is daar positiewe verbande gevind. Die intellektuele en skoolstatus-subskala van die PHCSCS korreleer positief met die CI se afleiding-subskala wat daarop duï dat kinders wat hulleself as bevoeg sien die positiewe copingstrategie van afleiding, in plaas van negatiewe copingstrategieë sal gebruik. Negatiewe korrelasies tussen die CI se aggressie-subskala en die PHCSCS se gedrag en totaal telling is gevind. Verdere negatiewe korrelasies tussen selfvernietiging-subskala van die CI en tussen die PHCSCS se gedrag, -intellektuele en skoolstatus, -geluk en tevredenheid-subskale asook die totaal telling, toon aan dat die kinders in die huidige ondersoek met 'n redelik tot goeie selfkonsep minder geneig is om selfvernietiging as copingstrategie te gebruik.

Ten slotte is die voorspelling van copinggedrag deur hoop en selfkonsep/-esteem bespreek. 'n Meervoudige regressie-ontledingsmodel is op die huidige data gepas waarin copinggedrag die afhanklike veranderlike was en hoop en selfkonsep/-esteem die onafhanklike veranderlikes. Hieruit kon afgelei word dat hoop en sekere aspekte van selfesteem goeie voorspellers van copinggedrag is.

In die volgende hoofstuk sal die gevolg trekking en aanbevelings wat uit hierdie ondersoek voortgespruit het uiteengesit word.

## HOOFSTUK 5

### GEVOLTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### **5.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word daar opsommenderwys verwys na die belangrikste gevoltrekings op grond van die literatuurontleding sowel as die empiriese ondersoek. Gevoltrekings sal aan die hand van die doelstellings (soos in hoofstuk 1) gemaak word. Die leemtes wat in die studie bevind is sal bespreek word en op grond van die resultate sal aanbevelings vir verdere navorsing en ook vir die praktyk gemaak word.

#### **5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS**

##### **5.2.1 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS OP GROND VAN DIE LITERATUURSTUDIE**

- **Die eerste doelstelling van hierdie ondersoek was om te bepaal hoe hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag asook die verband tussen die konstrukte vanuit die literatuur gekonseptualiseer word.**

**Hoop** is individue se vertroue in hulle bekwaamheid om bruikbare roetes na doelwitte te produseer en hul oortuiging dat hulle die vermoë het om doelwitte te stel en na te streef. Snyder et al. (1997) is van mening dat kinders oor die algemeen positief bevooroordeeld is in terme van hul persepsies van die toekoms. Roberts et al. (2002) voeg by dat hoop kinders help om positiewe uitkomsgedagtes te ontwikkel en daarmee vol te hou, al is dit in werklikheid onhoudbaar, want dit wil voorkom asof kinders met hoë hoopvlakte hierdie positiewe gedagtes gebruik om stresvolle gebeure suksesvol te hanteer. Die hoopteorie veronderstel dat die neiging tot hoopvolheid gedurende die kinderjare ontwikkel. Metings van kinders se hoopvolheid korreleer, volgens Roberts et al. (2002), positief met hul bekwaamheid en kinders met hoë hoopvlakte toon dat hulle meer positief oor hulself en minder depressief voel, as kinders met laer hoopvlakte.

Die komponente van hoop is wederkerig en positief verwant aan mekaar. Die wedersydse beïnvloeding van die komponente veroorsaak dat 'n verandering in die een, 'n verandering in die ander een tot gevolg sal hê. Voordat hoopvolle gedagtes kan begin moet daar 'n doelwit wees. 'n Doelwit is enigiets wat 'n individu begeer om te hê, te doen, te wil wees, te ervaar of te skep. Snyder et al. (1997) beweer dat die meeste kinders die intellektuele vermoë het om hoopvolle, doelgerigte denke te gebruik. **Doelbereikingsdenke/pathways** behels die persepsie dat 'n persoon in staat is om ten minste een

bruikbare roete na die verlangde doelwit te produseer, maar alternatiewe roetes is noodsaaklik, veral wanneer hindernisse teëgekom word. **Dielgerigte denke/agency** is die motivering komponent van die hoopteorie, met ander woorde die waargenome vermoë en motivering om die roetes te gebruik. Dit is veral belangrik wanneer hindernisse teëgekom word, want gedurende sulke omstandighede help dielgerigte denke die persoon om die nodige motivering toe te pas en sodoeende die beste alternatiewe roete te gebruik. 'n Individu is dalk in staat om roetes na doelwitte te produseer, maar het nie noodwendig die motivering om die roetes te gebruik nie. **Hindernisse** is enigets wat die bereiking van die oorspronklike doelwit blokkeer. Hoë hoopvlakke help individue om hindernisse te oorkom en om stresvolle gebeure effektiel te hanteer.

Hoop kan georganiseer word in drie vlakke, nl. globale, domein-spesifieke en doel-spesifieke hoop. Snyder et al. (1999) en Roberts et al. (2002) se navorsing het bevind dat seuns en dogters dieselfde hoopvlakke het. Verdere navorsing is nodig om te bepaal of daar enige konstante kulturele verskille ten opsigte van hoopvlakke bestaan.

Daar bestaan teenstrydigheid en verwarring in die literatuur oor die konseptualisering van begrippe soos **selfkonsep, eiewaarde, selfesteem en selfbegrip**. Uit die literatuur kan afgelei word dat bogenoemde, omruilbare begrippe is wat min of meer dieselfde beteken. Vir die doel van hierdie studie is selfkonsep gebruik as oorkoepelende begrip, hoewel die spesifieke komponent van selfesteem/eiewaarde/ selfwaardering meer die fokus van die ondersoek was.

Lefrancois (2001) verwys na Harter (1987) wat deur middel van inligting, bekom met behulp van vraelyste, sekere afleidings in verband met kinders se selfesteem gemaak het. Alhoewel kinders 'n algemene skatting van hul eiewaarde het, maak hulle ook individuele beoordelings van eiewaarde op ten minste vyf aparte terreine, nl. skolastiese en atletiese bekwaamheid, sosiale aanvaarding, gedrag en fisiese voorkoms. Kinders se beoordeling van hul selfesteem is gebaseer op wat betekenisvolle ander mense van die kind se vermoëns en prestasies dink, asook die mate waar toe kinders hul persoonlike doelwitte bereik. Alhoewel al die bogenoemde areas bydrae tot kinders se globale selfesteem verskil kinders ten opsigte van watter area vir hulle die belangrikste is. Baie of min bekwaamheid in 'n belangrike area sal 'n groter invloed op die selfesteem hê as wat bekwaamheid/onbekwaamheid in 'n minder belangrike area sal hê. 'n Kind met atletiese vermoë sal waarskynlik meer besorg wees oor sy/haar prestasies in atletiek as op akademiese gebied. Hoe ouers hul kinders behandel en wat vriende van mekaar dink het 'n groot invloed op 'n kind se motivering om verskillende dinge te probeer. Kinders wat byvoorbeeld nie voldoende presteer op 'n sekere gebied nie, sal iets anders kry waarin hulle kan uitblink. In teenstelling hiermee sal kinders wie nie hul ouers en vriende se ondersteuning en aanmoediging het nie, heeltemal opgee en waarskynlik geen verdere pogings aanwend om op enige gebied te presteer nie. Wat die ouers en vriende van kinders dink, is belangriker as hoe die groter gemeenskap die kinders en hul prestasies/mislukkings beskou/evaluateer. Die beoordeling van eiewaarde het 'n noue verbintenis met emosie, wat weer baie te

make het met motivering. Kinders wat van hulself hou is gelukkig en is gemotiveerd om nuwe dinge te probeer. Hoe kinders met situasies cope sê baie van hul selfesteem. Kinders met 'n lae selfesteem sal moeilike situasies probeer vermy, tou opgooi wanneer hulle sukkel of verskonings soek om die uitdaging vry te spring. In teenstelling hiermee sal kinders met 'n positiewe selfesteem maniere vind om met die situasie/uitdaging te cope.

Daar kan dus aanvaar word dat 'n globale selfkonsep/-esteem gevorm word deur gesins-, skolastiese, fisiese, bemeesterings-, sosiale en emosionele dimensies.

Frydenberg (1997) is van mening dat geslagsverskille ten opsigte van selfkonsep/-esteem ooreenstem met tradisionele geslagsrolstereotipes. By sommige kulture word 'n kollektiewe selfesteem aangemoedig, terwyl ander 'n persoonlike selfesteem kweek. Selfkonsep/-esteem word beïnvloed deur ras, etniese agtergrond, geloof en die gevoel dat 'n individu inpas by sy/haar gemeenskap. Lopez et al. (2002) is van mening dat individue met positiewe gevoelens teenoor hul groep ook positiewe gevoelens teenoor hulself sal hê.

**Coping** bestaan uit gedagtes, gevoelens en handelinge wat 'n kind gebruik om daaglikse probleme en spesifieke situasies te hanteer. Die effektiwiteit van 'n copingstrategie berus op die vermoë daarvan om onmiddellike ongemak te verminder, sowel as om by te dra tot langtermyn uitkomste soos algemene aanpassing en psigologiese welstand.

Copinggedrag by kinders kan deur middel van drie algemene domeine beskryf word. Die kognitiewe gedragsdomein behels 'n integrasie van beide kognitief-emosionele komponente en geassosieerde gedragsmanifestasies van coping. Die kognitief-intrapsigiese domein word gekenmerk deur intern-gefokusde, emosioneel- en intellektueel-gefokusde copinggedrag. Die interpersoonlike copinggedragsdomein verwys na copinggedrag waarin sosiale ondersteuning die primêre faktor is.

Vriendskap dien ook as 'n copingstrategie deurdat vriende as vertrouelinge optree wat kinders help om deur hul probleme te werk, met behulp van beide emosionele ondersteuning en advies. Na aanleiding van Eisenberg, Fabes en Guthrie (1997) kan daar aanvaar word dat emosionele intelligensie as copingstrategie en copingvaardigheid ontwikkelingsgebonde is, maar ten spyte hiervan is dit belangrik dat kinders van kleins af bewus gemaak moet word van die eienskappe van emosionele intelligensie.

Die aanname word gemaak dat seuns en dogters soortgelyke, maar nie identiese, stresvolle situasies ervaar nie. Seuns en dogters word egter verskillend gesosialiseer ten opsigte van wat aanvaarbare maniere is om met probleme te cope en hulle ontvang ook verskillende belonings/strawwe vir effektiewe coping of mislukte pogings om te cope. Daar word dus aanvaar dat seuns en dogters se copinggedrag sal verskil. Wanneer daar ondersoek word hoe mense cope is dit belangrik om kulturele waardes wat 'n invloed kan hê op hoe 'n individu dink, voel en optree, in ag te neem. Navorsing het bevind dat copingstrategieë eenders kan wees in verskillende kulture, maar die toepassing daarvan en die verband tussen coping en

psigologiese welstand kan aansienlik verskil. Kulturele aspekte kan die interpretasie van 'n situasie beïnvloed en gevvolglik ook die copingstrategieë wat gebruik word.

**Hoop, selfesteem en coping** is teoretiese konstrukte in eie reg, maar daar is 'n teoreties verwagte samehang tussen hulle.

Snyder et al. (1999) beweer dat **hoop** 'n essensiële rol speel by die gebruik van **copingstrategieë**. Hulle noem drie hoofgedagtes: individue met hoë hoopvlakke het meer sukses ten opsigte van die implementering van copingstrategieë; individue met hoë hoopvlakke is gewillig om verskeie copingstrategieë te gebruik en hoop speel 'n rol by die effektiwiteit van mediese behandeling vir siektes en beserings. Kinders ervaar baie hindernisse op kognitiewe en sosiale gebied en daarom sal die interaksie tussen hulle hoopvlak en copinggedrag 'n belangrike rol speel. Kinders met 'n hoë hoopvlak sal dus planne kan maak en uitvoer om sodoende 'n doelwit te bereik en hindernisse sal met behulp van effektiewe copinggedrag hanteer/oorkom word.

Snyder et al. (1997) noem dat kinders wat aanvoel dat hulle doelwitte kan bereik (**hoop**), positief oor hulself sal voel (**selfesteem**) terwyl kinders wat aanvoel dat hulle nie doelwitte kan bereik nie, negatief oor hulself mag voel. Die skrywers voel dat daar gefokus moet word op kinders se onderliggende hoopprosesse en dat daar meer pogings aangewend moet word om kinders te help om hulle doelwitte te bereik, in plaas daarvan om slegs die selfesteem te probeer verbeter.

Kinders se **selfesteem** word gewoonlik verhoog wanneer hulle probeer om met 'n probleem te **cope**, in plaas daarvan om dit te vermy. Copinggedrag word ook beïnvloed deur selfesteem. Kinders met 'n hoë selfesteem sal vertroue in hulle vermoë hê om moeilike situasies te hanteer en om op 'n effektiewe manier met probleme te cope. Verskillende copingstrategieë word gebruik en hulle het vertroue in hulle vermoë om sukses te behaal.

Kinders met hoop en 'n positiewe selfesteem sal hindernisse op 'n effektiewe manier benader en oplos/oorkom. Met verskeie copingstrategieë en roetes na doelwitte tot hul beskikking, sal moeilike situasies en uitdagings suksesvol hanteer kan word.

## **5.2.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS OP GROND VAN DIE EMPIRIESE STUDIE**

- **Die tweede doelstelling van die huidige ondersoek was om die psigometriese eienskappe (betroubaarheid en konstrukgeldigheid) van die meetinstrumente te bepaal.**

Die resultate van die empiriese studie toon aan dat die hoopskaal (CHS) 'n matig tot goeie betroubaarheidsindeks het, die selfkonsepskaal (PHCSCS) 'n bevredigend tot uitstekende betroubaarheidsindeks en die copinggedragskaal (CI) se betroubaarheidsindeks is swak tot bevredigend. Die Cronbach-alfabetroubaarheidsindeks van 0.65 vir die totale groep ten opsigte van die CHS is 'n aanvaarbare aanduiding van betroubaarheid, maar heelwat laer as die 0.72 tot 0.86 wat Snyder et al. (1997) in hul ondersoeke bevind het. Die rede hiervoor is onduidelik, maar die verwydering van item vyf wat die vermoë tot omkeerbare denke impliseer, verhoog die betroubaarheid van die CHS tot 0.76. Dit dui daarop dat kinders in die huidige ondersoek nog lae ontwikkelingsvlakke van omkeringsdenke manifester. 'n Ander moontlike verklaring kan die verskillende betekenis en waardes wees wat diverse kulturele populasies in 'n ondersoeksgroep aan die aspekte wat gemeet word heg.

Die betroubaarheidsindekse van die PHCSCS vergelyk goed met die betroubaarheidsindekse wat in die literatuur gerapporteer is.

Die betroubaarheidsindekse van die LECI se CI in die huidige ondersoek is heelwat laer as dié wat deur Dise-Lewis (1988) bevind is. 'n Moontlike verklaring is dat die konsepte wat copinggedrag omskryf, vreemd is vir die kinders uit ander kulture of dat hulle dit moeilik gevind het om dit op hulself en hulle persoonlike situasies van toepassing te maak.

Die onderskeie Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse wat vir die meetinstrumente verkry is, is soos volg: Children's Hope Scale (CHS-T: 0.65); Piers-Harris Children's Self-Concept Scale (PH-1: 0.73, PH-2: 0.76, PH-3: 0.77, PH-4: 0.75, PH-5: 0.69, PH-6: 0.67 en PH-T: 0.98); Coping Inventory (CI-Agr: 0.63, CI-Str: 0.75, CI-Afl: 0.72, CI-Selfv: 0.53, CI-Verd: 0.37).

Die konstrukgeldigheid van die skale wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag meet, is met 'n bevestigende hoofkomponent-faktorontleding van die SEPATH-opsie van STATISTICA op tellings van die totale groep bepaal. Die resultate ondersteun die konstrukgeldigheid van die betrokke skale vir bruikbaarheid in die huidige ondersoeksgroep.

- **Die derde doelstelling van die huidige studie was om dievlakke van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag (gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings) by 'n groep kinders in hul middelkinderjare te bepaal.**

Snyder et al. (1997) het 'n gemiddelde telling van 25.41 vir 'n groep seuns en dogters uit Graad 4 tot 6 bevind en die huidige ondersoekgroep se gemiddelde telling van 25.95 stem hiermee ooreen. Die huidige navorsing kon geen Suid-Afrikaanse navorsing vind waar die CHS op vergelykbare groepe toegepas is nie en gevvolglik kon die gemiddelde tellings ten opsigte van die CHS nie met ander Suid-Afrikaanse groepe vergelyk word nie.

Die totale gemiddelde telling ten opsigte van die PHCSCS vir die huidige ondersoekgroep was 58.1 en val binne die grense (52.7 tot 60.4) van Piers (1984) se bevindings met 'n vergelykbare groep. Die gemiddelde telling van die huidige ondersoekgroep stem ook min of meer ooreen met ander vergelykbare Suid-Afrikaanse groepe. Die huidige ondersoek se gemiddelde telling van 12.9 vir die gedrag-subskaal is oor die algemeen hoër as ander vergelykbare groepe se gemiddelde telling en kan aanduidend wees van die afwesigheid van probleemgedrag of die ontkenning van probleemgedrag. Die huidige ondersoekgroep se gemiddelde telling van 12.4 vir die intellektuele en skoolstatus-subskaal stem ooreen met ander navorsers (Heyns, 2002 en Middel, 2000) se bevindings en dui daarop dat die huidige ondersoek oor die algemeen tevrede is met hul skoolprestasie. Die huidige ondersoekgroep het 'n gemiddelde telling van 8.8 vir die fisiese voorkoms-subskaal behaal en dit blyk dat hierdie kinders skynbaar nie heeltemal tevrede met hul liggaamsbeeld en karaktereienskappe is nie. Die angs-subskaal het 'n gemiddelde telling van 9.6 getoon. Dit dui daarop dat die huidige ondersoekgroep 'n effens hoër angsvlak het as wat by ander vergelykbare groepe waargeneem is. 'n Gemiddelde telling van 7.9 op die gewildheid-subskaal toon dat die kinders in die huidige ondersoek effens negatief ingestel is ten opsigte van hul evaluering van hul gewildheid by maats, hul vermoë om vriende te maak en saam met maats aan aktiwiteite deel te neem. Die huidige ondersoekgroep se gemiddelde telling van 8.2 op die geluk en tevredenheid-subskaal is effens hoër as ander vergelykbare groepe se gemiddeldes, maar dit kom voor of sommige kinders in hierdie studie nie heeltemal gelukkig en tevrede met hul omstandighede is nie.

Uit die uiteensetting van die resultate van die huidige ondersoekgroep op die PHCSCS, wil dit voorkom asof hierdie groep ooreenstem en selfs effens beter vaar op selfbeeldindekse as Piers (1984) se normgroepe en 'n paar vergelykbare Suid-Afrikaanse studiepopulasies.

Alhoewel die gemiddeldes, ten opsigte van die copinggedragskaal (CI), van die huidige totale ondersoekgroep baie laer is as die gemiddeldes wat deur Dise-Lewis (1988) gevind is, stem die copingstrategieë wat die meeste en minste deur kinders gebruik word wel ooreen. Die copingstrategie wat die meeste deur kinders gebruik word om sekere situasies te hanteer is afleiding. Streserkenning word die

tweede meeste gebruik en verduring is ook aangedui as 'n gewilde copingstrategie. Aggressie en selfvernietiging as copingstrategieë is die minste deur die huidige ondersoekgroep asook deur Dise-Lewis (1988) se ondersoekgroep gebruik. Die huidige ondersoekgroep se gemiddeldes is oor die algemeen aansienlik laer as die Amerikaanse ondersoekgroep van Dise-Lewis (1988). Die redes is nie duidelik nie, maar Schwarzer en Schwarzer (1996) noem dat die vyffaktormodel waarop die CI gebaseer is, nie gekruisvalideer is nie en gevvolglik ernstig mag awyk in ander populasies, soos in die geval van die huidige ondersoek. Kultuur- en konteksspesifieke faktore moet ook in ag geneem word. Geen ander Suid-Afrikaanse navorsing met die CI kon opgespoor word om die huidige ondersoekgroep se tellings mee te vergelyk nie.

Uit die huidige ondersoek blyk dit dat die gemiddelde tellings van die CHS en PHCSCS goed vergelyk met resultate wat in die literatuur gerapporteer is. In die geval van die LECI se CI is die gemiddelde tellings van die huidige ondersoek baie laer as dié wat deur Dise-Lewis (1988) vermeld is.

Standaardafwykings ten opsigte van hierdie skale stem min of meer ooreen met die wat in die literatuur gerapporteer word.

- **Die vierde doelstelling van hierdie ondersoek was om vas te stel of daar beduidende verskille bestaan tussen seuns en dogters ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag.**

Ten opsigte van hoop kom daar in die literatuur en ander navorsing geen beduidende verskille tussen seuns en dogters se hoopvlakte voor nie. Die resultate van die huidige ondersoek korreleer hiermee deurdat seuns en dogters se gemiddeldes vir doelgerigte denke, doelbereikingsdenke en die totale hoopvlak geen beduidende verskil toon nie.

In die huidige ondersoek is daar geen beduidende verskille tussen seuns en dogters se globale selfbeeld gevind nie. By die huidige ondersoekgroep het daar wel met betrekking tot aspekte van selfkonsep/-esteem, beduidende verskille voorgekom. Ten opsigte van gedrag, intellektuele en skoolstatus, fisiese voorkoms en gewildheid het die dogters hoër tellings as die seuns behaal. Volgens Frydenberg (1997) is geslagsverskille ten opsigte van selfkonsep gebaseer op tradisionele geslagsrolstereotipes. Die resultate van die huidige ondersoek blyk hiermee ooreen te stem. Dogters toon meer insig ten opsigte van die erkenning/ontkenning van gedragsprobleme, is oor die algemeen meer ingestel op akademiese prestasie as seuns en hul fisiese voorkoms is belangriker vir hulle as wat dit vir seuns is. Dogters het 'n groter behoeftse as seuns om gewild te wees onder vriende. Die huidige navorsing toon aan dat die seuns meer gespanne is as die dogters. Hierdie beduidende verskil mag aandui dat seuns meer emosionele

ontwrigting, bv. bekommernis, senuweeagtigheid en 'n gevoel van uitsluiting ervaar wat hul selfbeeld beïnvloed, as dogters.

In die literatuur bestaan daar beduidende verskille tussen seuns en dogters se **copinggedrag**, aangesien seuns en dogters verskillend gesosialiseer word ten opsigte van aanvaarbare copinggedrag. Dise-Lewis (1988) het bevind dat daar beduidende geslagsverskille bestaan ten opsigte van streserkennings waar dogters 'n hoër gemiddeld behaal. Die navorsingsresultate van die huidige studie dui aan dat dogters in hierdie geval ook meer streserkennings as 'n copingstrategie gebruik as wat by seuns die geval is. Sorenson (1993) ondersteun ook hierdie bevinding deur daarop te wys dat dogters probleemoplossing copingpogings aanwend vir die hantering van moeilike situasies. Seuns gebruik onder andere aggressie en rebelsheid as stresresponse. Die resultate van die huidige ondersoek reflekteer ook dat seuns meer aggressiewe vorms van copinggedrag gebruik, as wat dogters sal.

- **Die vyfde doelstelling van die huidige studie was om vas te stel of daar beduidende verskille tussen kinders uit verskillende kulture ten opsigte van hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag bestaan.**

Uit literatuur is daar geen beduidende kultuurverskille ten opsigte van **hoop** gevind nie. Indien daar wel verskille voorkom sal dit waarskynlik die gevolg wees van sosio-ekonomiese en sosio-politiese agtergronde. In die huidige studie is daar gevind dat wit kinders se totale hoopvlak hoër is as die van swart kinders. Wit kinders in hierdie studie het gevolglik meer hoop vir die toekoms as swart kinders. Beide wit en swart kinders se doelgerigte denke is laer as hul doelbereikingsdenke. By beide kulture kan die kinders roetes beplan om by doelwitte uit te kom, maar sal nie noodwendig die motivering hê om die roetes te gebruik en sodoende die doelwit te bereik nie.

**Selfesteem** word beïnvloed deur diverse kulturele waardes. Op grond van die literatuur word aanvaar dat individue met positiewe gevoelens teenoor hul groep ook positiewe gevoelens teenoor hulself sal hê. In die huidige ondersoek is daar beduidende verskille ten opsigte van selfkonsep/-esteem in terme van gedrag en geluk en tevredenheid gevind. Ten opsigte van gedrag blyk dit dat die wit kinders in hierdie ondersoek meer duidelikheid het oor hul probleme, die hantering daarvan en of hulle verantwoordelikheid aanvaar of nie. Die kollektiewe verantwoordelikheidsin van sommige swart kulture mag 'n rol speel daarin dat kinders uit sodanige kulturele verband die items in die gedrag-subskaal anders mag vertolk of beantwoord.

Die beduidende verskil ten opsigte van wit en swart kinders se geluk en tevredenheid reflekteer dat die swart kinders in hierdie studie meer ontevredenheid ten opsigte van verskeie aspekte ervaar as die wit kinders.

Navorsing kom tot die gevolgtrekking dat **copingstrategieë** eenders kan wees in verskillende kulture, maar die toepassing daarvan kan aansienlik verskil. Verskeie kulture interpreteer dieselfde situasie op verskillende wyses en dit beïnvloed gevölglik die tipe copingstrategie wat gebruik word. Die huidige studie het bevind dat swart kinders meer gebruik maak van aggressiewe en selfvernietigingscopinggedrag, wat duï op disfunksiionele coping aan die een kant, maar ook meer streserkennings- en verduringscopinggedrag wat duï op positiewe en neutrale copinggedrag aan die ander kant, as wit kinders. Ten opsigte van aggressie sê Boekaerts (1996) dat ouers en ander lede van 'n kind se sosiale netwerk bewese katalisators vir copinggedrag is en dat dit dikwels weerspieël word in disfunksiionele of nie-aanpassingscopinggedrag. Alhoewel die swart kinders dus negatiewe copingstrategieë gebruik, maak hulle ook meer gebruik van streserkennings as positiewe strategie om stres te hanteer. Selfvernietiging by die swart kinders kan moontlik toegeskryf word aan die kulturele milieu waarin swart kinders grootword. In sō 'n milieu bestaan daar min uitdrukkingswyses vir gevoelens van angstigheid en gevölglik kom die gevoelens tot uiting in psigosomatiiese simptome, aggressie en selfverdelende gedrag. Verduring as copingstrategie word meer deur swart as wit kinders gebruik. Boekaerts (1996) verklaar hierdie verskil ten opsigte van verskillende ouerskapstyle en noem dat ouers in Westerse kulture hul kinders leer om 'n probleem dadelik te hanteer en op te los, terwyl ouers in Afrika-kulture hul kinders leer om eers te wag en te kyk wat gebeur. Dit is 'n moontlike verklaring vir die swart kinders in die huidige ondersoek se gelatenheid as copingstrategie.

- **Die sesde doelstelling van die huidige studie was om vas te stel of daar verbande bestaan tussen die meetinstrumente wat hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag verteenwoordig.**

Uit die resultate blyk dit dat daar positiewe korrelasies bestaan tussen die hoogskaal (CHS-T) en aspekte van die selfkonsepskaal (PHCSCS), spesifiek die PH-T (totaaltelling), PH-2 (intellektuele en skoolstatus), PH-3 (fisiële voorkoms), PH-4 (angs), PH-5 (gewildheid) en PH-6 (geluk en tevredenheid). Snyder et al. (1991) rapporteer 'n korrelasie van 0.45 tussen hoop en selfesteem, wat goed vergelyk met die huidige bevindinge. Snyder et al. (1997) beweer dat hoopvolle gedagtes eiewaarde onderlê en voorspel. Die skrywers sê dat dit teoreties te wagte is dat hoop en selfesteem positief sal korreleer, maar dat die hoopkonstruksie die verband bepaal. In die huidige ondersoek bestaan daar 'n korrelasie tussen hoop en selfesteem, maar dit is onduidelik wat die oorsaaklikheid van die positiewe korrelasie is.

Alhoewel navorsing (Snyder et al., 1997; Suls & Fletcher, 1985; Tennen & Affleck, 1999) aandui dat daar verbande tussen hoop en copinggedrag bestaan, kon daar in die huidige ondersoek geen korrelasie tussen dié twee konstrukte gevind word nie. Die rede hiervoor is onduidelik, maar dit wil voorkom asof die CI se vyf subskale dalk nie die teoretiese onderbou van die hoopkonstruk weerspieël soos wat verwag sou word nie.

Positiewe verbande bestaan tussen die selfkonsepskaal (PH-2) en die copinggedragskaal (CI-Afl). Hierdie korrelasie dui daarop dat kinders wie hulself as intelligent en bevoeg sien waarskynlik eerder die positiewe copingstrategie van afleiding sal gebruik in plaas van negatiewe copingstrategieë. Daar bestaan ook negatiewe korrelasies tussen PH-1 en PH-T van die selfkonsepskaal en die aggressie-subskala van die copinggedragskaal. Soos bevind in die huidige ondersoek sal aggressiewe copinggedrag minder gebruik word deur kinders met 'n positiewe globale selfesteem wat gedragsbevoegdheid ervaar. Die huidige ondersoek het ook negatiewe korrelasies gevind tussen die selfvernietiging-subskala (CI-Selfv) van die copinggedragskaal en PH-1-, PH-2-, PH-6- en PH-T-subskale van die selfkonsepskaal. Hieruit word afgelei dat kinders wie 'n sterk globale selfesteem het, gedragsbekwaam voel, hulself as intelligent en bevoeg sien en oor die algemeen gelukkig en tevrede is, minder geneig sal wees om selfvernietiging as copingstrategie te gebruik.

- **Die sewende doelstelling van die huidige studie was om vas te stel in watter mate die operasionalisering van die hoopkonstruk en van selfkonsep/-esteem copinggedrag in hierdie ondersoek kan voorspel.**

Om te bepaal of copinggedrag wel deur hoop en selfesteem voorspel kan word is daar gebruik gemaak van 'n meervoudige regressie-ontledingsmodel wat op die huidige data toegepas is. Copinggedrag (CI) is beskou as die afhanklike veranderlike en hoop (CHS) en selfkonsep/-esteem (PHCSCS) as die onafhanklike veranderlikes of voorspellers. Die resultaat het hierdie 'voorspelling' bevestig deurdat daar gevind is dat hoop en sekere aspekte van selfesteem, soos in die huidige ondersoek gemeet, redelike voorspellers van copinggedrag is.

### 5.2.3 BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

- Volgens hierdie navorsing is dit die eerste keer dat 'n uitgebreide studie soos hierdie, met die CHS gedoen is.
- Met die huidige studie is daar gevind dat hoop en sekere aspekte van selfesteem goeie voorspellers van copinggedrag is.

- Hoewel die PHCSCS reeds 'n oubekende en vertroude skaal in psigologie is, is sy teoretiese samehang met die hoopkonstruksie en copinggedrag bevestig.
- Hierdie ondersoek bevestig die betroubaarheid en geldigheid van die CHS, PHCSCS en CI vir gebruik met Suid-Afrikaanse groepe.
- Die studie kan lei tot verdere navorsing met die drie konsepte, naamlik hoop, selfkonsep/-esteem en copinggedrag en veral die verband tussen hoop en coping.
- Die studie kan ook lei tot die daarstel van programme aan kinders en jongmense vir die aanleer en ontwikkeling van hoop, verbetering van selfbeeld en bemeesterding van positiewe copinggedrag.

#### **5.2.4 LEEMTES VAN HIERDIE STUDIE**

- Daar kon geen vergelykbare navorsingsresultate met betrekking tot die LECI se Coping Indicator-subskaal gevind word nie. Die huidige studie se resultate kon dus nie met ander resultate, behalwe Dise-Lewis (1988) se bevindings vergelyk word nie.
- Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar geen beskikbare studies wat die LECI (Dise-Lewis, 1988) en Children's Hope Scale (Snyder et al., 1997) gebruik het nie. Die resultate van die huidige studie kon dus nie met die van ander vergelykbare Suid-Afrikaanse groepe vergelyk word nie.
- Die studiepopulasie het slegs die Vaaldrifhoek verteenwoordig en was nie 'n ewekansige steekproef nie.
- Vraelyste was net in Afrikaans en Engels wat miskien 'n voordeel vir wit kinders ingehou het aangesien dit hul huistale is, terwyl dit die swart kinders se 3de taal is en dus nie die taal waarin hul emosies en ervarings verwoord kan word nie. Dit mag van die laer tellings deur swart kinders in die ondersoek verklaar.

#### **5.2.5 AANBEVELINGS**

Op grond van die bevindings van hierdie studie word die volgende aanbevelings vir verdere navorsing en ook vir die praktyk gemaak.

##### **5.2.5.1 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

- Meer navorsing moet gedoen word met die LECI, aangesien daar baie min literatuur oor die algemeen en geen Suid-Afrikaanse inligting ten opsigte hiervan bestaan nie.

- Verdere navorsing kan gedoen word oor die verband tussen hoop en selfkonsep asook tussen hoop en copinggedrag.
- Verdere navorsing is nodig oor die invloed van kultuur op hoop, selfesteem en copinggedrag.
- Die invloed van kulturele diversiteit op streserkenning, selfvernietiging en verduring as copingstrategieë kan verder ondersoek word.
- Verdere navorsing oor die verband tussen hoop, copinggedrag en algemene aanpassing is nodig.
- Navorsing oor die invloed van ouerskapstyle op copinggedrag moet verder ondersoek word.
- Die invloed van blootstelling aan misdaad/geweld op hoop, selfesteem en coping kan ondersoek word.

### **5.2.5.2 AANBEVELINGS VIR PRAKTISE IMPLEMENTERING VAN BEVINDINGE**

- Volgens Snyder et al. (1997) en Seligman (2002) kan hoopvolheid aangeleer en ontwikkel word. Op grond hiervan kan hierdie ondersoek verder uitgebrei word deur alle skole, kerke en gemeenskapstrukture te betrek sodat daar programme ontwikkel kan word wat hoop en ook 'n positiewe selfkonsep/-esteem en effektiewe copinggedrag/-strategieë by kinders kan vestig.
- Hoopvlakke, selfesteem en copinggedrag by kinders in spesiale onderrigskole kan bepaal word en op grond van die bevindinge kan daar ook programme ontwikkel word wat bogenoemde drie aspekte by hierdie kinders kan vestig.

### **5.3 SLOT**

Hierbo is die belangrikste gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit hierdie ondersoek gevloeи het, bespreek.

Die navorsing het deur middel van hierdie ondersoek baie geleer oor die praktyk van navorsing en die frustrasies wat daarmee gepaard gaan. Die eindproduk was die moeite werd en kan 'n belangrike bydrae lewer tot die ontwikkeling van die kinders in Suid-Afrika.

Hier is ook ontdek hoe belangrik dit is dat kinders van kleins af effektiewe copinggedrag sal aanleer. Hoop en 'n positiewe selfesteem is onmisbare veranderlikes wat 'n belangrike invloed het op die aanleer van positiewe copinggedragswyses.

## BIBLIOGRAFIE

- Aldwin, C.M. (2000). Stress, coping and development: An integrative perspective. New York: Guilford.
- Antonovsky, A. (1979). Health, stress and coping. Jossey-Bass: San Francisco.
- Boekaerts, M. (1996). Coping with stress in childhood and adolescence. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), Handbook of coping: Theory, research, application (pp. 452-484). New York: John Wiley.
- Bracken, B.A., Bunch, S., Keith, T.Z. & Keith, P.B. (2000). Child and adolescent multidimensional self-concept: A five-instrument factor analysis. Psychology in the schools, 37(6), 483-493.
- Burgess, A.W. Holmstrom, L.L. (1986). Adaptive strategies and recovery from rape. In R.H. Moos (Ed.), Coping with life stress: An integrated approach (pp. 353-365). New York: Plenum.
- Cohen, J. (1977). Statistical power analysis for the behavioural sciences. New York: Academic.
- Cooley, E. & Ayres, R. (1988). Cluster scores for the Piers-Harris Children's Self-Concept Scale: Reliability and independence. Educational and Psychological Measurement, 48(4), 1019-1024.
- Craig, G.J. (1996). Human Development (7<sup>th</sup> ed.). New Jersey: Prentice Hall.
- Coopersmith, S. (1967). The antecedents of self-esteem. San Francisco: W.H. Freeman.
- Dise-lewis, J.E. (1988). The Life Events and Coping Inventory: An assessment of stress in children. Psychosomatic Medicine, 50, 484-499.
- Du Toit, L. (2002). Selfkonsep, eethoudings, beleefde lokus van kontrole en obesiteit by 'n groep kinders in die Noordwes-Provincie. MA-skripsie. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Eisenberg, N., Fabes, R.A. & Guthrie, I.K. (1997). Coping with stress: The roles of regulation and development. In A. Wolchik & I.N. Sandler (Eds.), Handbook of children's coping: Linking theory and intervention (pp. 41-65). New York: Plenum.
- Ferrante, J. (1995). Sociology: A global perspective (2<sup>nd</sup> ed.). Belmont: Wadsworth.

Frydenberg, E. (1997). Adolescent coping: Theoretical and research perspectives. London: Routledge.

Gardiner, H.W., Mutter, J.D. & Kosmitzki, C. (1998). Lives across cultures: Cross-cultural human development. Boston: Allyn & Bacon.

Gerdes, L.G. (1988). Die ontwikkelende volwassene. Durban: Butterworths.

Groér, M.W., Thomas, S.P. & Shoffner, D. (1992). Adolescent stress and coping: A longitudinal study. Research in Nursing & Health, 15, 209-217.

Guindon, M.H. (2002). Toward accountability in the use of the self-esteem construct. Journal of counseling and development, 80(2), 204-215.

Hewitt, J.P. (2002). The social construction of self-esteem. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology (pp. 135-147). New York: Oxford.

Heyns, M.M. (2002). Selfkonsep en Coping by kinders met allergieë. MA skripsie. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Jones, D.R. (1986). What repatriated prisoners of war wrote about themselves. In R.H. Moos (Ed.), Coping with life stress: An integrated approach (pp. 397-405). New York: Plenum. ssss

Jordaan, W. & Jordaan, J. (1989). Mens in konteks. Johannesburg: Lexicon.

Kahneman, D., Diener, E. & Schwarz, N. (Eds.). (1999). Well-being: The foundations of hedonic psychology. New York: Russel Sage Foundation.

Kaplan, P.S. (2000). A Child's Odyssey: Child and adolescent development (3<sup>rd</sup> ed.). Belmont: Wadsworth.

Krantz, M. (1994). Child development: Risk and opportunity. Belmont: Wadsworth.

Kritzinger, A.M. (2002). Selfbeeld en Coping by kinders in die middelkinderjare met aandagtekort-hiperaktiwiteitsversteuring. MA skripsie. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Lazarus, R.S. (1999). Hope: An emotion and a vital coping resource against despair. Social Research, 66(5), 653-665.

Lefrancois, G.R. (2001). Of children: An introduction to child and adolescent development (9th ed.). Belmont: Wadsworth.

Lopez, S.J., Prosser, E.C., Edwards, L.M., Magyar-Moe, J.L., Neufeld, J.E. & Rasmussen, H.N. (2002). Putting positive psychology in a multicultural context. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology (pp. 700-712). New York: Oxford.

Louw, D.A., Louw, A.E. & Schoeman, W.J. (1993). Ontwikkelingsielkunde. In D.A. Louw & D.J.A. Edwards. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika (511-585). Johannesburg: Lexicon.

Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. (1996). Die middelkinderjare. In D.A. Louw. Menslike ontwikkeling (2de uitg.). (p. 325-388). Pretoria: Kagiso.

Lynn, M. & Snyder, C.R. (2002). Uniqueness seeking. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 395-408). New York: Oxford.

Marsh, H.W. & Yeung, A.S. (1998). Top-down, bottom-up and horizontal models: the direction of causality in multidimensional, hierarchical self-concept models. Journal of personality and social psychology, 75(2), 509-527.

Matthews, G. & Wells, A. (1996). Attentional processes, Dysfunctional coping, and Clinical intervention. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), Handbook of coping: Theory, research, application (pp. 573-601). New York: John Wiley.

McGuire, S., Manke, B., Saudino, K.J., Reiss, D., Hetherington, E. & Plomin, R. (1999). Perceived competence and self-worth during adolescence: A longitudinal behavioural genetic study. Child development, 70(6), 1283-1296.

Meyer, W.F. (1997). Die egosielkundige teorie van E. Erikson (1902-1980). In W.F. Meyer, C. Moore & H.G. Viljoen. Personologie: Van individu tot ekosisteem. (p. 213-240). Johannesburg: Heinemann.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. (1996). Ontwikkelingsteorieë. In D.A. Louw. Menslike ontwikkeling (2de uitg.). (p. 51-99). Pretoria: Kagiso

Middel, A.M. (2000). Die verband tussen selfbeeld en psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat middelkinderjare. MA skripsie. Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Myers, D.G. (2001). Towards a more positive psychology. Retrieved February 6, 2002 from the World Wide Web:

<http://www.davidmyers.ag/happiness/positive.html>

Naude, E. (2001). Psigologiese weerbaarheid by kinders in die laatmiddelkinderjare. MA skripsie. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Peterson, C. & Steen, T.A. (2002). Optimistic explanatory style. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 245-256). New York: Oxford.

Phinney, J. (1996). When we talk about American ethnic groups, what do we mean? American Psychologist, 51(9), 918-927.

Piers, E.V. (1984). Piers-Harris Children's Self-Concept Scale - Revised manual. USA: WPS.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1993). Psigologie Woordeboek (2de uitg.) Johannesburg: Lexicon.

Roberts, M.C., Brown, K.J., Johnson, R.J. & Reinke, J. (2002). Positive psychology for children: Development, prevention and promotion. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 663-675). New York: Oxford.

Salovey, P., Bedell, B.T., Detweiler, J.B. & Mayer, J.D. (1999). Coping intelligently: Emotional intelligence and the coping process. In C.R. Snyder (Ed.), Coping: The psychology of what works. (pp. 141-164). New York: Oxford.

Salovey, P., Mayer, J.D. & Caruso, D. (2002). The positive psychology of emotional intelligence. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 159-167). New York: Oxford.

Santrock, J.W. (1996). Child development (7th ed.). Chicago: Brown & Benchmark.

Schwarzer, R. & Schwarzer, C. (1996). A critical survey of coping instruments. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), Handbook of coping: Theory, research, application (pp. 107-132). New York: John Wiley.

Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive Psychology: An introduction. American Psychologist, 55(1), 5-14.

Seligman, M.E.P. (1999). Martin Seligman on Optimism and Positive Psychology. Retrieved February 6, 2002 from World Wide Web: <http://www.eqtoday.com/seligman.html>

Seligman, M.E.P. (2002). Authentic Happiness. New York: Free Press.

Simola, S.K. & Holden, R.R. (1992). Equivalence of computerized and standard administration of the Piers-Harris Children's Self-Concept Scale. Journal of Personality Assessment, 58(2), 287-294.

Skinner, E.A. & Wellborn, J.G. (1997). Children's coping in the academic domain. In S.A. Wolchik & I.N. Sandler (Eds.), Handbook of children's coping: Linking theory and intervention. (pp. 387-422). New York: Plenum.

Smit, G.J. (1991). Psigometrika. Pretoria: HAUM.

Snyder, C.R. (2000). Genesis: The Birth and Growth of Hope. In C.R. Snyder (ed.), Handbook of Hope: Theory, Measures & Applications. (pp. 25-38). San Diego: Academic Press.

Snyder, C.R., Cheavens, J. & Michael, S.T. (1999). Hoping. In C.R. Snyder (Ed.), Coping: The Psychology of what works. (pp. 205-231). New York: Oxford.

Snyder, C.R. & Dinoff, B.L. (1999). Coping: Where have you been? In C.R. Snyder (Ed.), Coping: The psychology of what works. (pp. 3-19). New York: Oxford.

Snyder, C.R., Feldman, D.B., Shorey, H.S. & Rand, K.L. (2002a). Hopeful choices: A school counselor's guide to Hope theory. Professional School Counseling, 5(5), 298-308.

Snyder, C.R. et al. (1997). The development and validation of the Children's Hope Scale. Journal of Pediatric psychology, 22(3), 399-421.

Snyder, C.R. et al. (1991). The will and the ways: Development and validation of an individual-difference measure of hope. Journal of Personality and Social Psychology, 60(4), 570-585.

Snyder, C.R., Rand, K.L. & Sigmon, D.R. (2002b). Hope Theory: A member of the positive psychology family. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 257-276). New York: Oxford.

Sorensen, E.S. (1993). Children's stress and coping: a family perspective. New York: Guilford Press.

Strack, F., Argyle, M. & Schwarz, N. (Eds.). (1991). Subjective Well-being: An interdisciplinary perspective. Oxford: Pergamon Press.

Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: From salutogenesis to fortogenesis. South African Journal of Psychology, 25(2), 81-89.

Suls, J. & Fletcher, B. (1985). The relative efficacy of avoidant and nonavoidant coping strategies: A meta-analysis. Health Psychology, 4, 249-288.

Tennen, H. & Affleck, G. (2002). Benefit-Finding and Benefit-Reminding. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), Handbook of positive psychology. (pp. 584-597). New York: Oxford.

Van Der Westhuizen, J.P. (1989). Opvoedkundige sielkundige temas vir onderwysstudente. Durban: Butterworths.

White, J.L. (1984). The psychology of blacks: An Afro-American perspective. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Wissing, M.P. (2000, May). Wellness: Construct clarification and a framework for future research and practice. Paper presented at the 1st South African National Wellness conference: Port Elizabeth.

Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (1997). Psychological well-being: A fortigenic conceptualization and empirical clarification. Paper at the 3rd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa: Durban.

Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (2002). Empirical clarification of the nature of psychological well-being. South African Journal of Psychology, 32(1), 32-44.

Zeidner, M. & Endler, S. (Eds.). (1996). Handbook of coping: Theory, research, application. New York: John Wiley.

Zuckerman, M. (1990). Some dubious premises in research and theory on racial differences: Scientific, social, and ethical issues. American Psychologist, 45, 1297-1303.

Zwick, W.R. & Velicer, W.F. (1986). Comparison of five rules for determining the number of components to retain. Psychological bulletin, 99(3), 432-442.



**UMnyango Wezefundo**  
**Department of Education**

**Lefapha la Thuto**  
**Departement van Onderwys**

---

**TO : WHOM IT MAY CONCERN:**  
LAERSKOOL SUIKERBOS  
LAERSKOOL VRYHEIDS MONUMENT  
LAERSKOOL SONLANDPARK  
LAERSKOOL UNITASPARK  
LAERSKOOL HANDHAWER  
MILTON PRIMARY SCHOOL

**FROM : L.W.C. HENDERSON**

**DATE : 15 AUGUST 2002**

**RE : RESEARCH PROJECT FOR PRIMARY SCHOOLS IN SEDIBENG EAST**

---

Mr. L.W.C. Henderson, District Director of Sedibeng East (D7) has granted permission to Miss Ronél Pretorius to conduct research at the above-mentioned schools in the district.

Miss Pretorius is enrolled at the local university for a Masters degree in Psychology and she needs to conduct empirical research on the Psychological well-being of children in their mid teens.

Permission has been granted to Miss Pretorius to conduct the research on the following conditions:

- That the research does not extend until the last school term
- That the Department of Education will be furnished with a bound copy of the finished research
- That the senior manager and the SGB of each of the institution
- That Curriculum time will not be infringed on



**L.W.C. HENDERSON**  
**DISTRICT SENIOR MANGER: SEDIBENG EAST (D7)**

---

Office of the District Senior Manager  
1a Blesbok Street, Vereeniging, 1930 Private Bag X05, Vereeniging 1930  
Tel: (016) 430 9309 Fax: (016) 430 9367

**BYLAAG B**

(016) 423 2053

Henrystraat 83  
RISIVILLE  
1929  
4 Desember 2003

Heil die Leser

Ek bevestig hiermee dat ek die verhandeling geskryf deur Ronél Pretorius taalversorg het en ook die vraelyste vertaal en vereenvoudig het om geskik te wees vir gebruik by kinders.

Die uwe

*Beukes*

Linda Beukes  
BA Honns (Toegepaste Linguistiek)